

SUGGESTIE AS FAKTOR IN DIE CHRISTELIKE
EREDIENS MET BESONDERE VERWYSING NA
DIE GEREFORMEERDE-, PENTEKOSTALISTIESE- EN
NEO-PENTEKOSTALISTIESE TRADISIES. 200 ✓

deur

700
CARL WILHELM LEHMKÜHL.

Ingehandig by die

Sub
FAKULTEIT TEOLOGIE

van

Mari Corp
DIE UNIVERSITEIT VAN DURBAN-WESTVILLE

as gedeeltelike voldoening aan

die vereistes tot die voltooiing

van die kursus vir die graad

DOCTOR THEOLOGIAE

DURBAN, 1990 [S.1] [S.2]

Studieleier:

Prof. N. A. C. Heuer

Medestudieleier:

Prof. W. A. Krige

VOORWOORD

Hierdie verhandeling is die resultaat van studies wat deur my aangepak is om 'n bydrae te lewer in die gesprek om die vraagstuk van 'n meer sinvolle Christelike erediens. Die onderwerp van studie is na my wete uniek daarin dat niemand uit 'n teologies-kommunikatiewe oogpunt suggestie as verduideliking van verskynsels in die erediens nagevors het nie.

Die empiriese ondersoek het die vermoede bevestig dat die mens se verstaan en belewenis van die erediens deur méér as die woordelike kommunikasie bestaan. Onbewuste belewing van verskeie kommunikasiefaktore dra alles by tot die finale gedrag van die individu tydens en as gevolg van die erediens. Hierdie ondersoek is onder Gereformeerde, Penetekostalistiese en Neo-Pentetekostalistiese groepe gedoen.

Waar inligting van ander skrywers oorgeneem is en hulle eie woorde, die argumentasie en gedagtegang versterk, is aanhalings direk in Engels aangehaal. Erkenning word aan skrywers gegee deur eindnotas wat aan die einde van die laaste hoofstuk geplaas is. 'n Volledige bronnelys wat geraadpleeg is, word in die "Bronnelys" gegee. Vir advies oor die statistiese verwerking moet erkenning aan Professor H S Steyn van die Statistiese Konsultasie diens aan die Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, gegee.

God se genadige ingrype in my persoonlike lewe asook dat Hy my in staat gestel het om hierdie werk te voltooi, word hiermee erken. Dank vir hulp met die fisiese insameling van navorsingsdata word aan die volgende persone betuig: Menere J Coetzee, P Williams en J Fourie wat saam met sy vrou ook met die verwerking van data behulpzaam was. Dank ook aan Mnr T Kritzinger wat 'n rekenaarprogram geskryf het om die data te verwerk.

Ook word mnr T Ackermann, S Horn, J Jacobs en P Taljaard bedank vir finansiële steun om vraelyste te dupliseer en waarnemers te vergoed. Mevrouw Kotie Viljoen het die dokument vir spel- en taalfoute geïnspekteer. Ook aan haar 'n besondere woord van dankbaarheid. Laastens word die studieleiers, professore N A C Heuer en W A Krige wat verseker het dat wetenskaplike prosedure gevolg word, bedank.

Die hoop word uitgespreek dat hierdie werkstuk ook verdere studie in dié veld sal stimuleer, sodat die ere diens waarlik sinvol en tot eer van God sal plaasvind. So sal die Kerk, waarlik Kerk wees.

oo0oo

UITTREKSEL

Die doel van hierdie studie is om die kommunikasiemodelle waarmee die Kerk werk, te evalueer en indien nodig 'n alternatiewe model te ontwerp. Die kritiek teen die erediens vra dat die Kerk in die lig van die mens van sy tyd, weer sal besin oor sy doen en late.

Die teiken van die studie is die Christelike erediens en afgebaken as gerig op die hoofstroom van Protestantse denke wat in Suid-Afrika voorkom. Dit kyk in besonder na Gereformeerde-, Pentekostalistiese- en Neo-pentekostalistiese kerkgroepe.

Die kerkgeskiedenis toon dat die Kerk op baie dwaalweë beland het, en dat God telkens deur spesifieke hervormings sy Kerk weer oppad bring. In die lig hiervan moet die Kerk nou die regte vrae vra om korrekte antwoorde vir die een-en-twintigste eeu te vind. Die aktualiteitskrisis waarin die liturgie sigself bevind vra dat die voorganger tydens eredienste, eerlik 'en met entoesiasme in die aanbidding sal voorgaan. Hierdie persoon sal egter versigtig moet oplet dat hy nie God se werk probeer produseer of namaak nie. Hy moet in die wisselwerking van kommunikasie tussen mense onderling en tussen God en mens, as instrument in God se hand die gemeente in aanbidding lei. Om hierdie rede word daar getrag om beginsels wat die kommunikasie in die erediens beheer, te formuleer.

Die belang van hierdie studie lê op die vlak dat dit trag om die baie komplekse gebeurtenis van kommunikasie tydens 'n erediens te verstaan. Die besondere dinamiek van die Christelike erediens is beide uniek en algemeen. Uniek, omdat die Here Jesus Christus deur die erediens in besonder by sy kinders teenwoordig is, en God genadiglik in mense se lewens ingryp en hierdeur 'n baie ideale kommunikasie moontlik maak. Algemeen, omdat dit in die normale alledaagse kommunikasiemiddele is, dat die erediens beleef

word. Die individu wat die erediens bywoon sal dus deur die normale tussenmenslike kommunikasie tot begrip vir die spesifieke situasie gebring word.

Die studie ontwerp ook 'n meetinstrument in die vorm van bepaalde vraelyste om dit wat die mens tydens erediensle beleeft, te identifiseer. Dit kom tot die konklusie dat die erediens so ingerig moet wees dat die mees ideale situasie vir effektiewe kommunikasie daar gestel word.

oo0oo

ABSTRACT

The aim of this study is to examine the communication models with which the church works and if necessary, to create an alternative model. The criticism of the worship service requires that the church rethinks her activities.

The target of the study is the Christian worship service as seen in the main stream of Protestant thinking in South Africa. In particular it looks at the Reformed-, Pentecostal- and Neo-pentecostal churchgroups.

Church history shows that the church often gets involved with heresy, and that God ever so often brings His church back through specific reformations. In the light of this, the church should ask the right questions now to be able to give the right answers in the twenty first century. The liturgical crisis requires that ministers should lead worship with honesty and enthusiasm. Ministers will have to be careful not to try and produce or imitate God's work, but through the interaction between the people themselves and between God and his people, to be an instrument in God's hand. Therefore this study suggests principles which governs the communication in the worship service.

The importance of this study lies in the fact that it tries to understand the very complex situation of communication in the Christian worship service. These peculiar dynamics is both unique and general. Unique, in the sense that the Lord Jesus Christ is present amongst His children, that God through grace intervenes in the lives of people and by this makes the most ideal communication possible. Generally, in the sense that it is through common everyday communication skills, that the worship service is experienced. The individual who attends the service will come to a specific understanding of the situation, through the normal human communication process.

This study also designed a measuring device in the form of questionnaires to identify what people experience during the worship service. It comes to the conclusion that ministers must set up the most ideal situation for effective communication during services.

oo0oo

INHOUDSOPGAW

	Bl.
Voorwoord	1
Uittreksel	3
Abstract	5
Hoofstuk 1 Die probleem van die Kerk in sy besinning oor die dinamika van die Chris- telike erediens	9
* Die probleem omskryf	9
* Doelstellings van hierdie studie	11
Deel I SUGGESTIE BINNE DIE EREDIENS IN TEORE- TIESE PERSPEKTIEF	14
Hoofstuk 2 Omskrywing van begrippe in die titel van hierdie skripsie	15
* Die Christelike erediens as teiken van hierdie ondersoek	15
* Die studieveld van hierdie navorsing	16
* Suggestie as werksterm vir die studie	20
Hoofstuk 3 Verduideliking van gebeure in die Christelike erediens aan die hand van bepaalde teorie	48
* Onkritiese meedoen aan 'n bepaalde groep se optrede as verskynsel in die erediens	48
* Verskynsels in die Christelike erediens wat gewoonlik aan die bonatuurlike en mistieke werking van God toegeskryf word	51
* Alternatiewe verduideliking van die gebeure tydens die Christelike erediens vanuit 'n suggestologiese oogpunt	57
* Alternatiewe model vir die kommuni- kasie tydens die Christelike erediens	72
* Teologiese evaluasie van die suggesto-	

logiese verduideliking van die gebeure tydens die erediens	79
* Beginnels wat die kommunikasie tydens die Christelike erediens beheer	81
<i>Deel II SUGGESTIE BINNE DIE EREDIENS IN PRAK-TIESE PERSPEKTIEF</i>	86
<i>Hoofstuk 4 Die metodiek wat in die empiriese ondersoek gevolg is</i>	87
* Vraelys 1	87
* Vraelys 2	92
* Vraelys 3	97
* Lootsprojek	110
<i>Hoofstuk 5 Evaluasie van die data wat in die navorsing verkry is</i>	112
* Die Gereformeerde tradisie	113
* Die Pentekostalistiese dradisie	130
* Die Neo-Pentekostalistiese	148
* Opsommende gevolgtrekking	165
<i>Hoofstuk 6 Die Christelike erediens - Quo Vadis?</i>	180
<i>Eindnotas</i>	189
<i>Bronnelys</i>	199

oo0oo

HOOFSTUK 1

DIE PROBLEEM VAN DIE KERK IN SY BESINNING OOR DIE DINAMIKA VAN DIE CHRISTELIKE EREDIENS

1. INLEIDING

Die Christelike Kerk se voortbestaan is in die hand van die Almagtige God wat sy ekklesia as 'n eskatologiese gemeenskap¹ in die lewe geroep het. Hierdie voortbestaan is die rede vir die kruisgebeure² en sal die Christus die wat aan Hom behoort, kom haal.³ Dit is egter ook waar dat die kerkgeskiedenis bewys het dat die Kerk maklik op 'n dwaalspoor beland. Slegs deur spesifieke hervormings word die Kerk as ware Kerk uitgewys. Die Kerk van Christus moet die regte vrae nou vra, om korrekte antwoorde te vind vir die bepaalde tydsgewrig van die een-en-twintigste eeu wat reeds aangebreek het.⁴

In 'n poging om die regte vrae nou te vra, word hierdie studiestuk aangebied. In hierdie inleidende hoofstuk word die motivering vir die studie aangebied. Die roete wat gevolg word, word oorsigtelik aangedui om so die probleemstelling en doelstellings vir die studie nader te omskryf.

2. DIE PROBLEEMSTELLING OMSKRYF

Die vraag wat in hierdie studie ter sprake kom deel met die probleem waarmee die Christelike Kerk in sy liturgiese lewe worstel. Dit is 'n aktualiteitsprobleem,⁵ wat beide interne (dit is vanuit kerklike kringe) én eksterne (dit is nie-kerklik) kritiek ontlok. Kritiek wat beide verstaan en waarvoor 'n antwoord gebied moet word.

Vanuit eie geledere in die Kerk word die sinvolheid van die erediensgebeure en in besonder die prediking as irrelevant⁶ beskou. Die verband tussen Bybelse uitsprake en

kerklike aktiwiteite word moeilik met die eise van die industriële samelewing⁷ versoen. Van buite die kerk word daar in die lig van sekularisasie en die moderne mens se lewensbeskouing en lewensomstandighede⁸ 'n groot vraag oor die bestaansreg van die Kerk en sy eredienshandeling gevra.

Aan die een kant word sekere denominasies beskuldig dat die erediens wat hulle voorstaan "dood", nie-aktueel en 'n blote seremonie is, terwyl ander weer van opsweping en emosionalisme veroordeel word. Die probleem word in die lig van die verbetering en die toename in tegniese kommunikasiekundigheid vererger. Die televisiebuis en die vermoë daarvan om die mens se lewe radikaal te beïnvloed, bring die nut van die erediens onder verdenking. Hierdie invloed is as gevolg van die passiewe rol wat die kyker in die televisiekykproses speel. Die snelle afwisseling van fiksie, nuus en sport bring noodwendig 'n verwarring tussen fiksie en werklikheid by die mens mee. Verder kan die kyker nie deelneem aan aktiwiteite en/of die kommunikasie nie. Hy is bloot 'n toeskouer wat vermaak word. Daarom sal dié mens negatief teenoor die erediens staan. Die mens van die 1990's se lewe word alhoemeer deur passiwiteit gekenmerk.

Die Kerk moet weer na die kommunikasiemodelle waarmee dit werk, kyk. Gebeure en verskynsels in die erediens moet geëvalueer word terwyl kommunikasie- en aanbiddingsmodelle omskryf word, sodat die liturg in staat sal wees om wanpraktyke te vermy en die een-en-twintigste-eeuse mens tot sinvolle aanbidding te lei. Die vraag onder bespreking kan op die volgende wyse geformuleer word: Wat is die dinamika,⁹ die energie komponente wat in wisselwerking tot mekaar in die erediens staan? Eenvoudig gestel, wat gebeur in en deur mense in die erediens?

Die een term wat in hierdie studie ter sprake sal kom is die begrip "suggestie" wat as breë omskrywingsterm die spesifieke punt van ondersoek sal vorm. Met dié voorneme

gestateer kan die doelstelling van hierdie studie omskryf word.

3. DIE DOELSTELLING VAN HIERDIE STUDIE

Die oorkoepelende doel wat vir die studie gestel word, is om aan te dui dat God in die natuurlike prosesse van tussenmenslike kommunikasie en verhoudinge die mens in die Christelike erediens tot sinvolheid en volheid van lewe lei. Hierdie doelstelling erken beide die bonatuurlike Goddelike werking, en menslike betrokkenheid in die erediens. Goddelike werking daarin dat God deur die erediens die mens in besonder ontmoet¹⁰ en met die mens in gesprek tree. Hierdeur kan die mens tot sinvolle lewe gelei word. Dit erken ook menslike deelname daarin dat die mens in die erediens God se teenwoordigheid vier.¹¹ Dit evalueer die gebeure tydens die erediens, om dit wat daar hoort te komplimenteer en versterk, maar wanpraktyke te kritiseer en bloot te lê.

Soos reeds vermeld sal die begrip "suggesie" as 'n werksterm gebruik word om die oorkoepelende doelstelling te bereik. Die werkstruktuur van hierdie verhandeling kan in subdoelstellings as volg geformuleer word:

* Deel I van die studie sal trag om uit 'n teoretiese perspektief 'n basis vir die beoogde navorsing te formuleer. Om die gestelde oogmerke van hierdie studie te verwesenlik sal die begrippe wat ter sprake kom en die teoretiese verklarings vir verskynsels binne die erediens, onder oë geneem word.

In hoofstuk 2 word die begrippe in die titel van hierdie verhandeling omskryf. Dit is dan ook veral die term "suggesie", wat gedefinieer word om te toon dat baie gebeure tydens erediens aan menslike toedoen, beskryf kan word. Dat God egter in die menslike bestaan ingryp is 'n Bybelse feit wat nie ontken kan word nie. Daarom was dit

ook nodig om die doel na te strewe om beginsels vir die kommunikasie tydens die erediens, te formuleer.

Hoofstuk 3 beskryf verskeie teorieë wat die verskynsels in die erediens verduidelik. Hierdie teorieë lei daartoe om te verklaar dat baie gebeure en verskynsels in die Christelike erediens op grond van 'n suggestologiese uitgangspunt verduidelik moet word. Hierna word 'n alternatiewe kommunikasiemodel vir die Christelike erediens voorgestel. Hierdie model neem beide menslike deelname, en Goddelike ingrype in die kommunikasie tydens die erediens inag. Dit baan die weg om vanuit die suggestologiese perspektief na die praktyk van erediensbeoefening te kyk. Beginsels wat die gebruike en gebeure tydens die erediens moet beheer, word hierna geformuleer. Indien hierdie beginsels deur die voorganger toegepas word, sal daar groter vertroue by die kerklike publiek en buitestaanders in die Kerk en sy aktiwiteite wees.

Met hierdie uitgangspunt tot die erediens sal die Kerk die regte vrae nou vra, sodat die mens van die een-en-twintigste eeu, met die evangelie van Christus Jesus bedien kan word. Deel I lê die teoretiese basis sodat die praktiese situasie binne die erediens ondersoek kan word.

* Deel II van die studie is gemoeid met die evaluasie van die praktyk, van dit wat in die Suid-Afrikaanse kerklike lewe gebeur. Die Gereformeerde-, Pentekostalistiese- en Neo-pentekostalistiese tradisies word afsonderlik geëvalueer.

Hoofstuk 4 beskryf die navorsingsinstrumente wat vir die insameling van die data gebruik is. Dit toon hoedat die geformuleerde beginsels van hoofstuk 3 aan die hand van hierdie vraelyste, betekenisvolle insette vir die praktiese erediens gelewer kan word. Die vraelyste is ontwerp om die belewenisaspek van die diensganger te ondersoek.

Hoofstuk 5 evalueer die data wat ingesamel is. Die resultaat van hierdie ondersoek het die vermoede bevestig dat die mens se verstaan en belewenis van die erediens deur méér as die woordelikse kommunikasie bestaan. Onbewuste beleving van verskeie kommunikasiefaktore dra alles by tot die finale gedrag van die individu tydens en as gevolg van die erediens.

In Hoofstuk 6 word die finale konklusie waartoe die studie kom, beskryf. Dit beveel aan dat Kerkleiers die gemeentes wat onder hulle sorg staan, sal onderrig ten opsigte van wat in die erediens gebeur. Die sinvolle aanbidding van die gemeente sal die eer van God in en deur die erediens bevestig.

Met dié werkstruktuur lei die eerste deel van die studie die bespreking, oor die rol van suggestie in die Christelike erediens, in. Daar word nou na suggestie binne die erediens, vanuit 'n teoretiese perspektief, gekyk.

oo0oo



DEEL I

SUGGESTIE BINNE DIE EREDIENS IN TEORETIESE PERSPEKTIEF

Dit is van kardinale belang dat 'n teoretiese basis vir die beoogde navorsing geformuleer moet word. Vanuit so 'n basis kan beginsels wat ter sprake is, uitgewys word. Om die gestelde oogmerke van hierdie studie te verwesenlik, sal daar in hierdie eerste deel van die navorsing aan die beskrywing van begrippe en teoretiese verklarings vir verskynsels, aandag gegee word.

Die titel van hierdie skripsie sal in hoofstuk 2 omskryf word. Op grond van hierdie begrippe vir die kommunikasiesituasie, word daar in hoofstuk 3 na verskeie teorieë wat 'n verduideliking vir dit wat in die erediens gebeur, gekyk. Hierna sal 'n alternatiewe kommunikasiemodel vir die Christelike erediens voorgestel word.

oo0oo

HOOFSTUK 2

OMSKRYWING VAN BEGRIPPE IN DIE TITEL VAN HIERDIE SKRIPSIE

1. INLEIDING

Die oogmerk van hierdie hoofstuk is om die begrippe in die volgende titel te omskryf: SUGGESTIE AS FAKTOR IN DIE CHRISTELIKE EREDIENS MET BESONDERE VERWYSING NA DIE GEREFORMEERDE-, PENTEKOSTALISTIESE- EN NEO-PENTEKOSTALISTIESE TRADISIE.

Die studie is gerig op die Christelike erediens wat as teiken van die studie omskryf sal word. Hierna sal die verskillende kerklike tradisies wat onder bespreking sal kom, geïdentifiseer en afgebaken word om dan die begrip "suggestie" te verduidelik.

Die teiken van die studie moet eerstens omskryf word.

2. DIE CHRISTELIKE EREDIENS AS TEIKEN VAN HIERDIE ONDERSOEK

Die Christelike erediens word gekenmerk deur die feit dat dit (die erediens) die gemeenskap van gelowiges, die gemeente as Kerk van Christus uitdruk.¹ In die wisselwerking tussen God en mens in die Christelike erediens word die Kerk gerealiseer, verklaar die Kerk haar wese, word die Kerk sigbaar. Hierdie korporele aksie² toon aan die wêreld wat dié bepaalde gemeente met betrekking tot God glo. Die gemeentesamekoms is dus telkens 'n teologiese uitspraak, 'n geloofsverklaring wat gemaak word. Daarom kan J-J von Allmen aanbidding in die Christelike erediens met die term "recapitulation"³ beskryf, waaraan hy die betekenis van "bevestig" of "herhaal" koppel.

In hierdie studie gaan dit om dit wat in die erediens

gebeur. Watter kragte is hier ter sprake? Watter wanpraktyke moet vermy word? Wat behoort versterk te word? ensovoorts.

Omdat die Christelike erediens 'n teologiese uitdrukking is van dit wat die gemeente glo, moet die kerklike denkrigtinge wat ondersoek gaan word, afgebaken word. Die Christelike erediens is die teiken van hierdie studie, terwyl die onderstaande kerklike tradisies as die studieveld bestudeer gaan word.

3. DIE STUDIEVELD VAN HIERDIE NAVORSING

Die studieveld van die navorsing word beperk tot die hoofstroom van die Protestantse denke wat in Suid-Afrika voorkom. Protestantse, genoem na aanleiding van die protesgroepe wat tydens die reformasie ontstaan het.⁴ Hierdie hoofstrome is die Gereformeerde-, Pentekostalistiese- en Neo-pentekostalistiese tradisies. Die begrip "tradisie" word gebruik om aan te toon dat die spesifieke benadering, breë kenmerke wat van die ander groepe verskil, handhaaf. Die Neo-pentekostalisme kan nie as 'n tradisie ten opsigte van tyd beskou word nie, aangesien dit slegs van ongeveer 1960 bestaan, maar toon bepaalde kenmerkende eienskappe wat eie aan die groep is.

Elk van hierdie tradisies word in verskeie kerkgenootskappe verteenwoordig, en daarom sal 'n fyner afbakening nodig wees. Die tradisies se besondere benadering in die erediens word hoofsaaklik as gevolg van 'n kenmerkende teologiese uitgangspunt bepaal. In die lig van hierdie teologiese uitgangspunt moet die tradisies afsonderlik beskryf word.

3.1. DIE GEREFORMEERDE TRADISIE VAN PROTESTANTSE DENKE

As gevolg van die reformatore se wegbreek van die Roomskatolisisme en in besonder Martin Luther,⁵ Ulrich Zwingli en Johannes Calvyn,⁶ het 'n teolo-

giese raamwerk ontstaan wat verreikende implikasie vir die erediens sou hê. Hulle werk staan as monumente vir die voortbestaan van die ware Kerk, in teenstelling met wanpraktyke wat ontstaan het.

Dit gaan in alles en ook in die erediens vir die Gereformeerde in die eerste plek om God en dit wat Hom behaag.⁷ Die gemeente is nie as institusie die weg waarlangs die heil oorgedra word nie, maar is juis die ontvangers van Gods heil. Daarom moet God sentraal in die erediens staan. Die erediens word dus die belewenis⁸ en viering van die heilsgeskiedenis. God se handeling in Christus om die wêreld met Homself te versoen, en die versoening aan die mens te gee, word die kern van die erediens.

Dit volg logies dat die Bybel die enigste verwysings-bron vir lewe en die erediens sal wees. Die hoofklem van die erediens is dan ook die prediking, waardeur God aan die woord kom. Dit is prediking wat deur die gemeente verstaan word⁹ en kan Luther die prediker as die mondstuk van God beskou.¹⁰ Prediking van die Bybel saam met die voorlesing daarvan is as 'n enkele rubriek¹¹ in die erediens gesien. Die Bybel het dus die hele erediens beheers en is dit die kleed waarin God na die gemeente kom.¹²

Verder word geglo dat die Heilige Gees in beide die prediking en die gemeente werksaam is om die Bybel as die Woord van God te erken. God is dus direk deur die Heilige Gees by die erediens betrokke.

Met hierdie teologiese besonderhede as basis moet die gemeente nou in die erediens aan die gesprek met God deelneem. Dit geskied veral deur gebed, hetsy persoonlik of by monde van die voorganger, of deur samesang. Die samekoms van die gemeente word 'n plek waar die mens na God kan luister. Wat meer is, die

gelowige word as mondig¹³ beskou en kan selfstandig, direk tot God nader. Saam luister hulle na die Woord, saam deel hulle in gebed, skuld- en geloofsbelydenis, en saam vier hulle die nagmaal.

Hierdie teologiese benadering word deur verskeie denominasies in Suid-Afrika gehandhaaf. Wat die empiriese ondersoek betref, sal die Neder-Duitsgereformeerder- en 'n paar Baptiste Kerke onder die Gereformeerde tradisie as afbakeningsveld vir hierdie navorsing onder die soeklig kom.

Met die Gereformeerde tradisie as een pool moet daar ook na die Pentekostalisme in die Protestantse kerkegroep gekyk word.

3.2. DIE PENTEKOSTALISME IN PROTESTANTSE DENKE

Na die reformatoriese tydperk, en die ontwikkeling van verskillende teologiese beklemtoninge binne die Protestantisme, ontstaan verskeie groepe wat direk verband hou met die ontstaan van die Pentekostalisme. Die ontstaan van die heiligheidsbeweging¹⁴ en die teologiese invloed van die Metodisme waarin heiligheid deur 'n tweede genadewerk ontvang word, lê die basis vir Pentekostalisme.

Die ontstaan van die Pentekostalisme tydens 1900, word direk teruggevoer na die stigting van 'n Bybelskool, in Kansas in die Verenigde State van Amerika, deur Charles F. Parham.¹⁵ Die teologiese uitgangspunt van die groep is dat die Christen na bekering 'n doop met die Heilige Gees as 'n tweede genadewerk moet ondergaan. Die doop met die Heilige Gees word dan ook gekenmerk met die verskynsel van die spreek in tale.¹⁶ Die werk van die Heilige Gees, met die klem op die demonstrasie van die sogenaamde besondere gawes van die Heilige Gees, wat die gevolg is van die doop met die Heilige

Gees, vorm die basiese uitgangspunt in Pentekostalisme.

Uit die aard van die teologiese beklemtoning word die erediens onder Pentekostaliste so ingerig, dat veral die ervaring en belewenis van die mens tot sy reg kom. Aanbidding vir die Pentekostaliste behels 'n gehoorsame navolging van die Heilige Gees se leiding. Die liturg gee leiding maar altyd onderworpe aan die "ingewing" om die vryheid van die Gees se werking toe te laat.¹⁷

Die Pinksterdenominasies wat dié benadering volg sluit onder andere die Apostoliese Geloof Sending, Volle Evangelie- en Pinkster Protestantse Kerke in. Vir die doeleinde van die empiriese ondersoek sal gemeentes van Apostoliese Geloof Sending en Pinkster Protestantse Kerk ondersoek word.

'n Verdere ontwikkeling in die Protestantse Kerkgroep, is die onderskeid wat gemaak word tussen "klassieke Pentekostalisme" en die "Neo-pentekostalisme".¹⁸ Daarom moet ook die Neo-pentekostalisme nader omskryf word om die navorsingsveld af te baken.

3.3. DIE NEO-PENTEKOSTALISME IN PROTESTANTSE DENKE

Hierdie patroon van denke neem vorm aan en kan as 'n afsonderlike stroom in die teologie sedert die vroeë 1960's waargeneem word.¹⁹ Die teologiese uitgangspunt is as gevolg van en 'n uitbreiding op dit wat deur die Pentekostalisme²⁰ geleer en uitgeleef word.

Die benadering word veral gekenmerk deur die voorspoedigheidsleer (Engelse = Prosperity cult) wat hulle aanhang. Hierdie leer verkondig dat Christenskap geluk, gesondheid en materiële voorspoed waarborg. Uit hierdie denke en agtergrond word erediens so ingerig dat gebed vir siekes, die aanspraak op wondergenesing en die sukses in fondsinsameling as kenmerkend uitgewys

kan word.

Die groepe organiseer hulle self om die persoon van 'n predikant/geloofsgeneser. Groot aanbiddingsentra's word opgerig waarheen almal wat siek is of "wonderwerke" wil beleef, uitgenooi word. 'n Onlangse ontwikkeling onder die groepe in Suider Afrika is die stigting van 'n oorkoepelende samewerkings organisasie, die "International Fellowship of Christian Churches".²¹

Die spesifieke organisasies wat hier ter sprake is, is "Christian City", die Rhemakerk en verskillende sogenaamde "Christen Sentrum"-groepe. Hierdie groepe dien as finale grensafbakening vir hierdie studie en word opnames by 'n Baptistekerk en die Rhemakerk gedoen.

Met die afbakening van die studieveld en die teiken vir die navorsing bepaal, moet die spesifieke punt van navraag bepaal word. Soos reeds genoem²² word die begrip "suggestie" as werksterm gebruik. Daarom moet ook die begrip omskryf word.

4. SUGGESTIE AS WERKSTERM VIR DIE STUDIE

Reë aan die begin van hierdie omskrywing van suggestie as werksterm vir hierdie studie moet dit duidelik gestel word dat die begrip nie hier gebruik word as sou dit "voorstel", soos in die Engelse begrip "to suggest", beteken nie. Die begrip kan hoogstens verstaan word in die sin dat dit (suggestie) aan die individu wenke gee oor watter betekenis hy aan die totale kommunikasiesituasie moet heg.

Dit moet verder opgelet word dat die kommunikasiekunde die term "suggestie" ignoreer, terwyl dit deur navorsing in hipnose, hipnoterapie, suggestopedia en suggestologie as 'n faktor van kommunikasie uitgewys is. Die begrip wat in kommunikasiekunde naasteby dieselfde verskynsels as

suggestie²³ beskryf, is "nie-verbale kommunikasie".²⁴

Kommunikasie word vir die doeleindes van hierdie studie verstaan as die proses waardeur betekenisinhoud aan die individu uit die totale kommunikasiesituasie oorgedra word. Die beskrywing van kommunikasie veronderstel 'n dinamiese proses. Veranderinge in die persone en/of die omgewing het 'n radikale invloed op die betekenisinhoud wat die individue vertolk. Kommunikasie vir die persoon in die erediens veronderstel 'n voortdurende wisselwerking tussen die elemente²⁵ in die situasie.

Die pogings om suggestie in hierdie sin te verstaan en te omskryf, is tot op datum tot die Psigologiese ondersoek in die verskynsel van hipnose²⁶ en Suggestologiese navorsing beperk.²⁷ In die verband kan oorsigtelik²⁸ genoem word dat Wundt suggestie definieer as 'n verbintenis tussen bepaalde assosiasies en 'n eksterne indruk met 'n toename en konsentrasie van aandag met 'n gelyktydige afname in inhiberende invloede. Side het weer suggestie as 'n indringende idee gesien wat deur die individue as semi-outomatiese gedrag beleef word. McDougall het verklaar dat suggestie 'n proses is waardeur 'n bepaalde persoon 'n voorstel sonder enige logiese redes daarvoor aanvaar. Thorndike, Hilger en Bernheim het suggestie as 'n ideomotoriese proses gesien, waarvolgens elke idee wat nie deur eksterne onderbreking verwar word, dit self realiseer.

Freud en Ferenci verklaar suggestie aan die hand van oordrag (Engels = Transference), waarin 'n ondergeskiktheid wat voortvloei uit 'n ouer-kind verhouding tussen die een wat die suggestie maak en die ontvanger daarvan, dit self manifesteer. Benet en Coffin het aangetoon dat suggestie 'n komplekse proses met verskillende elemente is en selfs die moontlikheid dat verskillende soorte suggestie bestaan, voorgestel.

Dit sal waarskynlik moontlik wees om 'n versoening tussen

die verskillende omskrywings en verduidelikings te bewerk, maar of dié versoening bevredigende praktiese en toepasbare beginsels sal laat uitkristaliseer, is 'n ope vraag. Die voormelde definisie bring egter bepaalde insigte na vore wat in die huidige studie begrip vir die invloed van suggestie bevorder.

Om tot 'n toepasbare definisie vir suggestie in 'n teologiese-kommunikatiewe perspektief te kom, sal die beskikbare navorsingsresultate en hipotesesse geëvalueer moet word. Hierna kan die gegewens tot 'n toepasbare definisie lei.

L.A. Gouws (ed) et al in Psigologiewoordeboek²⁹ gee die volgende twee omskrywings vir die begrip:

"SUGGESTIE

1. Die proses waardeur een persoon 'n ander (sonder direkte argumente, opdragte of oorreding) kan beïnvloed om op 'n spesifieke wyse op te tree of om 'n spesifieke mening, geloof of plan van aksie te aanvaar.
2. Die verbale of ander kommunikasie wat as stimulus dien om 'n toestand van suggestievatbaarheid, bv. hipnose, te weeg te bring."

In hierdie omskrywings is die basiese uitgangspunt dat suggestie 'n faktor in kommunikasie is. Gouws toon verder aan dat suggestie verbaal of van 'n ander tipe kommunikasie kan wees. Dit gee 'n basiese vertrekpunt om die komplekse aard van suggestie te verstaan.

Met dié omskrywing en die voorafgaande oorsig oor wat suggestie vir navorsers is, kan die volgende afleiding gemaak word; SUGGESTIE IS 'N FAKTOR VAN KOMMUNIKASIE. Om egter bloot hierby te volstaan is 'n oorvereenvoudiging van 'n baie komplekse gebeurtenis.

Die volgende oorsig oor verskillende aspekte van die fenomeen van suggestie, kan lei tot 'n beter begrip daarvan. Daar sal eers na die faktore wat suggestie kenmerk gekyk word om dan die implikasies van die faktore te bespreek.

4.1. FAKTORE WAT EIE AAN DIE SUGGESTIEFENOMEEN IS

Die begrip "onbewuste" word telkens in die volgende paragrawe gebruik en verwys deurgaans, tensy anders gespesifiseer na die belewenis van die individu waaraan hy nie spesifiek aandag gee nie. Die stimuli uit die omgewing wat die persoon se konsentrasie en doelbewuste aandag vereis en afdwing word as "bewuste" in teenstelling met "onbewuste" verstaan.

'n Analise van resultate van die Psigoterapeutiese praktyk en navorsing in Suggestologie³⁰ toon dat suggestie bepaalde kenmerkende eienskappe manifesteer. Van die mees belangrikste eienskappe word hieronder bespreek.

4.1.1. Direkte gerigtheid.

Met dié faktor wat as eienskap van suggestie bespreek word, word die feit geïdentifiseer dat suggestie direk tot die funksionele gebiede van die verstand indring. Die logiese oorweging van inligting word geïgnoreer, terwyl direkte opwekking van intuitiewe gedrag plaasvind. Met suggestie word inligting direk in die funksionele gebied van die onbewuste gestort. Die bewuste neem slegs kennis van die uiteindelijke resultaat in gedrag, sonder dat die individu die aanleidende oorsake van die gedrag kan verduidelik.

Ross Buck³¹ stel in 'n artikel in die "American Behavior Scientist" die term "spontane kommuni-

kasie" voor vir dié verskynsel wat as 'n eienskap van suggestie uitgewys is. Hy beweer dat spontane kommunikasie in beide die sender en ontvanger biologiese gestruktureer is, omdat dit geen beplande (Engels = intentional) kommunikasie deur die sender asook geen verstandelike inmenging (Engels = inference) by die ontvanger vereis nie. Hy sê:-

"The receiver has direct access to the motivational emotional state of the sender."³²

Hierdie waarnemings word verder bevestig deur die konklusies van navorsing³³ in die funksies van, en funksionele verbintenisse tussen die linker- en regterhemisfere van die brein. Dit toon aan dat die linkerhemisfeer analities, rasioneel en logies, terwyl die regterhemisfeer irrasioneel, intuitief, esteties en sinteties fungeer. Dit is die regterhemisfeer van die brein wat vir die nie-verbale kommunikasie verantwoordelik is,³⁴ en sommige navorsers skryf die verskynsel van hipnose aan die funksies van die regterhemisfeer van die brein toe.³⁵

Buck voer verder aan dat spontane kommunikasie:-

"is based upon subcortical and paleocortical systems that tend to be rightlateralized in the brain, and it is associated in most persons with right-hemisphere cognitive processing."³⁶

Dié aanname lei tot die konklusie dat hierdie spontane kommunikasie vergelykbaar is met wat in hierdie studie as suggestie verstaan word. Daarom kan suggestie as die direkte kommunikasie met die

motiverende-emosionele breinfunksies, beskryf word. Die persoon neem die kommunikasie onbewustelik waar, terwyl dit nie slegs teenwoordig is nie, maar persone ook mitiveer.

Die implikasie van hierdie afleidings en konklusies is dat die term "suggestie" in beide Psigologiese- en Kommunikasiekundige navorsing vir hierdie verskynsel gebruik behoort te word. Dit sal lei tot 'n eenvormige gebruik van terme wat misvertand tot die minimum sal beperk. Dié term help ook om die gebeure in die erediens wetenskaplik te evalueer.

Of suggestie 'n sterker invloed as direkte oorreding, of verandering van bestaande gewoontes, of handeling wat normaalweg by die individu weerstand sou wek, kan bewerk, is te betwyfel. Dié saak sal onder die opskrif van "onbewuste waarneming" in die volgende perikoop bespreek word.

Die bokespreekte faktor gee aanleiding tot die volgende faktor van suggestie wat as eienskap bespreek word, naamlik dat suggestie outomatiese gedrag tot gevolg het.

4.1.2. Outomatiese gedrag.

Met dié begrip word gedrag bedoel wat nie deur doelbewuste denke voorafgegaan is nie. Soos in die vorige paragraaf genoem, wek suggestie intuïtiewe gedrag op. Hierdie outomatiese gedrag is egter nie beperk tot motoriese spieraktiwiteit nie; soos onder andere in sommige toetselemente van die Stanfordskaal vir hipnotiese suggestievatbaarheid,³⁷ maar sluit ook verstandsaktiwiteit soos die stoor van inligting in kort- en langtermyn

geheuebanke in. 'n Voorbeeld hiervan is die sukses wat behaal is in navorsing in Suggestopedia,³⁸ waarin studie onder andere deur middel van kunstgestimuleerde onderrig oorgedra word. Dit skep nie net 'n aangename atmosfeer tydens die ontvangs, memorisering en verstaan van die basiese inligting nie, maar skep die emosionele impetus, korrekte gesindhede, motivering en verwagting wat in die leersituasie nodig is.

As gevolg van die feit dat die waarneming van die regterbreinhemisfeer onlogiese en nie-woordeliks geformuleer kan word nie, is die reaksie op die onbewuste waarneming vir die individu outomaties van aard. Outomatiese gedrag soos hier bedoel, is "outomatiese" in soverre as wat die redes vir die bepaalde gedrag vir die individu onverklaarbaar is. Die motivering of redes vir 'n individu se gedrag is in die geheue beskikbaar, maar nie toeganklik nie. Studies in neuro-psigologie het die verskynsel van die sogenaamde "state-dependent learning"³⁹ wat per definisie outomatiese gedrag impliseer, geïdentifiseer. Hiervolgens is die individu se herroepingsvermoë beter indien dieselfde toestand waarin die individu geleer weer gerekonstrueer kan word.

'n Voorbeeld hiervan is wanneer 'n persoon sekere inligting onder verdowing aanleer, die kans om die inligting te herroep groter onder dieselfde verdowingstoestand is, as wanneer die persoon nugter is. Die outomatiese gedrag wat deur suggestie gemotiveer word, gaan dus nie gepaard met doelbewuste denke en besluite nie. Die motivering van die gedrag vind onbewustelik plaas en is daarom outomaties van aard.

In opsomming van die vordering wat in die verstaan van

suggestie, uit die bovermelde faktore gemaak is, blyk dit dat suggestie die direkte kommunikasie met die funksionele gebiede van die mens se onbewuste is. Suggestie as faktor in kommunikasie is nie gegrond op logiese argumente wat die persoon oortuig nie. Dit maak hoofsaaklik van intuïtiewe, emosionele en onbewuste sensoriese waarnemingskanale gebruik.

Suggestie as faktor in kommunikasie maak dus van onbewuste sensoriese kanale gebruik. Hierdie onbewuste waarnemingsvermoë van die mens moet in die lig van die kontroversiële aard van so 'n stelling nader omskryf word.

4.2. ONBEWUSTE WAARNEMING EN DIE IMPLIKASIE DAARVAN VIR DIE VERSTAAN VAN SUGGESTIE

Die beskrywende begrip "onbewuste-" in plaas van "subliminale waarneming" word vir die doeleindes van hierdie studie verkies aangesien die woord "subliminaal", inherent teenstrydige begrippe weergee.⁴⁰ Die kontroversiële gesprek rondom onbewuste (verkeerdelik as subliminaal beskryf) waarneming, word breedvoerig deur Dixon⁴¹ hanteer. Hy toon aan hoedat die relatief eenvoudige hipotese dat persone deur stimuli waarvan hulle onbewus is, beïnvloed kan word, deur verskeie faktore gekompliseer word. Faktore⁴² wat in die verband genoem kan word, is filosofies, psigologies, ekonomies, metodologies, statisties en eties van aard. Dit volg logies dat uiteenlopende verklarings en sieninge oor die saak van onbewuste waarneming sal geld.

Dit gaan dus in hierdie studie nie om die vraag of 'n persoon stimuli onder die bewussynsvlak KAN waarneem nie, maar dat die persoon om een of ander rede stimuli waarneem waarvan hy nie bewus is nie.⁴³ In die alledaagse bestaan van 'n bepaalde individu word die

persoon deur 'n magdom sensoriese stimuli gebombardeer. Van al die stimuli-inhoud soos visie, gehoor, reuk, smaak en tas waarmee die mens gekonfronteer word, gee die persoon slegs aandag aan die belangrikste stimuli wat reaksie vereis. Carl Jung toon aan⁴⁴ dat die ander stimuli wat oënskynlik vir die individu nie bestaan nie, tog die bewuste belewenis beïnvloed of die aandagspan onverwags kan binnedring.

Die navorsingsresultate in die gesprek oor onbewuste waarneming oortuig dat die mens oor 'n hoogs ontwikkelde meeluisteringsvermoë beskik. Dit waarborg optimale gereedheid vir aksie sodra dit benodig word. Sekere verskynsels is in die navorsing geïdentifiseer wat bepaalde implikasies vir die definisie van suggestie inhou. Die onderstaande omskrywing sal die implikasies uitwys.

4.2.1. Subsepsie.

Die eerste verskynsel wat in dié verband deur navorsers uitgewys is, is die sogenaamde subsepsie.⁴⁵ Subsepsie is volgens Carl Rogers⁴⁶ die klassifikasie van, en reaksie op, stimuli voordat of sonder dat dit 'n duidelike bewuste betekenisvorm aanneem. Dixon argumenteer⁴⁷ dat subsepsie 'n positiewe basis as verduideliking vir psigo-somatiese siektetoestande gee. Want, sê hy, indien eksterne stimuli waarvan die individu nie bewus is nie, reaksie ontlok, sal intern geproduseerde stimuli of emosiebelaaide idees ook reaksie ontlok. In dieselfde trant merk Carl Jung in verband met subliminale waarneming⁴⁸ op:

"These may be sense perceptions occurring below the stimulus-threshold of conscious hearing, or in the peripheral field of

vision; or they may be apperception, by which are meant perception of endopsychic or external processes."

Jung se stelling bevestig die verskynsel van subsepsie. Hierdeur gee hy ook insigte ten opsigte van die moontlikheid van suggestie as onbewuste waarneming wat die mens tot optrede motiveer of ten minste beïnvloed in sy reaksie op die stimuli uit sy omgewing.

As gevolg van die bbespreekte verskynsel van subsepsie is dit duidelik dat die mens onbewustelik blootgestel is aan inligting. Hierdie inligting vorm uiteindelik deel van die verwysingsraamwerk wat die reaksie van 'n bepaalde individu, om die minste op die stadium in die argument te sê, sal beïnvloed. Verder kan van die bespreking afgelei word, dat die onbewuste belewenisinhoud van die mens ook deur interne, onbewuste stimuli, gevul word.

Die aanspraak dat suggestie deur middel van onbewuste kommunikasie inligting deurgee, word deur die feit van subsepsie 'n wettige stelling. Die implikasie hiervan sal in die lig van die volgende verskynsels in die konklusie van hierdie perikoop verder saamgevat word.

'n Verdere verskynsel wat in navorsing positief getoets is, is die verskynsel van metakontras.⁴⁹

4.2.2. Metakontras.

Metakontras of terugwaartse maskering (Engels = Backward masking), is die verskynsel dat die waarneming van 'n bepaalde stimulus uitgewis of beïnvloed word deur 'n tweede stimulus wat kort na die eerste stimulus voorgedien word.

vloed word deur 'n tweede stimulus wat kort na die eerste volg. In die navorsingsituasie moes die proefpersone⁵⁰ die lyntekening van 'n gesig beskryf na aanleiding van die stemming wat dit ten toon stel. Terwyl die proefpersone hiermee besig was, is woorde soos "kwaad" of "vrolik" 'n aantal kere vlugtig op die skerm geflits. Geeneen van die proefpersone het gerapporteer dat hulle die geflitste woorde gesien het nie. Tog het dieselfde gesig deur die geflitste woord 'n positiewe of negatiewe beskrywing ontlok. Die geflitste woorde is onbewustelik waargeneem en het die uiteindelijke uitspraak of gedrag van die proefpersoon bepaal.

In verdere navorsing deur G.K. Veeder⁵¹ waarin woorde en sketse onder die bewussynsvlak gelyktydig met die vertoning van 'n rolprent geprojekteer is, is bevind dat die onbewuste waarneming, betekeniswaarde tot die inhoud van die rolprent gevoeg het. Die proefpersone het die karakters in die rolprent positief en negatief beleef na gelang van die stimulus wat onder die bewussynsvlak geprojekteer is.

Die navorsing in metakontraas toon dat onbewuste waarneming gedragbepalend kan wees. Dit gee betekenis in die proefsituasie aan 'n bepaalde stimulus.

Vir die verstaan van suggestie hou dié feit die moontlikheid in dat inligting wat onbewustelik ingeneem word, gedrag kan beïnvloed wat vir die buitestaander onverklaarbaar sal voorkom. As logiese argument, kan aangevoer word dat 'n individu oënskynlik gunstige kommunikasie as ongunstig kan verstaan, indien die gepaardgaande suggestie deur liggaamshouding of ander nie-verbale kommunikasie die gunstige inhoud

negeer. As voorbeeld kan die vriendelike groet van 'n kind wat op heterdaad betrap is, en die misstap probeer wegsteek, genoem word. Die liggaamshouding en optrede suggereer skuld, maar sy direkte kommunikasie probeer om onskuld voor te hou. Op dieselfde trant maar in die konteks van die besinning oor moontlike konflik tussen die linker en regter serebrale hemisfere, spekuleer Galin⁵² soos volg:

"Imagine the effect on a child when its mother presents one message verbally, but quite another with her facial expression and body language. 'I am doing it because I love you, dear,' says the words, but 'I hate you and will destroy you', says the face. Each hemisphere is exposed to the same sensory input, but because of their relative specializations they each emphasize only one of the messages. The left will attend to the verbal cues because it cannot extract information from the facial gestalt efficiently; the right will attend to the non-verbal cues because it cannot easily understand the words."

Galín se argument oortuig dat die mens se waarneming van die nie-verbale kommunikasie, dikwels die inhoud van woordelike kommunikasie oorskadu en "harder praat" as die stem. Sulke nie-verbale kommunikasie of suggestie gee in feite betekenis aan woorde.

Suggestie help die individu om begrip in die kommunikasie tussen homself en sy omgewing te bewerk. Die proses is onbewustelik en vorm saam met die bewuste-denkprosesse die motiveringsbasis vir 'n persoon se gedrag. Om die rol van suggestie

en wat dit is verder te omskryf moet ook die volgende verskynsel bespreek word.

4.2.3 Die Poetzl-verskynsel.

Die laaste verskynsel van onbewuste waarneming wat vir die doeleindes van hierdie studie bespreek word, is die Poetzl-verskynsel.⁵³ Hiervolgens is daar in navorsing prente aan proefpersone vir 'n kort tydjie vertoon, waarna hulle dit wat hulle gesien het, moet beskryf. Dit is bevind dat slegs dele van die getoonde prent beskryf kon word, maar dat die dele wat nie beskryf is nie, later onder omstandighede waar die persone nie onder druk was, soos tydens drome, na vore in die bewuste getree het. Die onbewuste inhoud van dit wat hulle gesien het, het dit later aan die bewuste denke opgedring.

Poetzl⁵⁴ het verder tot die konklusie gekom dat,

"if supraliminal stimuli are not attended to, they behave like subliminal stimuli, and that closely similar effects may, in fact, occur under four different conditions: with prolonged exposure of stimulus to agnosic patients; with tachistoscopic exposure to normals; with prolonged exposure in perihperal vision to normals, and with prolonged exposure during lowered states of attention."

Poetzl se navorsingskonklusies dring aan dat die invloed van onbewuste waarneming, suggestie, 'n baie definitiewe uitwerking op die mens het. Dit gee begrip in die hede maar dring sigself ook in ander omstandighede aan die individu op.

Dit wil dus voorkom asof onbewuste waarneming van inligting ook op 'n latere stadium, in ander omstandighede as waarin dit gegee is, invloed kan uitoefen. Wat egter van groter belang is, is dat Poetzl in die aanbieding van sy navorsingsdata sekere faktore in die waarnemingsproses uitwys. Een van die faktore wat hy aantoon, is die emosionele faktor.⁵⁵ Dit verwys na die inligting wat proefpersone by die blootstelling aan die prentstimulus inneem maar nie rapporteer nie, wat die inhoud van 'n latere droom word. Carl Jung⁵⁶ verklaar dat emosies in baie gevalle sinoniem met 'n bepaalde simbool is.

Die aanspraak dat suggestie van intuïtiewe, emosionele en onbewuste sensoriese waarnemingskanale gebruik maak, word op grond van insigte wat deur die Poetzl-verskynsel gegee word, 'n besliste moontlikheid. Dit sal later in hierdie studie aangetoon word dat suggestie deur middel van tekens, simbole en emosionele inhoud van stimuli, betekenis aan inligting gee.

As voorlopige konklusie, word uit die bokespreekte navorsingsresultate afgelei, dat suggestie geregverdig aanspraak kan maak op die benutting van onbewuste waarnemingskanale. Suggestie word in 'n individu deur subsepsie waargeneem. Dit help die individu om betekenis aan kommunikasieinhoud te gee, maar kan ook sterk motiverend in sigself te wees.

Die vraag wat egter nou ter sprake kom, is of onbewuste waarneming, en dan ook suggestie, bepaalde gedrag op 'n nie gewillige of niksvermoedende individu, kan afdwing? Die vraag moet bespreek word om die motiveringskrag van suggestie te bepaal.

4.2.4. Motiveringskrag van suggestie.

Indien dit waar sou wees dat onbewuste waarneming, 'n persoon, tot handeling sonder sy medewete, wat strydig is met sy persoonlike beginsels en morele waardes, kan oorreed, sou alle mense aan uitbuiting bloot gestel wees. Dit is dan ook dié moontlikheid wat aanleiding gegee het tot 'n hofuitspraak in die staat New Jersey in 1959. Katz et al⁵⁷ beskryf die hofuitspraak as volg:

"the use of subliminal messages, by word or symbol, in any public place for any reason whatsoever be contingent upon the prior public announcement that it is being used and the public display of the entire body of material to be used."

Dit is duidelik dat persone die moontlikheid van sulke invloed wil vermy. Vrees vir invloed waaroor die individu nie beheer het nie, noop dan ook hierdie hofuitspraak. Dit het ontwikkel uit die twis wat ontstaan het as gevolg van die aanspraak dat die verkope van sekere produkte onder bioskoopgangers radikaal gestyg het. Dit is beweer dat, nadat die woorde "Eat Popcorn" en "Drink Coca-Cola"⁵⁸ subliminaal tydens die rolprentvertoning geprojekteer is, bioskoopgangers die produkte bo ander verkies het.

In die lig van dié aanspraak, toets Bloem⁵⁹ die hipotese, of persone se gevestigde voorkeure deur onbewuste stimuli beïnvloed kan word. Op grond van die resultaat van sy navorsing verwerp hy die hipotese. Uit die konklusie van Bloem se werk kan afgelei word dat: die mens nie deur stimuli wat onbewustelik waargeneem word, tot handeling wat strydig met gevestigde voorkeure, beginsels en morele waardes, oorreed kan word nie.

Terwyl Bloem se navorsing nie in sigself ongeldig is nie, is sy hipotese naamlik:

"of hierdie prikkels werklike gedrag, byvoorbeeld 'n gevestigde voorkeur, kan beïnvloed",⁶⁰

baie dubbelsinnig gestel. Wat is "werklike gedrag"? Indien "onwerklike gedrag" bestaan, sal dit deur onbewuste waarneming beïnvloed kan word? Verder bevind die navorser homself in die posisie waar die proefpersone se ingesteldheid, wat uitdrukking vind in faktore soos emosionele belewenis, opdringende behoeftes ensovoorts, moeilik gekontroleer kan word. Wat sou die resultaat van navorsing wees waar 'n bepaalde behoefte, soos honger by 'n proefpersoon bestaan, en die persoon opgewonde oor die bepaalde onderwerp wat in die rolprent hanteer word, is? Wat sou die resultaat wees indien die proefpersone koudkry, honger is en 'n keuse moet maak tussen 'n koue gereg en warm drankie, veral as die onbewuste waarneming die warmdrankie suggereer? Die suggestie uit die omgewing (koue) en die interne waarneming (honger), saam met die onbewuste waarneming verteenwoordig 'n baie komplekse toetssituasie. Toekomstige navorsing wat dit self op die gebied begeef is nodig en sal 'n bydrae tot die debat lewer.

Die invloed van onbewuste waarneming is nog nie klinkklaar uitgewys nie. Die vermoede wat in die bespreking tot hier genoem is, naamlik dat onbewuste waarneming gelykwaardige invloed as bewuste waarneming uitoefen, word deur die vrae hierbo bevestig. Dit is egter gerusstellend om te weet dat die mens nie deur suggestie of ander onbewuste waarneming tot handeling wat strydig met die individu se gevestigde voorkeure,

beginsels en morele waardes, aangespoor kan word nie.

'n Verdere vraag wat dit self nou aan die argument opdring, is of onbewuste waarneming en daarom ook suggestie, onder gegewe omstandighede bewuste waarneming kan oorskadu, en so die dominerende waarnemingstimulus word? Om die vraag te beantwoord moet suggestie as dominerende waarnemingstimulus bespreek word.

4.2.5. Suggestie as dominerende waarnemingstimulus.

Onder bepaalde omstandighede word suggestie die dominerende waarnemingstimulus, sodat die persoon wat as subjek van die suggestie optree, reageer asof die suggestie die enigste waarnemingstimulus is. Die onderstaande verduideliking is 'n voorbeeld van suggestie as dominerende stimulus.

Die verskynsel van hipnose is die eerste voorbeeld waar persone deur suggestie, onbewustelik handelinge volgens die wens van die hipnotiseur uitvoer. Vir die oningeligte waarnemer kom die handelinge wat 'n subjek onder hipnose uitvoer irrasioneel voor. Aangetekende gevalle hiervan is soos Sarbin et al⁶¹ uiteenlopend van aard. Dit wissel van 'n proefsituasie waartydens 'n klompie studente onder hipnose, nie in staat is om hulle hande van mekaar los te maak of die arm te buig nie, tot 'n persoon wat aan amnesie lei en onder hipnose gehelp word om te onthou.

Verder kan verwys word na die resultaat van navorsing waartydens, onder gekontroleerde omstandighede, 'n pasiënt sonder die toediening van narkose, pynloos geopereer is.⁶² Carl Jung rapporteer gevalle waarin pasiënte fisies gesond geword het as gevolg van 'n sielkundige korreksie

wat aangebring is.⁶³

Onder bepaalde omstandighede kan suggestie dus die dominerende waarnemings-stimulus word. Hierdie konklusie het verrykende implikasies vir die erediens. Daarom moet suggestie in 'n teologies-kommunikatiewe perspektief gedefinieer word.

4.3. DEFINIERING VAN SUGGESTIE UIT 'N TEOLOGIES-KOMMUNIKATIEWE PERSPEKTIEF

Uit die konklusies van die voorafgaande bespreking, kan daar nou oorgegaan word in die formulering van 'n definisie vir suggestie. Dit is duidelik dat suggestie 'n faktor van die totale kommunikasie-situasie is, en uit onbewuste waarneming bestaan wat begrip vir dié situasie aan die individu voorsien. Daarom kan die volgende definisie as werkterm vir hierdie studie geld:

SUGGESTIE IS DIE SOMTOTAAL VAN ONBEWUSTE WAARNEMING IN DIE TOTALE KOMMUNIKASIESITUASIE WAT DIE INDIVIDU TOT BEGRIP EN BETEKENIS LEI.

Uit hierdie definisie moet daar 'n verdere twee aspekte van suggestie ontwikkel word. Hierdie aspekte is naamlik faktore wat suggestie beïnvloed en die elemente van suggestie. Dié aspekte word hieronder bespreek.

4.3.1 Faktore wat suggestie beïnvloed.

Die faktore wat hier bespreek word, word positief omskryf as faktore wat doelbewuste suggestie beïnvloed. "Doelbewus" omdat die sender van die boodskap bewustelik die faktore inspan om die subjek te beïnvloed. Dit is faktore wat deur 'n hipnoterapeut in sy spreekkamer, spreker of voorganger tydens 'n erediens gemanipuleer kan word. Die positiewe teenwoordigheid van hierdie

faktore in 'n kommunikasie-situasie verhoog die rol en invloed van suggestie.

Sarbin et al⁶⁴ in hulle verduideliking van die verskynsel van hipnose toon dat die volgende faktore sigself in die proses van suggestie ten toon stel. Vir die doeleindes van die onderstaande bespreking word na die persoon wat doelbewus suggestie gebruik as "voorganger", en na die een wat daaraan bloot gestel word as "subjek", verwys.

(a) Fisiese situasie van die subjek. - Die fisiese situasie waarbinne die eredienskommunikasie plaasvind, bepaal in watter mate die subjek die rol wat dié diens vereis, sal aanneem. Die gemak en rangskikking van die sitplekke, die temperatuur, beligting, hoor- en sigbaarheid van gebeure, asook die atmosfeer wat deur die argitektuur, ameublement en estetiese voorkoms van die gebou geskep word, is hier ter sprake.

Indien hierdie fisiese situasie positief deur die subjek ervaar word, sal hy die verwagte rol wat die suggestie verlang makliker aanneem. Saam met die ander faktore is dit 'n belangrike bydraende faktor wat betekenis in die erediens kommunikeer. Die afleiding stem ooreen met die bewese gebruike van hipnotiseurs in die spreekkamer.⁶⁵

Die volgende faktor wat sigself manifesteer in die doelbewuste gebruik van suggestie, is die subjek se motivering om homself daaraan bloot te stel.

(b) Motivering van die subjek. - Die saak waaroor dit nou gaan, is die rede waarom 'n bepaalde persoon homself aan die kommunikasie blootstel.

Wanneer positiewe motivering voorkom, dra dit by

tot die sukses van doelbewuste suggestie. Positiewe motivering kom voor wanneer 'n individu glo dat die diensgebeure sy besondere behoefte sal vervul, of waar 'n aangename belewenis van die musiek en sang, ensovoorts, beleef word. 'n Persoon wat bang of onseker oor die dienssituasie is, sal die bepaalde suggestie teenstaan of blokkeer.⁶⁶

Hierdie bespreking gee aanleiding tot die volgende faktor, naamlik die verwagting van die subjek vir wat in dié spesifieke diens moet gebeur.

(c) Verwachting van die subjek vir die spesifieke diens. - Weereens moet dit gestateer word dat 'n positiewe verwagting by die subjek ten opsigte van wat tydens die diens moet gebeur, die moontlikheid van die suksesvolle gebruik van doelbewuste suggestie verhoog. 'n Eksperiment deur Orne⁶⁷ oor die rol wat verwagting in die resultaat van hipnose speel, illustreer die punt effektief. Hy het hipnose aan twee voorgraadse kollege klasse afsonderlik gedemonstreer. In die een geval het hy vooraf aan die een subjek opdrag gegee om bewegingloosheid in 'n hand ten toon te stel, terwyl die ander demonstrasie nie die opdrag ingesluit het nie. Ten tye van die eerste demonstrasie het hy terloops opgemerk dat die spontane bewegingloosheid van die hand 'n kenmerk van hipnose is. Uit elk van die twee groepe voor wie hy die demonstrasies gelewer het, is persone genooi om as hipnose subjekte op te tree. Deur van 'n kollega wat nie van die reëling met die subjek in die eerste demonstrasie geweet het nie, gebruik te maak, het dit geblyk dat studente wat by die eerste demonstrasie teenwoordig was, spontaan onder hipnose, bewegingloosheid van die hand ten toon gestel het. Die deur suggestie ingeboude

verwagting het sigself onder hipnose gemanifester. Uit die waarneming, is die logiese afleiding dat die verwagting van die subjek in 'n bepaalde diens sy vatbaarheid vir doelbewuste suggestie sal bepaal.

Daar moet verder gelet word dat die subjek se inherente, krities-logiese vermoëns, enige aanduiding dat die diens of voorganger(s) nie goeie bedoelinge met die individu het nie, of waar daar twyfel oor die etiese implikasies van die diensgebeure by die persoon bestaan, suggestie sal blokkeer.⁶⁸ Die konklusie wat reeds vermeld is,⁶⁹ naamlik dat suggestie nie teen 'n persoon se gevestigde voorkeure, beginsels en morele waardes die persoon kan oorreed nie, word hierdeur bevestig.

'n Verdere faktor wat in noue verband met die verwagting van die subjek vir 'n bepaalde situasie bestaan, is die indruk wat die subjek uit die gedrag van die ander diensgangers of toeskouers kry.

(d) Gedrag van die ander diensgangers. - 'n Magdom gedragsvorme kan hier ter sprake kom. Die indruk van die subjek oor die motivering waarom ander diensgangers die erediens bygewoon het, en die mate waarin hulle die subjek aanvaar en tuis laat voel is egter hier ter sprake. Positiewe leidrade aan die subjek verhoog die moontlike sukses van doelbewuste suggestie.

Navorsing⁷⁰ het getoon dat groepsgedrag 'n baie sterk bepalende invloed op die gedrag van die individu uitoefen. Selfs al weet 'n persoon in 'n bepaalde proefsituasie van autokinetiese beweging, dat daar geen beweging van 'n lig in 'n donker

vertrek is nie, rapporteer proefpersone in die lig van groepsdruk⁷¹ dat beweging wel waargeneem word. Binne 'n bepaalde groep trag individue om met die optrede van van die ander lede in die groep te konformeer.⁷² Positiewe aanduidings aan die subjek, afgelei uit die gedrag van ander diensgangers sal doelbewuste suggestie positief beïnvloed.

Die volgende faktor wat onder bespreking kom, is die subjek se siening van, en vertroue in, die voorganger(s) en dit wat hulle doen.

(e) Vertroue van die subjek in die voorganger(s).
- Waar die bonafides van die voorganger(s) deur die subjek betwyfel word, sal suggestie geen uitwerking hê nie. Navorsing⁷³ het aangedui dat waar proefpersone onder die indruk verkeer dat 'n bepaalde hipnotiseur bekwaam is om persone in hipnose te lei, die resultaat 30% meer positief was as in gevalle waar twyfel oor sy bekwaamheid bestaan het. Lozanov⁷⁴ verduidelik die vertroue van 'n subjek in 'n voorganger, in die lig van die gesag wat die voorganger(s) uitstraal. Die gesag skep 'n atmosfeer van vertroue en 'n intuitiewe begeerte om aan die verlangde rolverwagtinge te voldoen. Deur hierdie vertroue stel die subjek homself beskikbaar aan die inligting wat gesuggereer word.

Waar hierdie faktore positief in 'n bepaalde erediens teenwoordig is, sal suggestie as faktor in die kommunikasie, van bepalende belang wees. Die erediensganger sal onkrities dit wat in die erediens gebeur aanvaar.

Die volgende aspek van suggestie wat nader toegelig word, is die elemente van suggestie.

4.3.2. Elemente van suggestie.

Vanuit die bespreking wat die formulering van suggestie voorafgegaan het, het die volgende elemente van suggestie sigself opgedring. Die elemente is die innerlike of endo-psigiese en endo-fisiese toestande van die individu, die nie-verbale kommunikasie wat plaasvind en die omgewings-samestelling.

(a) Die endo-psigiese en endo-fisiese toestande van die individu. - Wanneer die subjek of ontvanger in die S.M.C.R. kommunikasiemodel⁷⁵ van David K. Berlo uitgesonder word, word verskeie aspekte van die kommunikasiesituasie genoem, soos: Kommunikasievermoë, gesindhede, kulturele agtergrond ensovoorts van die ontvanger. Vir die doeleindes van hierdie studie moet daar egter verder gegaan word. Daar moet ook op gelet word dat suggestie die volgende kommunikasiefeite benut:-

Die eerste kommunikasiefeit wat tersprake kom, is wat Lozanov⁷⁶ die "SET-UP" noem. Hierdie innerlike gesteldheid of innerlike organisasie het te doen met die parabewuste funksionele gereedheid by 'n persoon om 'n bepaalde aktiwiteit te beleef of uit te voer. Die individu wat tydens die erediens of die tydperk wat die erediens vooraf gaan, met skuldgevoelens worstel, sal 'n innerlike ingesteldheid vir vergifnes beleef. Waar die "set-up" in die individu gunstig is, sal die uitwerking van suggestie groter wees.

'n Tweede kommunikasiefeit wat bespreek word, is die mens se BEHOEFTEs. H.P.Fourie⁷⁷ haal Maslow se hiërargie van behoeftes aan wanneer hy dit bespreek. Hiervolgens is die fisiologiese

behoeftes, wat as noodsaaklik vir oorlewing beskou word, die mees basiese behoeftes van die mens. Behoeftes aan sekuriteit, sosiale aanvaarding, ego- asook self-aktualiserings behoeftes volg. Die invloed van suggestie hang nou saam met die behoeftes wat 'n persoon beleef. As voorbeeld kan die persoon wat tydens 'n nagmaaldiens honger is, genoem word. Sy behoefte aan kos kan die suggestie in geheel blokkeer.

Die laaste kommunikasiefeit wat onder hierdie opskrif bespreek moet word, is die ARGETIPES waarvan Carl Jung⁷⁸ sê, dat dit:-

"On the one hand, a very strong instinctive conservatism, while on the other hand they are the most effective means conceivable of instinctive adaptation."

Hierdie ontwerp van Carl Jung (Argetipes), om die gedrag van mense te verklaar, toon dat onbewuste waarneming voorspelbare gedrag tot gevolg kan hê. Die mens se psigiese samestelling sluit hierdie stel van reaksie-moontlikhede in, wat indien dit in werking gestel word die verwagte gedrag spontaan meebring.

Deur hierdie ingebore kultuuraangeleerde meganisme is die individu gereed om op stimuli te reageer. Op grond van bepaalde tekens uit die kommunikasie-proses word betekenis aan die individu gegee wat die persoon spontaan⁷⁹ laat reageer.

Dit is dan ook hierdie sneller-meganismes wat op grond van bepaalde simbole wat in die kommunikasie-situasie gebruik word, of voorkom, 'n bepaalde emosionele reaksie in die individu bewerk. Hierdie emosionele reaksie is baie sterk

motiverend van aard,⁸⁰ want simbole is dikwels sinoniem met emosies.⁸¹

Die werking van suggestie word deur hierdie endo-psigiese en endo-fisiese element verduidelik. Dit is egter belangrik dat die volgende element, naamlik nie-verbale kommunikasie ook bygewerk word.

(b) Nie-verbale kommunikasie. - Richard Dimbleby et al⁸² bespreek nie-verbale kommunikasie onder die volgende drie sub-opskrifte. Hy noem LIGGAAMSTAAL (Engels = body language) waardeur die ontvanger in die kommunikasieproses gevoelens, gesindhede en bedoelinge aflei. Liggaamstaal sluit gebare, gesigsuitdrukking, liggaamshouding, nabyheid en aanraking in. Onder die sub-opskrif "PARALANGUAGE" word inligting verstaan wat die ontvanger aflei uit die uitspraak, stemtoon en stembuiging van die spreker; asook kreun-, steun-, fluitgeluide en bepaalde uitroepe. Parataal gee inligting ten opsigte van denктоestande by die spreker, dit sluit in helderheid of verstrooidheid asook emosionele gesteldheid. Die VOORKOMS van 'n persoon is ook deel van die nie-verbale kommunikasie wat die ontvanger moet ontsyfer. Hier word gedink aan kleredrag, haarstyl ensovoorts wat inligting verskaf ten opsigte van persoonlikheid, rol, status en werksfeer.

Die volgende element van suggestie wat naas die voorafgaande elemente beskryf moet word, is die omgewings-samestelling en -stimuli.

(c) Omgewings-samestelling en -stimuli.⁸³ - In hulle artikel onder die opskrif "Automatic affect"⁸⁴ ondersoek Spielman et al verskeie modelle en navorsingsresultate ten opsigte van die

invloed van die omgewing op die gedrag van die individu. Hulle kom tot die konklusie dat omgewingsfaktore ten minste gedeeltelik die geheue en oordele van die mens, op onbewuste vlak beïnvloed. Die oningeligde persoon sal waarskynlik outomaties met die oorreding meegaan. As voorbeeld kan die groetwoorde "Ek sien jou binnekort", twee verskillende interpretasies as gevolg van die omgewing inhou. In oorlog omstandighede waarin 'n vrou haar geliefde na die gevegsfront afsien sal dié woorde vrees, kommer en bedreiging by die vrou wek. In ander omstandighede waar 'n vrou haar geliefde groet wanneer hy by die plaaslike gimnasium gaan oefen, sal die woorde slegs die sekuriteit kommunikeer dat haar geliefde gou tuis sal wees.

Tydens die erediens vorm die omgewings-samestelling en -stimuli 'n baie belangrike deel van die suggestie wat in die bepaalde diens voorkom. Die unieke situasie van die erediens vereis dat die Goddelike werking in die erediens ook as element van suggestie bespreek moet word. Hier word spesifiek aan die Goddelike spreke in die erediens gedink.

(d) Goddelike spreke in die erediens. - H.J.C. Pieterse⁸⁵ is korrek as hy sê dat die Praktiese Teologie, teorie vir die Christelike kommunikatiewe praxis formuleer. Dit gaan immers in die Christelike erediens om God wat Homself as kommunikerende God, die "sprekende" God⁸⁶ in die Ou en Nuwe Testament openbaar. Insonderheid is God se kommunikasie met die mens in die Here Jesus Christus vervolmaak.⁸⁷ Hy bring nie slegs die Woord van God nie, Hy IS die Woord van God. Hy verkondig nie net die waarheid nie, Hy IS die Waarheid. Hy praat nie net van, en oor, die lewe

nie, Hy IS die Lewe en het gekom sodat die mens:-

"Lewe kan hê en dit in oorfloed."⁸⁸

Terwyl die Christelike erediens en die kommunikatiewe dinamiek wat daar plaasvind saam met ander nie-kerklike kommunikasie verband hou, is die eredienskommunikasie uniek.⁸⁹ Die Goddelike Woordgebeurtenis maak dit uniek. Dit is nie inligting oor die Woord wat gekommunikeer word nie. Dit is die Woord Self in die persoon van Jesus Christus waardeur God in verhouding tot die mens tree. 'n Ontmoeting vind in die erediens plaas⁹⁰ waarin God en mens in 'n dialogiese gesprek⁹¹ betrokke raak.

Dit is hierdie sprekende God wat in die erediens die element van suggestie afrond en vir sy doeleindes inspan. Deur die Woord te hoor, dit is die Woordkommunikasie in die hele erediens soos prediking, doop, en ander ontmoetingsgebeure,⁹² word geloof in die mens gewerk⁹³:-

"Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God."⁹⁴

Hierdie element van suggestie is uniek tot die Christelike kommunikasie beperk. Daar moet egter deeglik hiervan kennis geneem word om die werking van suggestie in die erediens te verstaan.

4.4. GEVOLGTREKKING

In samevatting moet opgelet word dat die bovermelde faktore en elemente per definisie, onbewustelik deur die individu waargeneem word. Suggestie is die somtotaal van onbewuste waarneming. Hierdie onbewuste waarneming kan dit self egter op enige stadium vir

doelbewuste aandag opdring. 'n Voorbeeld hiervan is die invloed wat 'n bepaalde individu op andere tydens 'n erediens uitoefen. Indien so 'n individu in die gemeentelike sang deel, is die invloed (suggestie) wat die persoon op andere afdruk, onder andere om die korporele belewenis te versterk. Maar indien die persoon tydens die gemeentelike sang as gevolg van 'n siekte toestande omval, sal die aandag doelbewus op die persoon gekonsentreer word. Die persoon, onbewustelik deur andere waargeneem, se optrede het gekonsentreerde aandag vereis.

5. KONKLUSIE

Met die aanvang van hierdie hoofstuk is die doelstelling gestel om die titel van hierdie skripsie te beskryf. In hierdie proses is die Christelike erediens as teiken van hierdie studie uitgewys, die studieveld afgebaken en suggestie gedefinieer.

Op grond van hierdie begrippe vir die kommunikasie-situasie kan die gebeure in die Christelike erediens na aanleiding van teorieë verduidelik en geëvalueer word. Hierdie doelstelling sal in die volgende hoofstuk onder oë geneem word.

oo0oo

HOOFSTUK 3

VERDUIDELIKING VAN GEBEURE IN DIE CHRISTELIKE EREDIENS AAN DIE HAND VAN BEPAALDE TEORIË

1. INLEIDING

Met die bespreking in die vorige hoofstuk waarin die titel van hierdie skripsie omskryf is, is die weg gebaan om die gestelde doel van die studie¹ na te vors. In hierdie hoofstuk moet dit wat in die Kerk en in besonder tydens die erediens gebeur aan die hand van teorieë verduidelik word. Die vraag is: Hoe verduidelik die Kerk verskynsels wat algemeen in die lewe van die Kerk voorkom?

Om hierdie vraag en andere wat daaruit voortvloei te beantwoord sal verskillende verskynsels wat in die Kerk voorkom, geïdentifiseer moet word. Die onderstaande verduidelikings word kortliks gegee om dan met 'n voorstel vir 'n wetenskaplik verantwoordelike verduideliking te kom. Uit hierdie argumentasie sal 'n alternatiewe kommunikasie-model vir die erediens ontwerp word. Hierdie voorgestelde verduideliking en model gee beide erkenning aan die menslike betrokkenheid en Goddelike werking in die erediensgebeure.

Daar word eers na 'n algemene verskynsel gekyk, naamlik dat mense onkrities aan die groepsoptrede deelneem.

2. ONKRITIESE MEEDOEN AAN 'N BEPAALDE GROEP SE OPTREDE AS VERSKYNSEL IN DIE EREDIENS

In hierdie perikoop word getrag om 'n verduideliking te gee vir die verskynsel dat persone wat aan 'n bepaalde groep behoort die optrede en handeling van dié groep meemaak, en onkrities in ondergeskiktheid die groep se standpunte handhaaf en verdedig. Hierdie verskynsel kom algemeen in groepe voor. Dit is ook waar van die Kerk. Die vraag kan as

volg gestel word: Waarom sal mense van een kerkgroep spontaan meedoen aan gedrag wat vir ander totaal onaanvaarbaar sal wees? Waarom sal persone in sommige Pentekostalistiese groepe meedoen aan neerval in die publiek, dansbewegings en ander liggaamsuitdrukking, terwyl sommige groepe van 'n Gereformeerde agtergrond met byna geen liggaamsbeweging aanbid?

Die spreekwoord wat sê: "Soort soek soort", dring sigself dadelik aan die gedagte op. Kultuur,² verwysend na die tipiese patroon van lewe soos dit in 'n bepaalde gemeenskap gestalte vind in wette, moraliteit, kuns, godsdiens ensovoorts, waarborg die solidariteit en voortbestaan van die groep. Dit beheer die lewe en reël die ordelike verloop van gebeure vir die groepslede. Daarom sal die sub-kultuur van 'n kerklike tradisie dieselfde uitwerking op die lede van die groep uitoefen. Vir die groepslid word sekere voorskrifte en beperkinge wat die persoon se gedrag en ervaring betref, opgelê. Deur sy kategetiese en leringe word die Kerk se besondere identiteit ingeprent. Die individu word tot konformiteit aangemoedig want die vertroue wat die groep inboesem waarborg die persoon se identiteit, dit gee 'n plek om te behoort. Om anders as die groep te wees bring vrees vir verwerping en uitsluiting mee. Daarom sal 'n bepaalde individu onkrities die groepsidentiteit aanvaar.³ Om anders te wees bring 'n belewenis van oortreding en skuld.⁴

Die dinamika van kultuur vind in godsdiens 'n sentrale element.⁵ Godsdiens is 'n baie belangrike aspek van kultuur want dit gee 'n dieper, transendentale betekenis⁶ aan lewensgebeure. Lyding en rampe kry eksistensialisties betekenis en stel godsdiens die lewensdoel as iets wat die tydelike transendeer. Om van hierdie godsdiens uitgesluit te wees laat die individu "kultuurloos", sonder identiteit en 'n verworpeling. Die persoon sal dus gedwonge voel om onkrities die groep se eise na te kom.

Uit 'n psigo-analitiese oogpunt kan die verskynsel verduidelik word as die "inprenting" vanuit die kind se belewenis in verhouding met sy ouers.⁷ Aan die een kant is die kind se afhanklikheid van die ouer en hulle voorsiening in sy wense, nie as volwassene beskikbaar nie en daarom word afhanklikheid aan 'n hemelse Vader bely. Aan die ander kant is daar die konflik met die ouer van die teenoorgestelde geslag wat aanleiding gee tot 'n wettiese, "jy mag nie." Op dié wyse ontstaan die superego wat alle ongewenste drif "straf" en die mens tot gehoorsaamheid bring. Godsdien word beleef. Hierdie verduideliking verklaar godsdien as 'n innerlik ingeprinte werklikheid, waaraan die mens onwillekeurig meedoen.

Die gevolgtrekking waartoe bo-bespreekte argumente lei, is dat persone wat as deel van 'n bepaalde kerkgroep groot word, spontaan die standpunte en handelinge van die groep, onkrities sal aanvaar. Persone sal dié standpunte verdedig selfs al sou die individu ooglopend nie in staat wees om 'n bepaalde standpunt logies met argumente of bewyse te staaf nie.

Groepsdruk en kulturele opvoeding verduidelik die verskynsel dat persone onkrities aan standpunte van die groep vashou en handelinge uitvoer, wat in ander groepe as belaglik afgemaak word. Dit is die alledaagse sosio-kulturele tussenmenslike verhoudings wat dié verskynsel reël en beheer.

Hierdie argumentasie lê die basis vir die uitgangspunt dat dit wat in die erediens gebeur, ook deur bepaalde menslike manipulasie "geproduseer" kan word. Daarom moet 'n gemeenskaplike basis of beginsels geformuleer word, sodat die Kerk die kritiek teen haar gebruike kan verantwoord.

'n Verdere verskynsel wat verduideliking eis, is dat die lidmaat, dit wat hy nie logies kan verduidelik, aan Goddelike ingrype, toeskryf. Die onderstaande bespreking

ontken nie dat God werksaam in die erediens is nie, maar wil die toeskryf van onverklaarbare gebeure aan die mistieke werking van God toets en die beginsels wat dié aspekte van die erediens beheer, aantoon.

3. VERSKYNSELS IN DIE CHRISTELIKE EREDIENS WAT GEWOONLIK AAN DIE BONATUURLIKE EN MISTIEKE WERKING VAN GOD TOEGESKRYF WORD

Onder hierdie opskrif word gedink aan verskynsels soos bekering, waarin persone hul vorige standpunte en leefwyse waaraan hulle onderworpe was, verwerp en 'n hele stel nuwe standpunte en 'n ander leefwyse aanvaar; die belewenis van aanbidding, waardeur die erediensganger se geloof versterk en die sin van die lewe bevestig word; spreek in tale; nie-mediese genesings; neerval onder die sogenaamde "slain in the Spirit" ensovoorts. Die neiging om dié gebeure aan die mistieke werking van God toe te skryf, terwyl soortgelyke resultate in ander omstandighede geproduseer kan word, vra 'n alternatiewe verklaring.

Voordat 'n alternatiewe kommunikasiemodel vir die Christelike erediens as verduideliking van die erediensgebeure voorgestel word, word verskeie bydraende verduidelikings gegee. Nie een van hierdie verduidelikings gee totale bevredigende antwoorde op vrae nie. Saam dra hulle egter by tot die formulering van die suggestologiese verduideliking.

3.1. FISIOLOGIESE VERDUIDELIKING VAN DIE VERSKYNSELS IN DIE EREDIENS

William Sargant⁸ het opgemerk dat daar 'n besondere ooreenstemming is tussen wat predikers soos John Wesley en andere in dienste bereik het, en dit wat in Psigiatriese behandeling vir pasiënte gedoen word. Hy trag dan ook om die gemeenskaplike faktor wat by beide voorkom, te vind. In sy boek, "Battle for the mind", bespreek hy die gevolgtrekkings wat I P Pavlov in sy

navorsing met honde aflei, om onder andere tot die volgende konklusie⁹ te kom:

"3. Dogs, like human beings, break down when stresses or conflicts become too great for their nervous system to master.

4. At the point of breakdown, their behaviour begins to vary from that normally characteristic of their inherited temperamental type and previous conditioning."

Die fisiologiese samestelling van die senuweesisteem veroorsaak dat die liggaam onder uiterste druk, van hierdie druk onttrek, deur onder andere, bewusteloosheid te weeg te bring. Die organisme maak dan ook bepaalde aanpassings om onder soortgelyke druk, die pyn te ontduik. Sargant kom dus tot die gevolgtrekking dat Pavlov se navorsing met honde besliste verduidelikings gee oor menslike gedrag.

Hierdie konklusie gee aanleiding tot sy bespreking van die tegnieke van godsdienstige bekering.¹⁰ Hy argumenteer dat die bogenoemde konklusie bewys dat dieselfde fisiologiese meganisme verantwoordelik is vir die inplanting of verwydering van gedragspatrone by beide mens en dier. Dat die werking van die brein onder oormatige druk in duie stort en dan veranderde gedragspatrone meebring. Hy beweer:¹¹

"It has also been pointed out that those who wish to disperse wrong beliefs and undesirable behaviour patterns and afterwards implant saner beliefs and attitudes are more likely to achieve success if they can first induce some degree of nervous tension or stir up sufficient feelings of anger or anxiety to secure the person's undivided attention and possibly his suggestibility."

Sargant argumenteer dus dat bekering gegrond is op 'n fisiologiese gegewe, waarin gedragsverandering soos bekering, deur middel van oormatige druk op die werking van die brein geplaas word. Dit is belangrik om op te let dat Sargant nie probeer om die Goddelike werking in bekering te verkleineer nie, maar dat dié fisiologiese breinmeganisme in bekering werkzaam is.¹²

As 'n voorlopige gevolgtrekking kan dié verduideliking ook vir die verskynsel, waar persone neerval in oënskynlike bewusteloosheid, onder die sogenaamde "slain in the Spirit", geld. Sargant gee voorbeelde hiervan as hy John Wesley¹³ se prediking, en onder andere die sogenaamde "snakehandling cult"¹⁴ se gebruike, bespreek. Die korrektheid of valsheid van hierdie gedrag is nie hier ter sprake nie. Wat wél van belang is, is dat voorgangers resultate kan produseer wat nie noodwendig Goddelike werking veronderstel nie. Deur bepaalde tegnieke in prediking, en voorbeeld toe te pas, kan 'n voorganger sekere gedrag bewerk wat min of geen Christelike waarde of oorsaak het nie.

Die "onverklaarbare" word in die lig van hierdie insig dus meer toeganklik vir begrip. Fisiologies kan die beperkte menslike vermoëns onder sekere stress- en ander faktore daartoe lei dat iemand hom uit die Christendom tot 'n ander geloof "bekeer".¹⁵ Hierdie verduideliking kan ook vir ander erediensgebeure gegee word.

Die volgende verduideliking vir die verskynsels in die erediens wat bespreek word, is om 'n psigologiese verklaring daarvoor te gee. Hiervolgens moet die verskynsels aan die hand van Sielkundige teorie verstaan word.

3.2. PSIGOLOGIESE VERDUIDELIKING VAN DIE VERSKYNSELS IN DIE EREDIENS¹⁶

Omdat die mens 'n psigo-fisiese eenheid is, sal die oorvleueling van hierdie paragraaf met die voorafgaande ooglopend wees. Sargant toon aan hoe die mens se suggestie-vatbaarheid¹⁷ (psigologiese werklikheid) deur byvoorbeeld die emosie van vrees verhoog. Hy beskryf dat vrees ook deur prediking gewek word. Hierdie verskynsel skryf hy toe aan die fisiologiese werking van die menslike brein. Kritiek wat teen Sargant ingebring kan word, is dat sy siening die mens tot 'n masjien kan degradeer. Die mens is egter ook 'n sielkundige wese en daarom sal dié aspek van die menslike bestaan ook in ag geneem moet word.

3.2.1. LEER-TEORETIESE VERKLARING VAN VERSKYNSELS IN DIE EREDIENS

Hierdeur word godsdienste verstaan as sou dit primêr as gevolg van aangeleerde sosiale interaksie bestaan. Klassieke kondisionering vind plaas wanneer 'n neutrale stimulus in assosiasie met 'n ander stimulus dieselfde reaksie as die ander ontlok.¹⁸ Daarom sal orrelmusiek wat dikwels met liturgiese gebeure geassosieer, maar neutraal staan, bepaalde godsdienstige belewenis en emosies in buite-kerlike konteks opwek.¹⁹ As gevolg van die aangeleerde reaksies op beide eksterne en interne stimuli, tree 'n persoon in 'n bepaalde situasie op.

Hierdie aspek word egter ook deur operante kondisionering beïnvloed. Hierdeur word die gevolge van 'n bepaalde gedrag positief, of negatief beloon. Positiewe beloning versterk die gedrag terwyl negatiewe beloning die gedrag afbreek.²⁰ Gerd Theisen²¹ toon aan dat materiële versterking dikwels in die Nuwe Testament met sosiale versterking vergesel is. Die slaaf word binne gemeentelike verband as "broer" aangespreek. Die

wederkoms van Christus tree as versterker op wanneer dit in woorde, feeste en belydenisse herhaal word. As gevolg van die belonings vir gedrag in die erediens tree mense dikwels krities op.

3.2.2. PSIGODINAMIESE VERKLARING VAN VERSKYNSELS IN DIE EREDIENS

As inleiding tot hierdie perikoop word 'n artikel van George Matheson gebruik, wat die hipnotiese aspekte van godsdienstige ondervindinge beskryf.²² Die inligting word deur ander werke ondersteun. Gerd Thiesen se siening word as ondersteunende materiaal, hierby ingewerk.

Terwyl Matheson nie die Goddelike werking in die erediens ontken nie en nie beweer dat alles wat in die erediens gebeur, hipnoties verklaarbaar is nie, sê hy:

"However, some religious events show a similar format on repeated occasions, permitting closer observation revealing processes and phenomena equivalent in nature to those known as hypnotic."²³

Matheson se konklusie dwing voorgangers tydens die diens om nie net hierdie feit in gedagte te hou nie, maar ook te waak teen die misbruik van dié moontlikheid. Uit die aard van die erediens karakter is daar duidelike ooreenstemmende handeling met die induksie van hipnose, soos konsentrasie op dit wat die voorganger doen en sê. Matheson moet dus gelyk gegee word vir sy aanname.

In sy bespreking van bekering en nie-mediese genesings tydens evangelistiese dienste, toon hy

hoe die sameloop van die diensgebeure, dikwels tegnieke van hipnotiese induksie volg.²⁴ Dit is veral sy konklusies²⁵ wat vir hierdie studie van belang is. Hy sê, dat 'n verduideliking van die verskynsels van die erediens na aanleiding van hipnotiese induksie-beginsels, die implikasie het dat bekering nie slegs gegrond is op rasionele beoordeling van die objektiewe feite van die evangelie nie. Bekering en geloof het ook te doen met die subjektiewe belewenis van simboliese inligting, 'n verbeelding (dit is ver -BEELD- ing) van die kommunikasie.

Net so kan die Analitiese sielkunde van Carl Jung 'n ondersoeker daartoe lei, om te bevind dat dit nie slegs in die objektiewe waarneming van die historiese Christus is dat persone heil vind nie, maar ook in 'n her-interpretasie van die Christus-gebeure deur die mens se argaïse belewenis. Dit maak die konfrontasie met die evangelie 'n subjektiewe pynlike,²⁶ belewenis. Dit is 'n konfrontasie met die skadukant van die werklikheid wat met integrasie tot bekering lei.

Hierdie gevolgtrekkings het die implikasie, dat dit wat dikwels aan die werking van God toe geskryf word, op grond van menslike manipulasie bewerk is. Ook die Kerk is blootgestel aan die misbruik van suggestie en direkte misleiding. Dit verduidelik egter ook wat in 'n godsdienstige byeenkoms gebeur waar die element van misleiding uitgesluit is. Dit is naamlik dat die Christelike Godsdiens gebruik maak van die alledaagse kommunikasie tegnieke om dit wat oorgedra word tuis te bring.

Op grond van die vordering wat in hierdie studie gemaak is, kan suggestie as verduideliking vir die

gebeure tydens eredienste voorgestel word.

4. ALTERNATIEWE VERDUIDELIKING VAN DIE GEBEURE TYDENS DIE CHRISTELIKE EREDIENS VANUIT 'N SUGGESTOLOGIESE OOGPUNT

Dit is belangrik dat dit wat hier verklaar word in die lig van die definisie van, en bespreking oor suggestie verstaan sal word.²⁷ Verder moet opgelet word dat die mens nie 'n blote meganiese masjien is nie maar skeppend kan optree. Die mens is 'n selfbewuste geestelike wese. Hy is gees (ruach of pneuma) en kan daarom, anders as diere, in 'n besondere verhouding tot God en mens staan. Dit is die menslike pneuma wat die mens in staat stel om met God te kommunikeer.²⁸

Die gesprek tussen God en mens maak gebruik van die alledaagse kodering- en dekoderingsprosesse van kommunikasie. Soos reeds genoem,²⁹ word kommunikasie hier met die ontvanger in die oog, bedoel. Die norm waarteen effektiewe kommunikasie, om Ellens³⁰ se gedagtegang te gebruik, gemeet behoort te word, is: Die mate waarin die bewerkte verandering in die ontvanger se gevoelswêreld, in kwaliteit en karakter ooreenstem, met dit wat dié kommunikasie in die sender bewerk het. Dit gaan dus om die betekenis wat die ontvanger uit die kommunikasieproses aflei.

Om suggestie as verduideliking vir die gebeure tydens die erediens te gebruik, moet beide algemene kommunikasiebeginsels en die unieke aard van die kommunikasie in die Christelike erediens ter sprake kom. Dit is 'n alternatiewe kommunikasiemodel. Dit trag ook om 'n wetenskaplike verduideliking te gee, vir menslike gedrag wat in die erediens voorkom. Op dié manier kan dit wat dikwels onkrities met Goddelike werking verduidelik of hiper krities met emosionele opsweping afgemaak word, sinvol volgens hierdie kriterium getoets word.

Daar moet eers na 'n toepassing van algemene kommunikasie-

beginsels op die unieke situasie in die erediens gekyk word, waarna die alternatiewe model voorgestel word.

4.1. ALGEMENE KOMMUNIKASIEBEGINSELS EN DIE UNIEKE SITUASIE IN DIE CHRISTELIKE EREDIENS

'n Paar voor-veronderstellings moet as basis dien vir die bespreking wat volg, naamlik, dat kommunikasie altyd 'n wisselwerking tussen die ontvanger en die sender behels. Dit vind altyd plaas binne 'n bepaalde konteks waarin terugvoering (Engels = feedback) 'n deurslaggewende rol speel.³¹ Verder, dat beide die ontvanger en sender, met bepaalde kommunikasievermoëns en gesindhede in die proses van kommunikasie betrokke is.³²

As Berlo se SMCR-model as basis gebruik word, kan die unieke situasie van die Christelike erediens daarop toegepas word. Elke deel van die model sal afsonderlik in die lig van hierdie doelstelling omskryf word.

4.1.1. DIE SENDER OF BRON IN DIE KOMMUNIKASIEPROSES TYDENS DIE CHRISTELIKE EREDIENS

Om die sender in die Christelike erediens te identifiseer, moet die navraer oplet dat dit 'n baie komplekse kommunikasiesituasie is. Die erediensgangers: hetsy as groep of as individue, die prediker en moontlik ander voorgangers, kan op verskillende stadia as sender of bron van die boodskap dien.

Die erediens is egter per definisie 'n transaksie³³ tussen God en mens, 'n dialoog waarin God die Senior Vennoot³⁴ en Woordvoerder is. Daarom kan die Goddelike Woordgebeurtenis as hoof-moment,³⁵ en as die Sender van die boodskap geïdentifiseer word. Dit is egter nie slegs in die

prediking dat God aan die woord kom nie, maar die hele erediens moet deur die Woord beheer word en inhoud daaraan gee. Daarom moet die voorganger(s) versigtig wees, om God aan die Woord, in die erediens te laat kom.³⁶

Ten opsigte van die laaste stelling moet opgemerk word dat, voorgangers in die Christelike erediens die unieke posisie beklee, dat die Heilige Gees hulle as mondstuk gebruik om as getuies van Christus die goeie nuus, die evangelie te verkondig.³⁷ Waar die Woord met korrekte eksegeese en in relevante toepassing tydens die erediens, aanbidding by die mense bewerk, sal die Sender van die boodskap as faktor (God), die mees ideale kommunikasie moontlik maak.³⁸

Die voorganger as menslike faktor moet egter altyd die algemene kommunikasiebeginsels handhaaf. Omdat die mens aan die gebrokenheid van die skepping onderworpe is, sal misverstaan altyd dreig.

Oogkontak, sinvolle redevoering en al die eienskappe van 'n goeie kommunikator moet die voorganger motiveer, om steeds sy vermoëns te verbeter.

4.1.2. DIE BOODSKAP, EN DIE KANAAL WAARLANGS DIT VERSEND WORD AS FAKTOR IN DIE KOMMUNIKASIEPROSES TYDENS DIE EREDIENS

Die boodskap of boodskappe, wat in wisselwerking tussen die sender en die ontvanger versend word, bestaan uit verskillende elemente.³⁹ Hierdie elemente sluit onder andere woorde, sinne, idees, visuele hulpmiddels en musiek in. Daar word van 'n taal gebruik gemaak. Die simbole soos in woorde opgeneem, dra die boodskap oor. Dit is egter

belangrik om op te let dat die Bybelse openbaring van God, en sy gesprek met die mens, van beide rasionele direkte konfrontasie én aansprake op die "sien" met die geestes oog, gebruik maak. Hierdie "sien" is duidelik 'n suggestologiese hantering van die kommunikasie.

Die rol van simbole en simboliese materiaal moet gelykwaardig met die rasionele of direkte hantering van die boodskap aandag geniet. Die onderstaande bespreking verklaar dié aspek van die boodskap.

(a) Simbole en die rol daarvan in die kommunikasie tydens die erediens. - Sonder simbole vind geen kommunikasie plaas nie. Simbole kan in godsdienstige sin vanuit een van twee maniere verstaan word.⁴⁰ Die eerste manier vir die gebruik van simbole illustreer die simbool, 'n rasionele waarheid en in die tweede, wek dit intuïtiewe reaksie op.

Wat die eerste betref, kan die volgende opmerkings daarvoor gemaak word: Die simbool verteenwoordig inligting, wat die rasionele denke van die erediensganger aanvul. Dit illustreer en verduidelik, dit beredeneer en bevorder die verstaanproses op direkte argumente. Bybelse voorbeelde hiervan, is die Here Jesus Christus se gebruik van gelykenisse. Christus neem die bekende, alledaagse werklikhede, om die geestelike te illustreer.⁴¹

Wat die tweede manier vir die gebruik van simbole betref, verteenwoordig die simbool deur 'n voorwerp, geluid of handeling, 'n godsdienstige feit waarvan die erediensgangers reeds direkte kennis het. In hierdie sin word die simbool

ingespan om bestaande, ingeplante reaksies by die diensganger op te wek. Dit is 'n aangebore meesterbeeld (Engels = "master image"⁴²), 'n argaïse aanspraak op instinktiëwe reaksie. Dit is emosioneel, eerder as logies en rasioneel ingestel,

"and they thereby invest the Word with meaning it would not otherwise have."⁴³

Die simbool dra dus 'n bepaalde betekenis wat in 'n ander konteks, totaal anders verstaan sou word, maar in dié spesifieke geval, godsdienstige beleving tot gevolg het. Sulke simbole is "gelaai" met tipiese godsdienstige emosie.

Simbole soos die "Goddelike Kind", "Vader", die triomferende Koning, is hier ter sprake, en dra 'n tipiese multi-kulturele beelde.⁴⁴ In die Nuwe Testament vind hierdie en ander kollektiewe simbole gestalte, soos in die geboorte verhaal van Christus Jesus,⁴⁵ die aanspreek van God as Vader,⁴⁶ die beskrywing van Christus as die oorwinnaar,⁴⁷ ensovoorts. Deur hierdie, en ander simbole beleef die Christenmens, Godsdiens.

Begrippe soos hoogte, tyd, lig, sien, kyk en hoor, help die mens om godsdiens as "mistieke" ervaring, te beleef. Om byvoorbeeld God in sy teenwoordigheid tydens die erediens as die "mysterium tremendum",⁴⁸ die "algeheel Anderse"⁴⁹ te beleef, word deur dié tipe kommunikasie bereik. Wanneer die sintuie aangespreek word om inligting te verbeeld, dit is in die verbeelding op te roep, word tipies godsdienstige emosies opgewek.

Die Bybelse gesprekvoering toon voorbeelde waarin die mens se verbeelding aangespreek word. Die

onderstaande voorbeelde, wat die gebruik van suggestie impliseer, word bespreek om hierdie argument te staaf:-

* Johannes 7: 37 - Die Here Jesus Christus in sy redevoering op die laaste dag van die fees maak gebruik van twee begrippe wat op die verbeelding van die hoorders aanspraak maak. Hy gebruik die begrip "dors" om die mens se nood en verlore toestand aan te spreek. Die drang om dors te les, word dus die motivering vir almal in nood om die aanspraak van die uitnodiging, "kom en drink!", in geloof, na te kom. Die persoon moet "kom" en "drink". Christus interpreteer hierdie stelling van Hom onmiddellik, met:

"Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei."⁵⁰

Die verbeelding-gedagte bring die erns van die persoon se nood, asook die heerlike oplossing daarvan, deur die genadige werking van God, binne die belewingsvlak van die individu. Die persoon se nood word ontmoet. 'n Oplossing vir sy probleem word moontlik deur die alledaagse gebruik van suggestie.

Hierdie aanspraak op fisiese reaksie wat geestelik verbeeld word, kom dan ook algemeen in die Bybelse prediking aan die ongelowige na vore.⁵¹ Dit word ook verder ingespan om gelowiges tot toewyding aan te moedig, soos die volgende teksvers aandui.

* Lukas 21: 28 - Die Here Jesus Christus in sy gesprek oor die tekens wat sy wederkoms vooraf sal gaan, bemoedig sy dissipels met die begrip "staan dan op en lig julle kop op". Dié handeling moet in

die "verbeelding" uit gevoer word.⁵² Dit is daarop gemik dat hulle reeds in die hede die saligheid wat kom sal beleef.

Daar is baie voorbeelde van hoe, hedendaagse predikers hierdie lewensfeit in hulle prediking, benut het. Blackwood⁵³ beweer dat geen suksesvolle prediker, sonder die gebruik van verbeelding dié sukses sou bereik het nie. So vër terug as 1870 skryf John Broadus:

"Imagination is the imaging function of the mind. It is thinking by seeing, as contrasted with reasoning."⁵⁴

Broadus het besef dat aanspraak op die verbeelding van mense die logiese en kritiese beredenering uitsluit. Die mens beleef die prediking eerder as om daarna, soos in 'n lesing, te luister. Die voorganger tydens die erediens, kan dan ook met sekerheid en vertroue, die verbeelding van die gemeente gebruik om aanbidding te stimuleer.

In sy bespreking van Blackwood se begrip van verbeelding, toon Jay Adams⁵⁵ dat Blackwood, verbeelding as die vermoë om te "sien" wat die oorspronklike skrywer gesien het, en om die persoon in die erediens te help om ook dit te sien! Dit is egter nie om in die Skrif in te lees wat die skrywer nie bedoel het nie, maar om skeppend dit wat die skrywer wou oordra te verbeeld.

Jay Adams⁵⁶ praat van "sense appeal" wanneer hy hierdie konsep bespreek. Hy sê dat die onmiddellike doel daarvan in prediking, die aanbring van 'n bepaalde dimensie van die werklikheid (Engels = reality) is. Die erediensgangers word gelei, om te

ondervind, die Bybelse gebeurtenis of aanspraak te beleef. Hy argumenteer dat wanneer 'n persoon oor 'n bepaalde saak dink hy noodwendig emosioneel op 'n afstand daarvan staan. Om dit egter te beleef maak die feite emosioneel on-ontwykbaar. Die individu beleef dit! Daarom doen Adams moeite om in sy boek, "Sense appeal in the sermons of Charles Haddon Spurgeon",⁵⁷ te illustreer, hoedat Spurgeon die vyf sintuie in sy prediking aangespreek het. Die volgende aanhalings word as voorbeelde gegee:

* Aanspraak op die sintuig van sig.

"If anyone of us could, in our inmost souls, behold that scene, should we not be overcome? I wish I could so speak this morning that some of you would picture..."⁵⁸

Spurgeon trag om die persone in die erediens te oorreed om die gebeure waaroor sy prediking handel, te sien. 'n Skildery moet in die verbeelding geskilder word. Die volgende aanhaling gaan selfs verder, en word persone uit gedaag om die kruisgebeure gade te slaan. Hy sê:

"Do you mark him in your imagination nailed to yonder cross! Do you see his hands bleeding, and his feet gushing gore? Behold him!"⁵⁹

Spurgeon maak ook aanspraak op die sintuie van gehoor en reuk, soos hieronder bespreek.

* Aanspraak op die sintuie van gehoor en reuk.

"Hark! Hark! Methought I heard sweet music; methought I heard a song descending from the

regions up above, born down by gales whose breath is sweet as that which comes from the spicy groves of Araby."⁶⁰

Die mense teenwoordig word deur Spurgeon as't ware gelei om die soete klanke te hoor en die aangename geur te ruik. Op dié wyse bring hy 'n element van belewenis by die erediensganger tuis.

* Aanspraak op die tas-sintuig.

Die meesleurende aard van Spurgeon se aanspraak op die sintuie, word aangrypend deur die volgende aanhaling geïllustreer. Dit is byna asof die prediker die individu se hand neem, en hom na Christus toe lei. Sy woorde skilder 'n toneel waarin die drenkeling, slegs sy hand moet uitsteek, om gehelp te word.

"Out with your finger! Dear soul, out with your finger! Do not go away till you have touched the Lord by a believing prayer "⁶¹

* Aanspraak op die smaaksintuig.

"Suppose you tell me that honey is bitter. I reply, 'No, I am sure you cannot have tasted it; taste it and try.' So it is with the Holy Ghost."⁶²

Die bostaande aanhaling uit die prediking van Spurgeon toon hoedat hy die sintuig van smaak, aangespreek het. Die persone word genooi om te proe, die smaak te beleef. Spurgeon het op meesterlike wyse, in sy prediking, op die sintuie van die erediensganger aanspraak gemaak.

Die gebruik van simbole soos hierbo verduidelik,

is nie beperk tot die verbeelding van woorde nie. Die argitektoniese samestelling van die gebou; die teenwoordigheid of afwesigheid van kuns uitbeeldinge soos skilderye, kruise ensovoorts; die plasing van die doopfond, nagmaaltafel en kansel, het 'n bydraende invloed op die betekenis wat erediensgangers aan die kommunikasie tydens die diens sal heg.

Die volgende paragraaf bespreek die plek en rol van emosies in die kommunikasie tydens die erediens. Die bespreking oor simbole het telkens die saak van emosies aangeraak. Dit word hieronder uitgebrei.

(b) Emosies en die rol daarvan in die kommunikasie tydens die erediens. - Die voorafgaande bespreking van simbole en die reaksie wat dit by mense ontlok, toon dat emosies en die rol daarvan in die kommunikasie tydens die erediens, verstaan moet word om sinvol die gebeure te verduidelik. Dit is reeds opgemerk dat daar 'n baie noue en selfs sinonieme verbinding tussen simbole en emosies bestaan.⁶³ Simbole is die snellermechanisme om emosies, in werking te stel.

Emosies word gekenmerk deur 'n verlies aan vrywillige beheer.⁶⁴ Dit het spontane gedrag tot gevolg. Aangename emosies versterk gedrag terwyl onaangename emosies de-motiverend van aard is. Die moontlikheid van bepaalde gedrag verhoog na gelang van die toename in intensiteit, waarmee die indivi- du 'n bepaalde emosie of kombinasie van emosies, beleef.⁶⁵ Hierdie emosionele intensiteit word veral deur die voorganger(s) in die erediens gemanipuleer. Indien die persone in die erediens meedoen aan dit wat plaasvind én die stimulus- intensiteit verhoog, byvoorbeeld in

hardheid of gedemptheid, tempo ensovoorts, sal 'n toename in emosionele belewenis sigself manifesteer.

Dié belewenis van die mens word deur die reaksie van die ander diensgangers versterk.⁶⁶ Saam doen hulle bepaalde handeling wat spesifieke betekenis vir die groep inhou. Op die wyse speel die rituele aspek van die erediens 'n baie belangrike rol en moet dit van naderby omskryf word.

(c) Die rol van ritus in die kommunikasie tydens die erediens. - Die gebruik van die begrip ritueel word in Protestantse kringe met suspisie bejeen. Tog is dit 'n integrale deel van die menslike lewe.⁶⁷ Die mens in sy gemeenskaplewe is aan mekaar verbonde deur liefde, lojaliteit en gemeenskaplike kultuur. Hierdie kultuur word grotendeels deur simbole en ritus oorgedra,

"making visible the intangibles, and allowing human beings to communicate to one another the riches of all that is between them. Symbolic action enables the transmission of these things from one generation to another."⁶⁸

Die ritus gee aan die groep dus 'n middel waarlangs hulle hul gemeenskaplike lojaliteite, geloofsoortuigings en gebruike kan oordra. Dit is 'n groepshandeling wat die kultuur bevestig en inskerp.

Met ritus in godsdienstige sin, word bedoel die gebruike van 'n bepaalde kerkgroep, wat in 'n mindere of meerdere mate, 'n vaste vorm of elemente handhaaf. Dit verskaf betekenisvolle eienskappe aan tyd en ruimte,⁶⁹ 'n struktuur wat

uitdrukking gee aan die gelowige se identifikasie met Christus as Verlosser. Dit is die kanaal, die woordeskat waardeur die verhouding beleef word. Die woorde, simbole en ritus is nie blote visuele hulpmiddels⁷⁰ nie maar vorm 'n integrale deel van hierdie lewende verhouding. Dit wek die mens op tot emosionele gesindhede soos in die verlede ondervind.⁷¹ Om te kniel, die hoof te buig, te eet of drink, woorde herhaal in byvoorbeeld sang, bewerk 'n gevoelselement wat in die verlede daarmee geassosieer was.

Die ritus bewerk en ondersteun 'n gewaarwording van diepe respek en bewondering voor die wonder van die Goddelike teenwoordigheid. Die menslike bestaan word met transendentale betekenis gevul en sosiaal word die individu aanvaar, nie op grond van enige verdienstelikheid nie, maar op grond van die Goddelike uitnodiging in die Here Jesus Christus. Die persoon word, sonder bekwaamhede, 'n deelnemer in en aan die diens van God. Die rituele aspek van die erediens vra dat voorgangers, spesifiek hieraan aandag sal gee in die beplanning van dienste. Musiek en sang is dan ook die één liturgiese element wat die rituele aspek van die kommunikasie tydens die erediens uitbeeld.⁷² Daarom is dit nodig om aandag aan die plek en rol van musiek en sang in die erediens te gee.

(d) Die plek en rol van musiek en sang in die kommunikasie tydens die erediens. - Musiek en sang is volgens die vroegste Bybelse inligting deel van die volk van God se godsdiens/kulturele lewe.⁷³ Daar was spesifieke Leviëte deur Dawid aangestel om as musici 'n liturgiese rol in te neem.⁷⁴ Die boek van Psalms is 'n bundel liedere.⁷⁵ Nuwe Testamenties word gesing aan die einde van die Maaltyd van die Here,⁷⁶ Paulus leer die gemeen-

tes van Efése en Kolosse om mekaar te vermaan en bemoedig deur sang,⁷⁷ terwyl verskeie Nuwe Testamentiese gedeeltes deur geleerdes⁷⁸ as liedere uitgewys is.

Die invloed van musiek in die kerkgeskiedenis is duidelik as die opmerking van, 'n opponer van die Reformasie, oor Luther se musiek van nader ondersoek word. Hy het gesê:

"Luther has done us more harm by his songs than by his sermons."⁷⁹

Deur hierdie opmerking word die besondere krag van sang as kommunikasie-middel onderstreep. Dit openbaar die eienskap dat dit gevoelsinhoud aan 'n bepaalde waarheid of boodskap gee, wat andersins nie beleef sou word nie. Sang wek die emosionele belewenis wat die boodskap internaliseer.

Musiek en sang het dan ook 'n sterk suggestologiese invloed. Christene in aanbidding sing eerder met die "hart" as met die verstand.⁸⁰ Dit het die vermoë om die boodskap in die erediens by die individu tuis te bring. Soos Elec Wyton sê:

"appropriate choral music can underline and enhance words until they say more than they ever could say when read aloud."⁸¹

Hierdie afleiding van Wyton stem ooreen met die konklusies van hierdie studie. Die suggestologiese invloed van musiek mag nooit onderskat word nie.

Hy waarsku dan ook dat daar 'n wesenlike gevaar bestaan dat die musiek, musici of prediker die bewondering van die mense geniet, terwyl dit God toekom.⁸² Musiek moet ook streng aan teologiese

evaluasie onderwerp word en moet voortdurend die eer van God voorop stel.⁸³

Musiek kan in verskeie rolle tydens die Christelike erediens ingespan word,⁸⁴ naamlik, om die boodskap tuis te bring deur die woorde wat gesing word; musiek in assosiasie met bekende melodië as bevestiging van bepaalde liturgiese aksies soos die gee van 'n offergawe; ensovoorts. Dit wys dus heen na die doel van die aanbidding,⁸⁵ help die mense in die erediens om te aanbid en wek emosionele reaksie en korporele meeleving.

Sargant se opmerking⁸⁶ dat die menslike brein besonder sensitief vir ritmiese stimulasie is, toon dat musiek 'n stressbouende funksie kan vervul. Daarom kan ritmiese handeklap gepaard met emosievolle sang 'n bepaalde groep tot oortuigings bring wat andersins nie moontlik sou wees nie.

(e) Die rol van die aanbiddingsruimte in die kommunikasie tydens die erediens. - Die opmerking van Winston Churchill dat mense hulle geboue vorm en daarna vorm die geboue die mense, is ontstellend waar van baie kerkgeboue. Die konklusie van S. Anita Stauffer in 'n artikel in "Reformed Liturgy and Music",⁸⁷ som dié feit mooi op:

"A congregation's worship space will shape the congregation's theology. It will help or hinder the congregation's worship. It will encourage or discourage evangelism. It will influence people's encounter with the Holy One and with each other."

James White⁸⁸ illustreer die saak verder in sy beskrywing van twee kerkgeboue wat in dieselfde

tyd deur Duitse immigrante gebou is. Die een is ooglopend 'n "preaching church par excellence", terwyl die ander die sigbare objekte van die nagmaal prominent inkorporeer.

Die aanbiddingsruimte bepaal dus hoe 'n gemeente die kommunikasie tydens eredienste sal beleef. Voorgangers en leiers moet met die oprigting van geboue daarop let dat die aanbiddingsruimte beide funksionele en simboliese waarde het.⁸⁹ Die een moet nie ten koste van die ander oorheers nie.

Die gevolgtrekking van dié argument is dat die fisiese aanbiddingsruimte die begrip van die erediensganger sterk sal beïnvloed. Hierdie suggestologiese gegewe moet deeglik in die beplanning van eredienste inag geneem word.

Die vordering in die daarstelling van 'n basis waarvolgens suggestie as verduideliking van gebeure in die erediens gegee kan word, lei tot 'n konklusie wat die alternatiewe kommunikasiemodel sal inlei.

4.1.3. KONKLUSIE UIT DIE BESPREKING VAN DIE BOODSKAP EN KANAAL VAN KOMMUNIKASIE TYDENS DIE EREDIENS

Die kommunikasie in die erediens het 'n baie sterk suggestologiese basis. Dit maak van woorde, ritus en ander simbole gebruik wat intuitiewe reaksie by die mens ontlok. Die erediens is gegrond op, en impliseer 'n mistieke ontmoeting tussen God en die erediensganger.

Om dit wat in die erediens gebeur uit 'n suggestologiese gesigspunt te verduidelik, laat ruimte vir 'n bevredigende, wetenskaplik verantwoordbare verklaring en die ingrypende werking van God. Dit

toon aan dat God van die normale alledaagse beginsels van kommunikasie tussen mense en Homself gebruik maak om sy heerlike doel in die menslike lewe te bereik.

Dié konklusie vra dat 'n alternatiewe model vir die kommunikasie in die erediens geformuleer moet word. Die onderstaande model word voorgestel.


5. 'N ALTERNATIEWE MODEL VIR DIE KOMMUNIKASIE TYDENS DIE CHRISTELIKE EREDIENS

5.1. SKEMATIESE VOORSTELLING EN FORMULE VIR DIE VOORGESTELDE MODEL

Die pogings om 'n model vir die kommunikasie tydens die erediens daar te stel, is talryk. Die kommunikasiekunde het dan ook 'n waardevolle bydrae tot die verstaan van kommunikasie tydens die erediens gelewer. Die gedagte om 'n alternatiewe model daar te stel, is gebore uit die baie komplekse aard van die spesifieke situasie van die erediens. Die uniekheid van hierdie voorgestelde model is daarin geleë dat dit op 'n wiskundige uitdrukking geskoei is.

Dié alternatiewe model van die kommunikasie in die Christelike erediens het 'n eksponensiële grafiese funksie. Die uitwerking of invloed van die kommunikasie op die persoon wat die erediens bywoon is dus méér as die somtotaal van kommunikasiefaktore. Dit het eerder 'n vermenigvuldigings effek. Die verwantskap tussen die x - en y -asse is kumulatief en nie liniêr nie, namate x toeneem is die toename van y hoër as wat in 'n liniêre verwantskap verwag sou word.

Die onderstaande skematiese voorstelling gee uitdrukking aan dié model:-



Die kommunikasieformule vir die erediens kan as volg uitgedruk word:-

$$y = (R.V1.T1.E1.T2.T3.A4.T4.E2.V2.G1)^x$$

Waar die volgende waardes geld:

y = Invloed van die totale kommunikasie tydens die erediens.

x = Die intensiteit van die kommunikasiefaktore.

R = 'n Konstante wat die erediensganger se vermoëns, kennis en kulturele agtergrond uitdruk.

$V1$ = Direkte argumente en kommunikasie van die voorganger(s).

$T1$ = Die som van die erediensganger se Endo-fisiese ($P1$) én Endo-psigiese toestande ($P2$) uitgedruk as -

$$T1 = P1 + P2.$$

$E1$ = Eksterne fisiese toestande wat die individu beleef. Dit is die indrukke wat die persoon van die Kerkgebou en die atmosfeer kry. Die gemak of

ongemak van sitplekke en temperatuur, die sig- en hoorbaarheid, asook die persoon se estetiese belewing.

T2 = Die produk van die motivering vir die persoon se teenwoordigheid by dié spesifieke diens (P3) én die geprojekteerde motivering vir diensbywoning van die ander diensgangers by dié diens (A1) uitgedruk as -

$$T2 = P3 \times A1.$$

T3 = Die produk van die verwagting van die persoon vir die spesifieke diens (P4) én die geprojekteerde verwagting vir die diens, van die ander persone in die diens (A2) uitgedruk as -

$$T3 = P4 \times A2.$$

A4 = Geprojekteerde meelewing en deelname van ander diensgangers.

T4 = Die produk van die vertroue van die persoon in die voorganger(s) (P5) én die geprojekteerde vertroue in die voorganger(s) van die ander diensgangers (A3) uitgedruk as -

$$T4 = P5 \times A3.$$

E2 = Eksterne psigiese toestande wat die individu beleef. Dit is algemene emosionele klimaat van die gemeenskap soos in tye van oorlog en rampe, asook die interpretasie (betekenis) wat die persoon aan die gebeure tydens die diens heg.

V2 = Nie-verbale kommunikasie van die voorganger(s).

G1 = Bonatuurlike Goddelike ingrype in die persoon se lewe as gevolg van die unieke aard van die Christelike erediens.

P1 = Die erediensganger se Endo-fisiese toestande, dit is die erediensganger se behoefte aan basiese lewensmiddele soos voedsel en vloeistowwe wat nodig is om te oorleef en welsyn te beleef.

P2 = Die erediensganger se Endo-psigiese toestande; dit is die basiese behoefte aan sekuriteit.

P3 = Motivering vir die persoon se teenwoordigheid by dié spesifieke diens

P4 = Verwagting van die persoon vir die spesifieke diens.

P5 = Vertroue van die persoon in die voorganger(s).

A1 = Geprojekteerde motivering vir diensbywoning van ander diensgangers.

A2 = Geprojekteerde verwagting vir die diens van die ander diensgangers.

A3 = Geprojekteerde vertroue in voorganger(s) van die ander diensgangers.

5.2. BESPREKING VAN DIE VOORGESTELDE MODEL

Die invloed wat die kommunikasie tydens 'n bepaalde erediens uitoefen, begin by die konstante (R) wat die persoon se algemene kommunikasie vaardighede verteenwoordig.⁹⁰ Dit is 'n konstante wat in waarde binne 'n bepaalde gemeente min van persoon tot persoon sal verskil. Dit strek uit 'n oneindige waarde en maak die individu in die bepaalde situasie 'n kommunikeerbare persoon.

Die voorganger se direkte woorde en argumente (V1) het ongeveer 'n sewe persent (7%) trefkrag.⁹¹ Dié kommunikasiefaktor moet dus nie in die erediens oorskat word nie.

Sodra dié persoon se endo-fisiese (P1) en endo-psigiese (P2) toestand 'n positiewe som oplewer (T1), verhoog die invloed van die kommunikasie onmiddelik. Die kurwe swaai positief. Dié faktor vergelyk met die universele behoeftes van die mens, wat deur die kommunikator volgens Fourie⁹² as noodsaaklik vir beter kommunikasie beskou moet word. Die teendeel is egter ook waar. Indien 'n persoon byvoorbeeld siek sou voel of in pyn verkeer sal die grafiek waarskynlik op die vorige vlak

bly of selfs negatief wegbuig.

Die volgende kommunikasiefaktor wat die invloedvlak kan verhoog, is die persoon se belewenis van die fisiese omgewing (E1) van die kerkgebou. Indien die persoon gemaklik met die temperatuur, die sitplekke en die algemeen hoor- en sigbaarheid van gebeure voel, word die invloedkurwe opwaarts gedwing. Soos reeds omskryf,⁹³ is die omgewingsamestelling van kardinale belang in die kommunikasiesituasie. Ook hier sal 'n negatiewe belewenis kontraproduktief teen die invloedkurwe inwerk.

Die invloed van die kommunikasie verhoog drasties indien die persoon sou beleef dat die motivering⁹⁴ wat hy ten opsigte van sy teenwoordigheid by die spesifieke diens (P3) ooreenstem (T2) met die geprojekteerde motivering van die ander diensgangers (A1). Baie nou aan die motivering gekoppel is die verwagtinge wat die persoon vir die diens koester (P4)⁹⁵ in kombinasie (T3) met die geprojekteerde verwagting van die ander diensgangers (A2). Motivering wat as dwang beleef word, of verwagting wat negatiewe emosies opwek, sal die invloedskurwe laat afplat of selfs negatief beïnvloed. Waar persone vooraf verwag dat hulle binne 'n bepaalde groep aanvaar sal word, sal die waarskynlike toegenentheid tot blootstelling aan die kommunikasie verhoog. Die gedrag van die ander diensgangers (A1), (A2), (A3) en (A4) stimuleer op positiewe wyse die invloed van die kommunikasie tydens die erediens.⁹⁶ David Kenny en Thomas Malloy⁹⁷ toon dat hulle in hulle studies bevind het dat 'n persoon se gedrag tydens sosiale interaksie deur die persone waarmee hy assosieer, bepaal word. Die sogenaamde "partner effect" sal dus in die erediens die invloed van die kommunikasie beïnvloed.

Die volgende kommunikasiefaktor (T4) wat op die

invloedkurwe inwerk, is die vertroue wat die voorganger by die persoon (P5)⁹⁸ én die ander diensgangers wek. Die individu sal die algemene vertroue in die voorganger (A3) met sy eie beleving in verband bring. 'n Positiewe aanduiding verhoog die waarde van die invloedkurwe, terwyl 'n negatiewe beleving die invloedvlak verlaag. Hierdie faktor word beïnvloed deur die betekenis wat diensgangers aan gebeure heg. Waar diensgangers dieselfde betekenis met betrekking tot die verskillende gebeure deel, stimuleer dit deelname en die invloed van die spesifieke diens op die individu.

Saam met die ander diensgangers beleef die individu ook 'n bepaalde eksterne psigiese toestand (E2). Veral in gevalle van streeks- of nasionale rampe en dreiginge sal die persone tydens die erediens 'n eenheid beleef wat die kommunikasieinvloed van dié spesifieke diens drasties sal verhoog. Hierdie gesamentlike belewenis asook die verstaan en interpretasie (betekenis) wat aan die gebeure tydens die erediens gegee word, kan die invloedkurwe negatief of positief dwing.

Die voorganger se gebruik van doelbewuste nie-verbale kommunikasie (V2), is die volgende kommunikasiefaktor wat die invloedvlak van kommunikasie tydens die erediens bepaal.⁹⁹ Indien die erediensganger nie-verbale kommunikasie as positief beleef, word dit as 'n doelbewuste¹⁰⁰ handeling van die voorganger beskou. Wat meer is die diensganger sal dié boodskap(pe) as die doel van die kommunikasie beleef.¹⁰¹ Hierdeur word die invloedgrafiek van die kommunikasie sterk opwaarts gedwing.

Die laaste faktor wat in hierdie model ter sprake kom, is die bonatuurlik Goddelike ingrype (G1) in die persoon se lewe. Deur die werking van die Heilige Gees in oortuiging,¹⁰² die wedergeboorte¹⁰³ ensovoorts, word die kommunikasie tydens die erediens effektief,

word die invloed tot 'n maksimum gevoer.

5.3. GEVOLGTREKKING TEN OPSIGTE VAN DIE VOORGESTELDE MODEL

Die voorgestelde kommunikasiemodel vir die Christelike erediens, trag om uitdrukking aan 'n baie komplekse gebeurtenis te gee. Die invloed van die totale kommunikasie tydens eredienste het 'n eksponensiële grafiese funksie wat toon dat die eredienskommunikasie, nie bloot uit die opeenhoping van kommunikasiefaktore bestaan nie, maar dat hierdie faktore 'n produk, 'n vermenigvuldigende effek, van hierdie faktore veronderstel. Verder is van hierdie faktore in 'n laer orde of graad van invloed terwyl andere 'n hoër graad van kommunikasie beïnvloeding daarstel.

Sommige van hierdie faktore kan deur die voorganger gemanipuleer word, andere lê buite sy invloedssfeer. Dié faktore wat binne die voorganger se manipulasieveld lê, kan ontwikkel en ingespan word. Die aanwending daarvan moet egter altyd onder die beheer van gesonde beginsels plaasvind, terwyl die mees ideale omstandighede vir effektiewe kommunikasie geskep moet word.

Van kardinale belang, is dat die erediensganger nie die kommunikasiefaktore as enkele elemente beleef nie, maar dit as 'n eenheid en geheel waarneem. Die voorganger se stem-intonasie, die tempo waarteen, en die dringendheid waarmee hy praat, asook die inhoud van dit wat gesê word, word as één eksistensiële werklikheid in die hede beleef. As voorbeeld kan die volgende omstandighede in die erediens genoem word: Die opeenhoping van emosionele spanning deur vrees vir 'n ewige verdoemenis, gepaardgaande met die verwagting dat die tyd kort is, sal waarskynlik die erediensganger sterk tot oorgawe motiveer. Dit is dus die onbewuste waarneming van die subjek, afgelei uit die erediens-

samestelling, die emosionele klimaat van die prediking en die verwagting wat heers, wat spesifieke betekenis vir die individu aandui.

Dit is dus duidelik dat die persoon wat homself in 'n bepaalde erediens bevind homself blootstel aan 'n invloed wat hy nie altyd logies sal kan verantwoord nie. Omdat dié stelling waar is, moet voorgangers kennis neem van hulle verantwoordelikheid. Die onderstaande teologiese evaluasie word eers gedoen voordat spesifieke beginsels geformuleer word.

6. TEOLOGIESE EVALUASIE VAN DIE SUGGESTOLOGIESE VERDUIDLING VAN DIE GEBEURE TYDENS DIE EREDIENS

Onder dié opskrif word twee aspekte van Bybels teologiese besinning op die kommunikasie-situasie van toepassing gemaak. Die vraag wat hier gevra word, is: Laat die Bybels teologiese besinning 'n suggestologiese kommunikasiemodel vir die erediens toe? Die bespreking wat volg, stel voor dat dit juis vanuit dié verduideliking is, dat menslike gedrag tydens die erediens verantwoord kan word. Die eerste aspek van Bybels teologiese besinning wat bespreek word, is die Goddelike ingrype in die menslike lewe.

6.1. GODDELIKE INGRYPE IN DIE MENS SE LEWE AS BYBELS TEOLOGIESE WERKLIKHEID

Die genadige ingrype van God in die mens se lewe word deur verskeie Bybelse skrywers, onder andere Johannes en Paulus, baie duidelik gestel.¹⁰⁴ Dit is God wat die inisiatief neem sodat die saligheid van die mens in geen opsig op kans gegrond is nie. Dit is God wat die mens in staat stel om in geloof na Hom terug te keer,¹⁰⁵ wat die mens met Homself in Christus versoen het¹⁰⁶ en so die mens herskep.¹⁰⁷ Hierdie ingrype van God berus in 'n groot mate op die kommunikasie van die Evangelie,¹⁰⁸ die "dwaasheid van die prediking."¹⁰⁹

In die kommunikasie tydens die erediens, kan die Goddelike ingrype dus die invloed van dié kommunikasie tot sy maksimale punt neem, en die mens se lewe verander, en in reddende genade, omskep.

6.2. BYBELS TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE EN DIE BESKRYWING WAT DIT VAN DIE MENS GEE

Die Bybels teologiese antropologie stel die mens voor as 'n eenheidswese wat nie in kompartemente verdeel kan word nie. Daarom sal die kommunikasie tydens die erediens die mens as sulks moet erken.

6.2.1. DIE MENS AS LIGGAAM

Dit is duidelik dat die mens in sy somatiese of liggaamlike bestaan, Bybels as verantwoordelik vir sy eie aksies gehou word. Bultmann¹¹⁰ saam met andere,¹¹¹ verduidelik dat die apostel Paulus met die gebruik van die begrip "soma", aandui dat die mens in staat is om homself die mikpunt van sy eie handeling te maak. Die mens staan in verhouding tot homself, en belewe sy bestaan as 'n geïntegreerde werklikheid.

Die fisiese belewenis van die mens, soos uitgedruk in sy ervaring van gemak of ongemak, maak die persoon toeganklik of geslote vir die kommunikasie. Die mens is egter ook 'n geestelike wese, wat ook uit 'n Bybels teologiese oogpunt beskryf moet word.

6.2.2. DIE MENS AS GEES

Die mens is ook gees. Die Bybelse beskrywing van die mens as "ruach" of "pneuma" verstaan die mens, as sou hy in staat wees om in verhoudings met andere en met God te tree. In dié verband sê

George Ladd in sy bespreking oor I Korintheërs 2:
11:¹¹²

"This seem to be a psychological statement that is universal in its application. Pneuma is used here of man's self-awareness or self-consciousness. Although Paul does not affirm it, it follows logically that because all men are pneumata, they are capable of enjoying a distinctive relationship to each other. Furthermore, because God too is pneuma, the human pneuma is the 'organ which receives the Spirit of God.' It is because man possesses pneuma that he is capable of being related to God."

Dit is dus vir die mens moontlik, deur sy pneumatiese of emosionele belewenis soos hy aanvaarding deur andere tydens die diens, die inwerking van die Heilige Gees ensovoorts ervaar, om toeganklik of geslote vir die kommunikasie te wees. Hierdie kommunikasie stel die mens instaat om in die lig van sy godsdiens, tussen goed en kwaad 'n keuse te maak. Bybels teologies gesproke kan enige van die kommunikasiefaktore wat geïdentifiseer is, die mens tydens die diens beïnvloed.

Met die voorafgaande basis kan beginsels vir die kommunikasie tydens die erediens geformuleer word. Dié beginsels moet voortdurend die kommunikasie tydens die erediens beheer.

7. BEGINSELS WAT DIE KOMMUNIKASIE TYDENS DIE CHRISTELIKE EREDIENS BEHEER

Die onderstaande beginsels word voorgestel in die lig van die definisie, en bespreking oor suggestie asook die verduidelikende teorie wat gegee is. Die voorgestelde model

vir die kommunikasie tydens die erediens motiveer die impak van suggestie en vra dat beginsels die Christelike erediens sal beheer. Die eerste beginsels wat voorgestel word staan in verband met die voorganger se motivering.

7.1. MOTIEWE VAN DIE VOORGANGER MOET SUIWER WEES, EN GOD MOET IN DIE EREDIENS SENTRAAL GEPLAAS WORD

Die voorganger moet voortdurend bewus wees dat hy in diens van God staan, en daarom sal hy deur die erediens en veral in die prediking, God aan die Woord moet plaas.¹¹³ Soos die Ou Testamentiese profete en ander Bybelse predikers moet die voorganger die mondstuk van God wees wat altyd die "So spreek die Here"-formule handhaaf. Vir Karl Barth is prediking byvoorbeeld:

"the attempt, essayed by one called thereto in the church, to express in his own word in the form of an exposition of a portion of the Biblical testimony to revelation, and to make comprehensible to men of his day, the promise of God's revelation, reconciliation and calling, as they are to be expected here and now."¹¹⁴

Op hierdie wyse sal die voorganger die kommunikasie inspan om God sentraal in die diens te plaas. Dit is immers God se teenwoordigheid wat tydens die diens gevier word.¹¹⁵ Dit is 'n herhaling of bevestiging,¹¹⁶ 'n "recapitulation",¹¹⁷ soos J-J von Allmen dit stel, van God se heil.

Die voorganger moet dus voortdurend gemotiveer word deur sy Godgegewe roeping, om God die sentrale plek in die erediens te gee. In Christelike aanbidding gaan dit nooit in die eerste plek om die bevrediging van menslike behoeftes, of om weldadigheid by die mens te bewerk of om een of ander maatskaplike bevrediging te

gee nie, maar om God. God is die primêre Subjek van aanbidding.¹¹⁸

Aanbidding wat hierdie beginsel ignoreer het niks met Christelike aanbidding te doen nie. Die toets vir die erediens is nie geleë in die stylvolheid of vermaaklikheidsinhoud daarvan nie, maar of dit die lewende Woord van God aan die mense gebring het. Die beginsel gee aanleiding tot die volgende, naamlik dat die erediens inhoudelik deur die Woord van God beheer moet word.

7.2. DIE BYBEL MOET DIE INHOUD EN GEBEURE TYDENS DIE EREDIENS BEPAAL

Die voorganger moet in die beplanning vir, en beheer tydens die erediens, seker maak dat die Woord van God dit wat gebeur, inhoudelik en prakties onderskryf. Die erediens is die ontmoeting tussen God en sy gemeente deur die werking van die Heilige Gees en sy Woord.

Daar moet dus 'n hoë premie op die Bybel en Bybelse inhoud vir die erediensgebeure geplaas word. Dit moet in die erediens gaan om God wat spreek, eerder as 'n gesprek oor God. God is die Senior Vennoot¹¹⁹ in die dialoog¹²⁰ tussen God en sy gemeente.

Gedrag wat in die erediens voorkom, moet ten minste op grond van goeie eksegeese, Bybels gemotiveer kan word. Dit sou egter verkieslik wees indien die gedrag op grond van Bybelse voorbeelde gemotiveer kon word. Op die wyse sal die diensgebeure Bybels sinvol verantwoord kon word.

7.3. HANDELINGE WAT TYDENS DIE EREDIENS UITGEVOER WORD MOET 'N ALGEMENE VERSTAANBARE BETEKENIS OORDRA

Die handeling wat tydens die erediens uitgevoer word moet deur almal wat dit meemaak met dieselfde betekenis

beklee word. Dikwels word handeling met geen sinvolle betekenis by die diensgangers uitgevoer. Die handeling wat tydens 'n diens voorkom moet deur almal verstaan word. Die aksies moet in die geheel gesien sin maak, maar ook as afsonderlike handeling betekenis oordra. Dit moet iets sê. As voorbeeld kan 'n vraag gestel word oor die gebruik om te staan tydens sang, of wat 'n vuis in die lug as handopheffing sou beteken? Alleen gedrag wat sinvol betekenis oordra is gepas vir die erediens. Waar gedrag egter bloot vir die meelewing of "vermaak" van die persone wat deelneem is, moet dit sterk afgewys word.

Hierdie beginsel impliseer verder dat die liturgiese orde sinvol 'n geheel tydens 'n spesifieke diens sal vorm. Liturgiese handeling, aksies (elemente) wat in die erediens beplan word, moet in die lig van 'n sentrale tema die spesifieke doelstelling van die diens bevorder. Losstaande items sal dus afgewys moet word.

Die bostaande bespreking verteenwoordig 'n poging om beginsels te formuleer. Navorsing en ander insigte sal bepaald hierby kan voeg. Samevattend kan egter gesê word dat dié beginsels as 'n minimum vir effektiewe beheer tydens die erediens moet geld. Die voorganger wat eerlik dié beginsels toepas, sal suggestie gebruik, en nie misbruik nie.

8. KONKLUSIE

Die vordering in die bereiking van die doelstellings van hierdie studie toon 'n omskryf van begrippe, en die daarstelling van 'n werksdefinisie vir suggestie. Die verskynsels in die erediens is aan die hand van verskeie teorieë verduidelik, met die voorstel dat die suggestologiese verklaring as die mees wetenskaplik verifieerbare verduideliking aanvaar moet word.

Hierna is in die lig van dié bespreking 'n alternatiewe kommunikasiemodel vir die Christelike erediens ontwerp. Dié model neem die suggestologiese aspek van kommunikasie tydens die Christelike erediens in ag. Dit laat egter ook ruimte vir toepassing in ander kommunikasie-situasies anders as die erediens. Daarom is beginsels wat die kommunikasie tydens die erediens moet beheer, geformuleer.

Met hierdie teoretiese besinning en insigte kan die praktyk van die Christelike erediens van nader ondersoek word. Die volgende deel van die studie sal dan ook suggestie in praktiese perspektief plaas. Dit sal die erediens soos dit in verskillende teologiese raamwerke bedryf word, ondersoek en evalueer.

oo0oo

DEEL II

SUGGESTIE BINNE DIE EREDIENS IN PRAKTIESE PERSPEKTIEF

Met die teoretiese basis wat in deel I gelê is, kan die praktyk van eredienste soos in die afbakening van die studieveld bepaal is,¹ onder oë geneem word. Dié deel van die studie wil beide dit wat in die praktyk ten opsigte van suggestie uitgewys én die beginsels wat geformuleer is, na aanleiding van dié gegewens evalueer.

Hoofstuk 4 beskryf die navorsingsinstrumente wat in die insameling van data gebruik is. Dit toon hoedat die geformuleerde beginsels aan die hand van dié instrumente betekenisvolle insette tot die praktyk van die erediens lewer.

Hoofstuk 5 evalueer die data wat versamel is, om in hoofstuk 6 tot 'n finale konklusie te kom.

Hoofstuk 5 evalueer die data wat ingesamel is. Hieruit is dit duidelik dat onbewuste beleving van verskeie kommunikasiefaktore dra alles by tot die finale gedrag van die individu tydens en as gevolg van die erediens.

In Hoofstuk 6 word die finale konklusie waartoe die studie kom, beskryf. Die sinvolle aanbidding van die gemeente sal die eer van God in en deur die erediens bevestig.

oo0oo

HOOFSTUK 4

DIE METODIEK WAT IN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK GEVOLG IS

1. INLEIDING

In die empiriese ondersoek is daar van drie vraelyste gebruik gemaak, om die data in te win. Die eerste is ingevul tydens of na 'n spesifieke diens deur 'n waarnemer. Dit is ontwerp om praktiese inligting aangaande dié diens asook om die verloop van die diens te beskryf. 'n Kontrolerende element is in hierdie vraelys ingebou, om die ander vraelyste daaraan te toets. Die tweede is deur die prediker na die diens ingevul om sy beplanning en doelbewuste optrede te identifiseer. Die derde vraelys is deur vrywilligers wat na afloop van die diens bereid was om agter te bly, ingevul. Vraelys 3 is dus op 'n ewekansige basis uitgedeel en deur respondente ingevul. Na die diens is die inligting verwerk. Die resultate word in hoofstuk 5 gegee en bespreek.

In hierdie hoofstuk word die vraelyste afsonderlik bespreek om sodoende die spesifieke samestelling en toets-element uit te wys. Die vraelyste word hier bespreek, en nie in 'n aanhangsel tot die studie bygevoeg nie, sodat die spesifieke werkwyse duidelik uitgewys kan word.

2. VRAELYS 1: WAARNEMER SE REAKSIE OP DIE EREDIENS

Hierdie vraelys is tydens, of na die spesifieke diens, deur 'n persoon wat vooraf deur myself ingelig is ten opsigte van die prosedure wat gevolg moes word, ingevul. Die eerste saak waaroor die waarnemer moes verslag lewer, is die kerklike agtergrond van die erediens.

2.1. KERKLIKE AGTERGROND VAN DIE EREDIENS

Die volgende vrae is aan die waarnemer gestel om die

kerklike agtergrond te bepaal. Die oogmerk van die vrae is om die erediensganger se ingesteldheid tot die spesifieke diens, die teologiese agtergrond en moontlike verwagtinge vir die diens te kontroleer:

1. Naam van Kerkgenootskap:	1	Nederduits Gereformeerde Kerk.	
	2	Gereformeerde Kerk.	
	3	Hervormde Kerk	
	4	Apostoliese Geloof-sending.	
	5	Volle Evangelie-kerk.	
	6	Pinkster Protestante Kerk.	
	7	Baptistekerk.	
	8	Presbiteriaanse Kerk.	
	9	Metodistekerk.	
	10	Anglikaanse Kerk	
	11	Ander _____	
2. Kerklike tradisie:	1	Gereformeerde.	
	2	Pinkster.	
	3	Neo-Pentekostelists.	
	4	Heiligheidsgroep.	
	5	Ander _____	

2.2. FISIESE SITUASIE TYDENS DIE EREDIENS

Met fisiese situasie word bedoel om vrae te stel, wat die kerkgebou en dit wat veral die erediensgangers se fisiese belewenis beïnvloed, te kontroleer.¹ Winter of somer,

gemaklike sitplekke en algemene fisiese omstandighede moet bepaal word. Met dié doelstelling in die oog is die volgende inligting in vrae 3, 4, 5, 6, 11, 12 en 13 bekom:

3. Datum van erediens:		
4. Adres waar erediens gehou is:		
5. Plek waar erediens gehou is:	1 Kerkgebou met vaste banke.	
	2 Kerksaal of ander saal met los stoele of banke.	
	3 Woonhuis of woonstel	
	4 Ander _____	
6. Voertaal:	1 Afrikaans.	
	2 Engels.	
11. Luidsprekerstelsel:	1 Geen stelsel.	
	2 Het 'n stelsel.	
12. Tipe sitplekke:	1 Houtbanke sonder kussings.	
	2 Houtbanke met opgestopte sitplekke.	
	3 Onopgestopte stoele.	
	4 Opgestopte stoele.	
	5 Leunstoele.	
	6 Ander _____	
13. Rangskikking van sitplekke:	1 Agtermekaar met gesig na kansel in die middel voor.	
	2 Agtermekaar met die gesig na kansel op sykant voor.	

13. Rangskikking van sitplekke:(vervolg)	3 Agtermekaar in half-sirkel om kansel.	
	4 Sirkel met prediker in die middel van sirkel.	
	5 Ander _____	
14 Aantal persone teenwoordig:		

2.3. PERSONE WAT TYDENS DIE DIENS AS VOORGANGER OF DEELNEMER OPGETREE HET

Onder hierdie opskrif word vrae gestel om te bepaal wie, en hoeveel persone, tydens die diens as voorganger en deelnemer opgetree het. Dit het as oogmerk om te kontroleer watter primêre invloed tydens die diens gegeld het. Die vrae wil ook inligting met betrekking tot die musiekbegeleiding inwin. Dit sluit vrae 7 en 8 in:

7. Watter van die volgende persone het naas die prediker as voorvoorganger of deelnemer tydens die diens opgetree? Merk telkens die toepaslike kolom:-		
1 Ja.		
2 Nee.		
7.1. Sanggroep (Koor, duet ensovoorts).		
7.2. Iemand wat die diens lei.		
7.3. Een of meer persone uit gemeente wat in gebed voorgaan.		
7.4. Een of meer persone wat getuienis lewer.		
7.5. Een of meer persone wat vir siekes bid.		
8. Musiek in die Erediens:	1 Geen musiekbegeleiding.	
	2 Slegs orrel.	
	3 Slegs klavier.	
	4 Orrel en klavier.	

Musiek in die Erediens: (vervolg)	5 Slegs ghitaar	
	6 Orkes	
	7 Klankopnamee wat voorgespeel word.	
	8 Ander _____	

2.4. VOORGANGER SE LEIDING TEN OPSIGTE VAN VERWAGTE REAKSIE BY DIE DIENSGANGERS

Vraag 9 bepaal watter verwagting die voorganger deur sy leiding by die diensgangers probeer wek het. Dit kontroleer die suggestie-inhoud wat die voorganger van gebruik maak en deur die diensgangers beleef word.

9 Ten opsigte van watter van die volgende handelingte het die voorganger(s) opdrag gegee om uitgevoer te word? Merk die toepaslike kolom:-		
1 Ja.		
2 Nee.		
9.1. Staan tydens samesang.		
9.2. Staan tydens gebed.		
9.3. Oë sluit tydens gebed.		
9.4. Sit tydens gebed.		
9.5. Hande ophef.		
9.6. Kniel tydens gebed.		
9.7. Hande vashou met ander diensgangers?		

2.5. HANDELINGE WAT DEUR DIE DIENSGANGERS UITGEVOER IS

Vraag 10 het as oogmerk om te bepaal watter invloed die ander diensgangers op die individu sal hê. Dit toets ook in hoe 'n mate die voorganger die diensgangers lei om te voldoen aan die verwagtinge wat hy vir die diens stel en afdwing.

10. Beskryf asseblief deur watter groep die volgende handeling tydens die diens uitgevoer is. Merk telkens die kolom volgens u skatting na aanleiding van die volgende moontlike keuses:- 1 Die oorgrote meerderheid, dit is 80% en meer. 2 Ongeveer die helfte. 3 'n Klein minderheid. 4 Niemand.				
	1	2	3	4
10.1. Staan tydens samesang.				
10.2. Staan tydens gebed.				
10.3. Sit tydens samesang.				
10.4. Sit tydens gebed.				
10.5. Hoofde buig tydens gebed.				
10.6. Oë sluit tydens gebed.				
10.7. Hande ophef tydens samesang.				
10.8. Na vore kom vir gebed.				
10.9. Wieg, swaai of dans tydens die diens.				

Vraelys 1 gee aan die waarnemer ook geleentheid om sy eie belewenis en verloop van die diens opsommend te gee. Hy moet ook die totale van vraelys 3 se resultaat invul en so die gemiddelde totale onder die verskillende afdelings te bepaal.

3. VRAELYS 2: VOORGANGER SE BEWUSTE INVLOED OP DIE EREDIENS-GEBEURE

Hierdie vraelys is ontwerp om nà die spesifieke erediens ingevul te word. Die waarnemer sal reeds voor die betrokke diens die nodige reëlins met die voorganger, waarskynlik die prediker tydens dié geleentheid, getref het. Hy sal dan hierdie vraelys voltooi.

Nadat die persoon wat die vraelys invul in 'n inleidende opmerking vir die deelname aan die projek bedank is, word eenvoudige instruksies vir die invul van die lys gegee.

Daarna volg die vrae wat sonder afdeling-aanduiding bepaalde kategorië in ag neem. Hierdie kategorië en die vrae wat die verlangde inligting inwin, word hieronder bespreek.

Die eerste kategorie wat ter sprake kom, staan in verband met die beplanning van die diens deur die voorganger.

3.1. BEPLANNINGS-ASPEK VAN DIE DIENSGEBEURE

Vrae 1 en 2 bepaal in watter mate die voorganger die diensgebeure beplan het. Hierdie beplanning sal die diens en die uitwerking daarvan bepaal en daarom moet die voorganger se verwagtinge vir die spesifieke diens aangedui word.

1. Het u die erediens gebeure beplan?	1 Ja				
	2 Nee				
2. Hoe is die diensgebeure en hulle volgorde gekies? Maak asseblief u keuse uit die volgende moontlike antwoorde en merk die toepaslike kolom volgens die nommer van u keuse:- 1 Op grond van 'n sentrale tema. 2 Sodat die mense teenwoordig spontaan kan deelneem. 3 Om 'n aanbiddingsatmosfeer te skep. 4 Geen volgorde, reageer op ingewing van die oomblik. 5 Ander (Spesifiseer in ruimte gelaat).					
	1	2	3	4	5
2.1. Die liedere. ANDER (5) _____					
2.2. Die gebede. ANDER (5) _____					
2.3. Getuienis(se). ANDER (5) _____					
2.4. Plek (tydstip) en tydsduur van die prediking. ANDER (5) _____					

2.5. Sangitems (Solo, koor ens.)					
ANDER (5)_____					

3.2. DIE SIENING WAT DIE VOORGANGER AANGAANDE HOMSELF HET

Die siening wat die voorganger aangaande homself handhaaf word in vrae 3, 8, 9 en 10 bepaal. Hierdie selfsiening sal in 'n groot mate die invloed van die voorganger op die mense tydens diens verklaar.

3. Het u 'n gawe van God ontvang om die volgende diensgebeure te lei of uit te voer? Merk asseblief u antwoord in die kolom volgens die nommer van u antwoordkeuse:- 1 Ja. 2 Nee. 3 Weet nie.				1	2	3	
3.1. Om te preek.							
3.2. Om vir siekes te bid en hulle te genees.							
3.3. Om die diensgangers in aanbidding te lei							
8 Watter invloed oefen die onderstaande aspekte van u persoonlikheid uit op mense by die dienste waartydens u as voorganger optree? Merk asseblief die toepaslike kolom volgens die nommer wat u dink dié invloed uit die volgende moontlike beskrywings, die naaste beskryf:- 1 Geen invloed nie. 2 Beplande invloed. 3 Uiteenlopende invloed. 4 Weet nie.				1	2	3	4
8.1. U status in die gemeenskap.							
8.2. Die vertroue wat mense in u as persoon stel.							
8.3. U reputasie as voorganger by dienste							
8.4. U gesindheid in u optrede voor die gemeente tydens dienste.							
8.5. Die outoriteit waarmee u optree tydens dienste?							

8.6. U houding (afsydig, entoesiasme ensovoorts) tydens dienste?					
9. Watter opleiding het u om eredienste te lei?	1 Nagraadse graad in Teologie.				
	2 Baccalaureus in Teologie.				
	3 Diploma in Teologie.				
	4 Sertifikaat in Teologie.				
	5 Praktiese ondervinding.				
	6 Ander _____				
10. Aantal jare ondervinding as voorganger tydens dienste	1 Minder as een jaar.				
	2 1 tot 5 jaar.				
	3 6 tot 10 jaar.				
	4 11 tot 20 jaar.				
	5 21 tot 30 jaar.				
	6 31 jaar en meer.				

3.3. DIE VOORGANGER SE DOELBEWUSTE INVLOED OP DIE EREDIENSGANGERS

By vrae 4, 5 en 6 word inligting verkry oor die voorganger se doelbewuste, of gebrek daaraan, invloed op diensgangers. Die vrae is daarop gemik om die pas afgelope diens te ondersoek en daarom sal 'n voorganger dit vars in die geheue hê om te kan rapporteer.

4. Ten opsigte van watter van die volgende handeling gee u aan die gemeente opdrag om dit uit te voer? Merk asseblief u antwoord in die kolom volgens die nommer van u keuse:-				
1 Altyd	2 Soms	3 Selde	4 Nooit	
4.1. Om te staan tydens samesang.				
4.2. Om te staan tydens gebed.				

Opdrag aan erediensgangers (vervolg)		1	2	3	4
4.3. Om te sit tydens samesang.					
4.4. Om te sit tydens gebed.					
4.5. Om die hoof te buig tydens gebed.					
4.6. Om te kniel tydens gebed.					
4.7. Om hande op te hef.					
4.8. Om hande te klap tydens samesang.					
4.9. Om hande vas te hou met ander diensgangers tydens samesang of gebed.					
4.10. Om te wieg, swaai of dans op maat van musiek en sang tydens die diens.					
5. Hef u as voorganger u hande op tydens gemeente samesang?	1 Gewoonlik.				
	2 Nooit.				
	3 Soms.				
6. Indien u as voorganger tydens gemeente samesang hande ophef, watter uitwerking het dié handeling op die persone teenwoordig?	1 Nie van toepassing nie.				
	2 Dit lei hulle om ook hulle hande op te hef				
	3 Dit het geen invloed op hulle nie.				
	4 Onseker.				

Die volgende saak wat bepaal word, is die voorganger se verstaan van aanbidding.

3.4. DIE VOORGANGER SE SIENING VAN NOODSAAKLIKE ELEMENTE VAN AANBIDDING

Vraag 7 trag om die voorganger se siening van aanbidding te kry. Dié aspek sal bepaal waarop hy as voorganger tydens die diens klem sal lê asook die verwagting wat hy vir die diens gekoester het. Die siening wat hy van aanbidding het

sal sy entoesiasme, persoonlike deelname aan bepaalde aksies en sy motivering vir die bepaalde diens sterk beïnvloed.

7. Is die volgende dienshandelinge onontbeerlik by WARE aanbidding? Kies asseblief u antwoord uit die volgende moontlike antwoorde en merk die toepaslike kolom volgens die nommer van u keuse:- 1 Altyd. 2 Nooit. 3 Soms.			
	1	2	3
7.1. Om te kniel tydens gebed.			
7.2. Om te staan tydens samesang.			
7.3. Om te staan tydens gebed.			
7.4. Om te sit tydens samesang.			
7.5. Om te sit tydens gebed.			
7.6. Om die hoof te buig tydens gebed.			
7.7. Om die oë te sluit tydens gebed.			
7.8. Om die oë te sluit tydens sang.			
7.9. Om hande op te hef tydens sang.			
7.10. Om hande op te hef tydens gebed.			
7.11. Om te wieg, swaai of dans op maat van musiek en/of samesang.			

Die vraelys gee verder plek vir die persoon om opmerkings aan te bring en onduidelikhede op te klaar.

Die laaste vraelys wat bespreek word is die hoofbron van inligting in hierdie ondersoek.

4. VRAELYS 3: ONDERSOEK NA DIE EREDIENSGANGER SE BELEWENIS VAN DIE EREDIENS

Hierdie vraelys is ontwerp om nà die spesifieke erediens ingevul te word. Die waarnemer sal reeds voor die betrokke diens die nodige reëlins met die voorganger, waarskynlik

die prediker tydens dié geleentheid, tref. Die voorganger sal die persone teenwoordig tydens die diens, nooi om met die invul van die vraelyste (Vraelys 3) behulpsaam te wees. Die persone wat na die diens agter bly, word van 'n gedrukte vraelys en potlood voorsien. Die waarnemer by die geleentheid, verduidelik aan die respondente dat hulle die vrae een vir een moet lees en sonder om dit te beredeneer, te beantwoord.

Die waarnemer lees die volgende woorde aan die persone wat agter gebly het voor:

"Baie dankie dat u gewillig is om met hierdie ondersoek behulpsaam te wees. U bydrae is onontbeerlik vir die sukses hiervan. U kan tot twee ure neem om die vraelys te voltooi, maar die gemiddelde tyd wat dit neem, is vyftien minute. Ons stel belang in u eerste indrukke, daarom moet u die vraelys so gou as moontlik voltooi en inhandig. Let op dat waar u meer as een antwoord as korrek beskou, u die mees korrekte antwoord moet merk. Nogmaals dankie, u kan maar begin."

Die vraelys self gee nadat die respondent vir sy deelname bedank is, eenvoudige instruksies vir die invul van die lys. Daarna volg die vrae wat sonder afdeling-aanduiding bepaalde kategorië in ag neem. Hierdie kategorië en die vrae wat die verlangde inligting gee, word hieronder bespreek.

4.1. FISIESE SITUASIE VAN DIE DIENSGANGER IN DIE EREDIENS

Hierdie kategorie van vrae is daarop gemik om die fisiese situasie en die belewenis daarvan, vir die diensgangers te bepaal. Die vraag wat ter sprake is kan as volg gestek word: Wat is persoon se belewenis van die kerkgebou, die omgewing en sy eie ruimte waarbinne hy homself in die erediens bevind? Vrae 1 tot 5 is met die doel in die oog opgestel:

1. Beskryf u ervaring van die lugtemperatuur in die gebou tydens die erediens.	1 Te warm.	
	2 Te koud.	
	3 Gerieflik.	
2. Die sitplekke was:	1 Ongemaklik.	
	2 Gemaklik.	
3. Beskryf u ervaring van die hoorbaarheid van gebeure.	1 Te hard.	
	2 Te sag.	
	3 Eksterne geraas het aandag afgetrek.	
	4 Net reg.	
4. Beskryf u ervaring van die sigbaarheid van dit wat gebeur het tydens die diens.	1 Alles sigbaar.	
	2 Vaag sigbaar.	
	3 Glad nie sigbaar nie.	
5. Beskryf u indrukke van die Kerkgebou: Die gebou skep 'n	1 Warm, huislike	
	2 Koue, afsydige atmosfeer.	
	3 Neutrale atmosfeer (nie warm of koud).	
	4 Ander _____	

4.2. MOTIVERENDE FAKTORE VIR PERSONE OM DIE DIENS BY TE WOON

In vrae 6 en 7 word bepaal watter motivering die diensganger vir sy teenwoordigheid beleef het. Hierdie motivering lê ten basis van die persoon se gewilligheid om aan die diens-aksies deel te neem. Dit bepaal in 'n groot mate of die persoon vertrouwd is met die situasie, diensorde en die ander diensgangers se gedrag. Dit is dus 'n laer orde faktor in die kommunikasie² tydens die diens en is nie

in 'n bepaalde diens manipuleerbaar nie. Die geprojekteerde motivering waarom die ander diensgangers die diens bygewoon het, versterk die individu se eie motivering of breek dit af. Die vrae is as volg gestel:

6. Die moontlike antwoorde op die vraag: Waarom het u die diens bygewoon?, moet telkens asseblief bevestig of ontken word. Merk die toepaslike kolom volgens die nommer van u keuse:- 1 Ja (Bevestig). 2 Nee (Ontken). 3 Onseker.			
	1	2	3
6.1. Nuuskierigheid (Wou sien wat hier gebeur).			
6.2. Plig (Het 'n verantwoordelikheid teenoor die gemeente).			
6.3. Dwang (Iemand het u gedwing).			
6.4. Behoeftte aan godsdienst.			
6.5. Persoonlike probleem waarop 'n antwoord gesoek word.			
6.6. Die prediking.			
6.7. Die musiek en sang tydens die diens.			
6.8. Die atmosfeer in die diens.			
7. Die moontlike antwoorde op die vraag: Waarom dink u het die ander diensgangers die diens bygewoon?, moet asseblief telkens bevestig of ontken word. Merk die toepaslike kolom volgens die nommer van u keuse:- 1 Ja. 2 Nee. 3 Weet nie.			
	1	2	3
7.1. Nuuskierigheid.			
7.2. Plig.			
7.3. Behoeftte.			
7.4. Die prediking.			
7.5. Die musiek en sang.			
7.6. Die atmosfeer in die diens.			

4.3. VERWAGTING VAN PERSONE WAT DIE EREDIENS BYWOON

Wat persone verwag wat in die bepaalde diens moes gebeur op grond van hulle algemene verwagting van dienste word in vraag 8 bepaal.

8. Wat is u verwagting vir die eredienste? Wat het u gedink sal gebeur? Merk die toepaslike kolom na aanleiding van die volgende moontlike keuses vir u antwoord:- 1 Altyd. 2 Nooit. 3 Soms. 4 Weet nie.	1	2	3	4
8.1. Dat persone wat die dienste bywoon, Christene word.				
8.2. Dat persone waarvoor daar tydens die diens gebid word, gesond sal word.				
8.3. Dat persone wat die dienste bywoon, godsdienstig onderrig sal word.				
8.4. Dat die oorgrote meerderheid van persone wat die dienste bywoon, WAARLIK God sal aanbid.				
8.5. Dat persone wat die dienste bywoon in hulle geloof versterk sal word.				
8.6. Dat persone hier 'n plek van aanvaarding sal vind.				
8.7. Dat persone se geestelike behoeftes in die dienste bevredig sal word.				

4.4. VERSTAANBAARHEID VAN DIE EREDIENSGEBEURE

Hoe die individu verskillende fisiese liggaamshandelinge tydens die erediens verstaan, word deur vraag 9 bepaal. Dit gaan hier om die betekenis wat die persoon aan bepaalde aksies toeskryf. Indien hierdie betekenis positief beleef word sal die diensganger self bereid wees om daaraan deel te neem terwyl 'n negatiewe aanduiding, die persoon van die handeling en kommunikasie tydens die diens sal laat onttrek.

9. Watter betekenis het die volgende handeling tydens die diens vir u gehad? Indien van die handeling NIE tydens die diens voorgekom het nie, dui asseblief die betekenis wat sulke handeling vir u in 'n vorige diens gehad het, of indien u nog nie sulke handeling ervaar het nie dui watter betekenis u dink dit vir u sou hê. Maak telkens u keuse vir elke handeling uit die volgende moontlike betekenis deur die nommer van u eerste (mees korrekte) keuse in die toepaslike kolom te merk:-

- 1 Uitdrukking van bewondering vir God.
- 2 Uitdrukking van diepe respek (vrees) vir God.
- 3 Uitdrukking van versoek (vra of smEEK).
- 4 Uitdrukking van lofprysing.
- 5 Uitdrukking van oorwinning.
- 6 Uitdrukking van opstandigheid (rebellie).
- 7 Geen betekenis.
- 8 Ander (spesifiseer in die ruimte gelaat).

	1	2	3	4	5	6	7	8
9.1. Uitgestrekte arms van die voorganger oor die gemeente as die seën uitgespreek word. ANDER (8) _____								
9.2. Opstaan van diensgangers tydens gebed. ANDER (8) _____								
9.3. Opstaan van diensgangers tydens sang. ANDER (8) _____								
9.4. Ophef van hande met die palms na bo gedraai (na die plafon of gesig). ANDER (8) _____								
9.5. Ophef van hande met die vuus(te) gebal. ANDER (8) _____								
9.6. Wuif van die hande met die arms uitgestrek na bo. ANDER (8) _____								
9.7. Hande saamgeklem of palms teen mekaar voor die bors gedruk. ANDER (8) _____								

9.8. Toemaak van oë tydens gebed. ANDER (8) _____								
9.9. Toemaak van oë tydens sang. ANDER (8) _____								
9.10. Buig van die hoof tydens gebed. ANDER (8) _____								
9.11. Neerval ("slain in the Spirit") van persone tydens die diens. ANDER (8) _____								

4.5. EREDIENSGANGER SE SIENING VAN DIE LITURG

Vraag 10 het as oogmerk om te bepaal, watter siening die erediensganger van die voorganger het. Dit gaan hier oor vertroue in die voorganger se vermoëns en hantering van die diens.

10. Wat is u mening ten opsigte van die persoon of persone wat die diens gelei het? Beoordeel elke vraag na aanleiding van wat u tydens die diens waargeneem het. Gee u antwoord asseblief uit die volgende moontlike keuses:- 1 Ja. 2 Nee. 3 Weet nie.			
	1	2	3
10.1. Was u onder die indruk dat die prediker 'n bekwame prediker is?			
10.2. Was die voorganger bekwaam om mense in aanbidding te lei?			
10.3. Het die voorganger(s) na u mening voldoende opleiding ontvang om sy (hulle) taak te verrig?			

4.6. REAKSIE VAN PERSONE OP DIE EREDIENSGEBEURE

Met vrae 11, 12 en 13 word die betrokke persoon se belewenis, sy interpretasie en die uitwerking daarvan op hom bepaal. Die persoon moet veral uitsprake maak ten opsigte van die gevoelsinhoud van sy belewenis.

11. Watter uitwerking het die volgende gebeure tydens die diens op u gehad? Indien van die gebeure nie tydens die diens voorgekom het nie dui asseblief die uitwerking daarvan op u tydens 'n vorige diens, of indien u nog glad nie met sulke gebeure te doen gehad het nie, dui aan wat u dink wat die uitwerking op u sou wees. Maak telkens u keuse van die betekenis vir elke gebeurtenis uit die volgende moontlikhede deur die betrokke nommer van u keuse in die toepaslike kolom te merk:-

- 1 Ongemaklik laat voel (Dit is 'n verleentheid vir u).
- 2 Geirriteer (Dit is afgesit).
- 3 Lekker (aangenaam) laat voel.
- 4 Bewondering vir God bewerk.
- 5 Vrees vir God bewerk.
- 6 Naby God laat voel.
- 7 Geen uitwerking.
- 8 Ander (spesifiseer in die ruimte gelaat).

	1	2	3	4	5	6	7	8
11.1. Die musiek. ANDER (8) _____								
11.2. Die sang. ANDER (8) _____								
11.3. Prediking. ANDER (8) _____								
11.4. Getuienis(se). ANDER (8) _____								
11.5. Om te staan tydens gebed. ANDER (8) _____								
11.6. Om te staan tydens sang. ANDER (8) _____								

11.7. Om te sit tydens gebed. ANDER (8) _____								
11.8. Om te sit tydens sang. ANDER (8) _____								
11.9. Hande klap tydens sang. ANDER (8) _____								
11.10. Hande klap wanneer prediker iets treffends gesê het. ANDER (8) _____								
11.11. Ophef van hande. ANDER (8) _____								
11.12. Vashou van hande met ander diensgangers. ANDER (8) _____								
11.13. Wieg, swaai of dans op maat van die musiek en/of sang. ANDER (8) _____								
11.14. Kniel tydens gebed. ANDER (8) _____								
11.15. Toemaak van oë tydens gebed. ANDER (8) _____								
11.16. Toemaak van oë tydens sang. ANDER (8) _____								
11.17. Deelname aan die nagmaal. ANDER (8) _____								
12. Die diens was:	1 Te formeel (Het NIE daarvan gehou nie).							
	2 Formeel (U HET daarvan gehou).							

Belewenis van diens (vervolg)	3 Te informeel (U het NIE daarvan gehou nie).	
	4 Informeel (U Het daarvan gehou).	
	5 Ander _____	

13. Beantwoord asseblief die volgende vrae deur u
antwoord uit die volgende moontlike antwoorde te kies.
Merk telkens die toepaslike kolom volgens die nommer van
u keuse:-

1 Ja.
2 Gedeeltelik (Meer "Ja" as "Neutraal!").
3 Neutraal (Nie "Gedeeltelik" of "Nee" nie).
4 Nee.
5 Ander (Spesifiseer in die ruimte gelaat.)

	1	2	3	4	5
13.1. Was die meerderheid van diens- gangers vriendelik? ANDER (5) _____					
13.2. Het u tuis gevoel tussen die ander diensgangers? ANDER (5) _____					
13.3. Het u gevoel die ander diens- gangers aanvaar u? ANDER (5) _____					
13.4. Het u die gevoel gekry dat die ander diensgangers die voorganger(s) respekteer? ANDER (5) _____					
13.5. Het u 'n gevoel gekry dat die ander diensgangers 'n positiewe verwagting van die diensgebeure gehad het? ANDER (5) _____					
13.6. Het u 'n gevoel gekry dat die ander diensgangers die optrede van die voorganger(s) goedkeur? ANDER (5) _____					
13.7. Het u 'n gevoel gekry dat die ander diensgangers met die inhoud van die preek saamstem? ANDER (5) _____					

13.8. Het die atmosfeer in die diens u onseker laat voel? ANDER (5) _____					
13.9. Het die samesang u lekker laat voel? ANDER (5) _____					
13.10. Was die samesang hartlik? ANDER (5) _____					
13.11. Kon u met die gebede saamstem, dit beskou as u eie gebed? ANDER (5) _____					
13.12. Het die diensgebeure u 'n gevoel van eenheid met die groep (ander diensgangers) gegee. ANDER (5) _____					
13.13. Het u 'n gevoel gekry dat die voorganger(s) op u neersien (dit is u intimideer). ANDER (5) _____					
13.14. Het dit vir u gevoel dat die voorganger(s) simpatiek (goedgesind) teenoor die gemeente was? ANDER (5) _____					
13.15. Het u die indruk gekry dat die voorganger(s) vir hulle taak (byvoorbeeld die preek) voorberei het? ANDER (5) _____					
13.16. Het die voorganger(s) 'n gesindheid van opregtheid ten toon gestel? ANDER (5) _____					
13.17. Was die voorganger gespanne? ANDER (5) _____					
13.18. Het u 'n gevoel gekry dat die voorganger(s) geïrriteerd met die gemeente was? ANDER (5) _____					

13.19. Het u 'n gevoel gekry dat die voorganger(s) nie werklik in die mense belangstel nie? ANDER (5) _____					
13.20. Het u 'n gevoel gekry dat die voorganger(s) die diensgebeure met oortuiging gelei het? ANDER (5) _____					
13.21. Het u die gevoel gekry dat u MOET opstaan as die ander diensgangers tydens sang opgestaan het? ANDER (5) _____					
13.22. Indien dit tydens die diens voorgekom het, het u gevoel u MOET u hande ophef toe die ander diensgangers hulle hande opgehef het? ANDER (5) _____					
13.23. Indien u NIE sou doen wat die ander diensgangers doen nie, sou dit u "uit", ontuis en ongemaklik laat voel het? ANDER (5) _____					

4.7. BLOOTSTELLING VAN DIE PERSOON AAN SPESIFIEKE DIENS-
GEURE EN DIENS-GEBRUIKE

Dit was ook nodig om die betrokke respondent se ondervinding met spesifieke erediensgebruike te bepaal. Vraag 14 is met die oog op hierdie doelstelling geformuleer.

14. Op watter wyse het u met die volgende diensgebruike te doen gekry? Maak asseblief u keuse uit die volgende moontlikhede en merk die toepaslike kolom volgens die nommer van u keuse:- 1 Gereeld in dienste. 2 As besoeker by geleentheid. 3 Tydens televisie uitsending by geleentheid. 4 Nog nooit dit ervaar of gesien nie. 5 Ander (Spesifiseer in die ruimte gelaat).					
	1	2	3	4	5
14.1. Staar tydens sang. ANDER (5) _____					

Blootstelling (vervolg) 14.2. Sit tydens gebed. ANDER (5)_____					
14.3. Ophef van hande tydens dienste. ANDER (5)_____					
14.4. Kniel tydens gebed. ANDER (5)_____					
14.5. Neerval van persone ("slain in the Spirit"). ANDER (5)_____					

4.8. PERSOONLIKE BESONDERHEDE

Die persoonlike besonderhede van die persoon wat vir die navorsing van belang is, is deur vrae 15 tot 19 bepaal.

15. Geslag:	1 Manlik.	
	2 Vroulik.	
16. Huwelikstaat:	1 Getroud.	
	2 Ongetroud.	
	3 Geskei.	
	4 Weduwee/Wewenaar.	
17. Ouderdomsgroep:	1 13 - 18 jaar.	
	2 19 - 25 jaar.	
	3 26 - 40 jaar.	
	4 41 - 55 jaar.	
	5 56 - 65 jaar	
	6 66 jaar en ouer.	
18. Hoogste kwalifikasie behaal:	1 Standerd 6 - 8 of N1.	
	2 Standerd 9 - 10 of N2 en N3.	
	3 Technikon.	

Kwalifikasie (vervolg)	4 Universiteitsgraad.	
	5 Ander _____	
19. Werksfeer:	1 Staatsinstelling of ander klerklike werk.	
	2 Industrie (Fabriek of myn).	
	3 Boer.	
	4 Professionele persoon.	
	5 Werkloos.	
	6 Huisvrou.	
	7 Pensionaris.	
	6 Ander _____	

Vraelys 3 se laaste deel gee aan die persoon geleentheid om opmerkings te maak.

5. LOOTS-PROJEK

5.1. INLEIDING

n Loots-projek om die werkbaarheid van die vraelyste te toets is op 22 April 1990 by die Primrose Baptistekerk in Germiston, tydens 'n oggenddiens gedoen. Met die aanvang van die diens is mense genooi om na die diens agter te bly en behulpsaam te wees met die invul van vorms wat navorsingswerk vir 'n doktorsale studie aanvul. Daar is vir die groep gesê dat vier en dertig vorms voorberei is.

5.2. VERSLAG VAN DIE VERLOOP VAN DIE LOOTS-PROJEK

Twee en dertig persone het na die diens agtergebly. Aan hulle is mondelings verduidelik dat hulle die vrae moet deurwerk, die vorms moet invul, en enige onduidelikheid



met 'n vraagteken daar langsaan merk. Die vraelyste is aan hulle uitgedeel en die begintyd aangeteken. Na ongeveer drie minute het 'n ouerige manspersoon opgestaan, die vorm teruggegee en verklaar dat dit te klein gedruk is om te kan lees.

Die eerste vraelys is na 12 en die laaste na 33 minute ingehandig, dus 'n gemiddelde tyd van 22,5 minute. Die totale tyd wat die loots-projek geduur het was 36 minute.

Agt en twintig ingevulde vraelyste is terug ontvang waarvan een vraagtekens by vrae 9.4; 9.5; 9.6; 9.7 en 9.11. Hierdie vrae het almal te doen met vrae wat handel oor aksies wat nie in die spesifieke gemeente die gebruik is nie. Dit kan afgelei word dat die betrokke persoon nie geweet het wat om in die gevalle te beslis nie.

5.3. KONKLUSIES WAT UIT DIE LOOTS-PROJEK SPRUIT

Die eerste besluit wat geneem moes word is dat 'n beter leesbare vraelys beskikbaar gestel moet word. Die vraelyste is toe met 'n letterkwaliteit drukker gedruk en gefotostateer.

Daar is as gevolg van die tydsduur wat die loots-projek geneem het, besluit om die respondente, vooraf mondelings te versoek om nie die vrae te beredeneer nie. Eerste indrukke, en hoe hulle voel moet die antwoorde bepaal. Verder moet persone in die uitnodiging, om na die diens met die invul van die vraelyste behulpsaam te wees, ingelig word dat die invul tyd ongeveer vyftien minute sal duur. Al drie die vraelyste het beantwoord aan die doel waarvoor dit ontwerp is. Daar is besluit om met dié vraelyste die beoogde navorsing te doen.

oo0oo

HOOFSTUK 5

EVALUASIE VAN DIE DATA WAT IN DIE NAVORSING VERKRY IS

1. INLEIDING

Die resultaat van die navorsing, wat in die voorafgaande hoofstuk ingelei is met 'n bespreking van die metodiek, word in hierdie hoofstuk gerapporteer. Hierdie inligting gee 'n basis waarvan bepaalde afleidings vir die erediens gemaak kan word.

As inleidende opmerking moet genoem word dat leiers in verskeie gemeentes onwillig was, om persone wat eredienste bywoon, aan hierdie ondersoek bloot te stel. Sommiges wou dit nie eens oorweeg nie, terwyl ander die vraelyste slegs aan geselekteerde persone wou gee. In sulke gevalle is daar nie 'n opname gedoen nie. Die redes hiervoor is nie duidelik nie aangesien onderhoude met dié leiers gevoer is om te verduidelik dat die ondersoek oor die hele spektrum van Protestantse denke gedoen word.

By die samekomste waar toestemming wél verleen is, is die persone deur die voorganger genooi, om op vrywillige basis na die diens agter te bly, en die vraagbrief in te vul. Daar is dus oor 'n breë ewekansige, spektrum van erediensgangers, data verkry.

'n Totaal van elf (11) verskillende eredienste is in hierdie ondersoek gedek. Vanuit die Gereformeerde tradisie is daar by ses (6) dienste; uit die Pentekostalistiese tradisie by drie (3) dienste, en uit die Neo-Pentekostalistiese tradisie by twee (2) dienste opnames gedoen. Die onderstaande verslag word volgens hierdie afbakening, gegee. Die resultaat van die ondersoek word hierna bespreek, en bepaalde opmerkings oor die geheel-indruk wat uit die navorsing navore tree, gemaak.

2. DIE GEREFORMEERDE TRADISIE

Opnames is by vyf (5) Baptiste eredienste en een (1) Nederduits Gereformeerde Kerk-erediens, wat vanuit 'n Gereformeerde Teologiese uitgangspunt bedien word, gedoen. 'n Totaal van 244 persone het die vraagbrief ingevul, en die onderstaande tabelle gee 'n oorsig oor die antwoorde wat verkry is. Die groepering van die antwoorde word gedoen na aanleiding van die kommunikasiefaktore¹ wat tydens eredienste voorkom.

2.1. FISIESE SITUASIE VAN DIE DIENSGANGER IN DIE EREDIENS

Die respondente rapporteer soos volg oor die fisiese situasie tydens die eredienste:

Vraag 1 - Belewing van lugtemperatuur.

Opsie	Belewing	
1	Te warm	3,7%
2	Te koud	15,6%
3	Gerieflik	79,5%

Hiervolgens het 19,3% van die respondente 'n negatiewe belewing van die lugtemperatuur gehad. Dit moet opgemerk word dat die opnames in die winter van 1990, in die omgewing van die Transvaalse hoëveld gedoen is.

1,2% van die respondente het die vraag nie beantwoord nie.

Vraag 2 - Gemak van sitplekke.

Opsie	Belewing	
1	Ongemaklik.	16,0%
2	Gemaklik.	82,0%

Die 16,0%, verteenwoordig 'n negatiewe ervaring van die sitplekke. Dit is opmerklik dat geboue met los stoele of onopgestopte houtbanke negatiewe beleving meebring.

2,0% het die vraag nie beantwoord nie.

Vraag 3 - Hoorbaarheid van gebeure.

Opsie	Beleving	
1	Te hard.	2,9%
2	Te sag.	6,2%
3	Eksterne geraas het aandag afgetrek.	11,1%
4	Net reg.	75,8%

'n Totaal van 20,2% van die respondente rapporteer 'n negatiewe beleving, ten opsigte van die hoorbaarheid van gebeure, tydens die eredienste. Dit is veral eksterne geraas (11,1%) wat die aandag aftrek, wat dié resultaat sterk beïnvloed. 4,0% van die respondente het die vraag nie beantwoord nie.

Vraag 4 - Sigbaarheid van gebeure tydens die eredienste.

Opsie	Beleving	
1	Alles sigbaar.	89,3%
2	Vaag sigbaar.	8,6%
3	Glad nie sigbaar nie.	0,8%

Hiervolgens het 9,4% van die respondente 'n negatiewe beleving van die sigbaarheid van gebeure tydens die erediens gehad.

'n Totaal van 1,3% van die respondente het die vraag nie beantwoord nie.

Vraag 5 - Indrukke wat die kerkgebou laat.

Opsie	Belewing	
1	Gebou skep 'n warm, huislike atmosfeer.	58,6%
2	'n Koue, afsydige atmosfeer.	2,9%
3	Neutrale atmosfeer (Nie koud of warm nie).	33,6%

Die groter meerderheid van respondente (92,2%) beleef die atmosfeer van die kerkgeboue as positief. Die afleiding is moontlik as die totale van opsies 1 en 3 saam gevoeg word. 4,9% van die respondente het die vraag nie beantwoord nie.

Opsommende gemiddelde totaal vir Vrae 1 tot 5	Positief	Negatief	Oop gelaat
	83,8%	13,5%	2,7%

'n Totaal van 2,7% respondente het nie dié vrae beantwoord nie, terwyl 83,8% 'n positiewe en 13,5% 'n negatiewe belewing van die fisiese omstandighede tydens die eredienste, rapporteer. Hierdie afleiding is moontlik indien die verskillende opsies as volg gekombineer word:-

- * Vraag 1 - Opsie 1 en 2 verteenwoordig 'n negatiewe en opsie 3 'n positiewe belewing.
- * Vraag 2 - Opsie 1, negatief en opsie 2, positief.
- * Vraag 3 - Opsie 1, 2 en 3, negatief en opsie 4, positief.
- * Vraag 4 - Opsie 1, positief en opsie 2 en 3 negatief.
- * Vraag 5 - Opsie 1 en 3 positief en opsie 2 negatief.

Die negatiewe reaksie op die fisiese situasie tydens eredienste van 13,5% kan toegeskryf word aan onvoldoende verhitting van Kerkgeboue in die winter. 'n Totaal van 15,6%, en in 'n spesifieke erediens 29,7%, van respondente

rapporteer die lugtemperatuur as "te koud". Swak of geen klankversterkers en onopgestopte houtbanke, dra by tot die negatiewe beleving van respondente.

Die volgende kategorie wat ter sprake kom, is die motiverende faktore vir die diensganger se teenwoordigheid.

2.2. MOTIVERENDE FAKTORE VIR PERSONE OM DIE DIENS BY TE WOON

Onder hierdie kategorie word die persoonlike motivering van die individu, asook sy waargenome motivering by die ander diensgangers, gerapporteer. Uit 'n totale aantal van 212 respondente is die volgende frekwensietabel uit die reaksie saamgestel:

Vraag Nr.	Opsie 1	Opsie 2	Opsie 3	Oop gelaat
6.1.	27	175	6	36
6.2.	105	93	11	35
6.3.	3	195	3	43
6.4.	215	6	9	14
6.5.	67	125	15	37
6.6.	195	14	7	28
6.7.	164	38	13	29
6.8.	157	33	27	27
7.1.	23	119	65	37
7.2.	92	68	46	38
7.3.	190	10	26	18
7.4.	178	15	25	26
7.5.	140	24	47	33
7.6.	145	17	51	31

Opsommende gemiddeld vir:-	Positief	Negatief
PERSOONLIKE MOTIVERING Vraag 6	68,9%	12,1%
WAARGENOME MOTIVERING Vraag 7	68,6%	19,5%

Onder vrae 6 en 7 het 'n totaal van 15,4% van die respondente nie die vrae beantwoord nie. Wat die persoonlike motivering betref, rapporteer 68,9% van die respondente 'n positiewe en 12,1% 'n negatiewe motivering, om die diens by te woon. So byvoorbeeld het drie (3) respondente gevoel dat hulle gedwing was om die diens by te woon.

Wat die waargenome motivering by die ander diensgangers betref, het 68,6% 'n positiewe, en 19,5% 'n negatiewe motivering waargeneem. Saam verteenwoordig die respondente se reaksie 'n gemiddelde positiewe motivering om dienste by te woon.

Hierdie gevolgtrekking is verkry deur die verskillende opsies soos volg te kombineer:

- * Vrae 6.1.; 6.3. en 7.1. - Opsie 1 dui 'n negatiewe-, terwyl opsies 2 en 3 saamgetel, 'n positiewe element verteenwoordig.
- * Vrae 6.2 en 7.2. is buite rekening gelaat, aangesien dié vrae mis verstaan kon word. Beide 'n bevestiging en ontkenning van die vrae kan 'n positiewe element verteenwoordig.
- * Vrae 6.4. tot 6.8. en 7.4. tot 7.6. - Opsie 1 dui 'n positiewe-, en opsies 2 en 3 saam 'n negatiewe element aan.
- * By vraag 6.5. word opsie 1 as 'n positiewe element getel, terwyl opsies 2 en 3 buite rekening gelaat word, aangesien dié opsies 'n neutrale element verteenwoordig.

Vraag 8 het inligting aangaande die verwagting wat persone van eredienste koester, verkry.

2.3. VERWAGTING VAN PERSONE WAT DIE EREDIENS BYWOON

Die onderstaande frekwensietabel toon hoe die respondente op die vrae gereageer het. Die verwerkings onderaan sal die positiewe of negatiewe aanduiding gee.

Vraag Nr.	Opsie 1	Opsie 2	Opsie 3	Opsie 4	Oop gelaat
8.1.	95	2	115	18	14
8.2.	87	4	121	15	17
8.3.	170	1	46	11	16
8.4.	168	3	41	20	12
8.5.	196	0	32	2	14
8.6.	175	2	41	11	15
8.7.	169	1	48	8	18
			Positief	Negatief	
Vraag 8			88,6%	5,7%	

Die aantal respondente wat nie hierdie vraag beantwoord het nie is 5,7% van die totale aantal. Deur die gemiddelde aantal wat opsies 1 en 3 gemerk het, by mekaar te tel, word die positiewe persentasie verkry. Vir die negatiewe waarde word opsies 2 en 4 bymekaar getel.

Hieruit blyk dit dat 88,6% van die respondente 'n positiewe verwagting vir die diens gehad het. 'n Totaal van 5,7% respondente beleef 'n negatiewe verwagting, terwyl 'n verdere 5,7% geen bepaalde verwagtinge vir die dienste gekoester nie.

Die volgende kategorie handel oor die betekenis wat respondente aan bepaalde handeling heg. Die spesifieke handeling is in die vrae beskryf en die verskillende opsies gee moontlike betekeniswaardes waaruit die respon-

respondent 'n kuise moes maak.

2.4. VERSTAANBAARHEID VAN DIE EREDIENSGEBEURE

By vraag 9.1. moes die respondente die betekeniswaarde van die voorganger se handeling met uitgestrekte arms oor die gemeente, wanneer die seën uitgespreek word, aandui. Die volgende gemiddelde reaksie is deur die respondente aange-
toon:

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	18,9%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	28,7%
3	Uitdrukking van versoek (vra of smEEK).	13,9%
4	Lofprysing.	14,8%
5	Uitdrukking van oorwinning.	5,3%
6	Uitdrukking van opstandigheid.	0,4%
7	Geen betekenis	1,6%

Dit is onmiddellik duidelik dat die respondente nie dié handeling verstaan nie. 'n Totaal van 16,4% het die vraag vermy of die opsie "Ander" gemerk. Slegs 0,4% het onder die opsie "Ander", die handeling as die "oordra van seën", beskryf. Dié handeling het waarskynlik geen nuttige betekenis vir aanwending in hierdie dienste.

Vraag 9.2. het vereis dat die respondente die betekenis-
waarde van, "staan tydens gebed", moes identifiseer. Die opname toon die volgende reaksie van respondente:

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	14,8%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	47,5%

3	<i>Uitdrukking van versoek (vra of smeek).</i>	4,1%
4	<i>Lofprysing.</i>	7,8%
5	<i>Uitdrukking van oorwinning.</i>	0,8%
6	<i>Uitdrukking van opstandigheid.</i>	1,2%
7	<i>Geen betekenis</i>	7,0%

Bykans die helfte van die respondente beskou die gebruik om tydens gebed op te staan as 'n gebaar waardeur respek betoon word, terwyl 16,8% die vraag geïgnoreer of die opsie "Ander" gemerk het.

By vraag 9.3. is vereis dat die respondente die betekeniswaarde van, "staan tydens sang", moes identifiseer. Die volgende reaksie is van respondente ontvang:

Opsie	Betekeniswaarde	
1	<i>Bewondering vir God.</i>	13,5%
2	<i>Diepe respek (vrees) vir God.</i>	16,4%
3	<i>Uitdrukking van versoek (vra of smeek).</i>	2,1%
4	<i>Lofprysing.</i>	50,8%
5	<i>Uitdrukking van oorwinning.</i>	0,4%
6	<i>Uitdrukking van opstandigheid.</i>	1,2%
7	<i>Geen betekenis</i>	3,7%

Dié besonderhede wat respondente gee toon dat 50,8% van hulle, "staan tydens sang", as 'n vorm van lofprysing beskou. 11,9% het die vraag nie ingevul nie of die opsie "Ander" gemerk. Dit gee die indruk dat persone deur hierdie handeling, bewondering en verheerliking aan God, wil bekend maak. Positiewe blootstelling word gerapporteer.²

Vrae 9.4., 9.5., 9.6 en 9.7. trag om die betekenis van

bepaalde handgebare te bekom. Die respondente het as volg gereageer:

Vraag 9.4. - Hande ophef met die palms na bo gedraai.

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	14,8%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	9,0%
3	Uitdrukking van versoek (vra of smeek).	9,4%
4	Lofprysing.	32,4%
5	Uitdrukking van oorwinning.	4,9%
6	Uitdrukking van opstandigheid.	0,4%
7	Geen betekenis	9,8%

Die relatief onseker wyse waarop persone hierdie vraag hanteer het, asook die groot aantal wat die vraag geïgnoreer of die opsie "Ander" gemerk (19,3%) het, toon dat persone onseker is oor die betekenis wat hulle daaraan moet heg. As verder in ag geneem word dat die waarnemers tydens hierdie opname, aantoon dat niemand³ in die betrokke dienste hande opgehef het nie, dan is dié resultaat verstaanbaar. Dit kan dus verwag word dat hierdie handeling nie deur hierdie bepaalde groep verstaan sal word, soos by groepe waar dit wél voorkom nie. Verder rapporteer slegs 29,5% van die respondente⁴ dat hulle eerstehandse ondervinding, tydens dienste, van die voorkoms van handopheffing het.

Wat die positiewe in hierdie verband betref het ongeveer 'n derde van die respondente (32,4%), dié handeling as 'n uitdrukking van lofprysing beskou. Dié afleiding kan gemaak word dat respondente waar hulle die handeling waarneem, dit as lofprysing sal beskou.

Vraag 9.5. - Hand(e) ophef met die vuig(te) gebal.

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	1,2%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	0,8%
3	Uitdrukking van versoek (vra of smeeke).	3,7%
4	Lofprysing.	4,5%
5	Uitdrukking van oorwinning.	23,4%
6	Uitdrukking van opstandigheid.	28,7%
7	Geen betekenis	17,2%

Persone uit hierdie groep toon 'n sterk weerstand teen hierdie vorm van handopheffing. Indien opsies 6 en 7 saam met die 20,5% wat die vraag ignoreer of die opsie "Ander" gemerk het, bymekaar getel word as 'n negatiewe betekenis van dié handeling, het 66,4% van die respondente 'n negatiewe betekeniswaarde daaraan geheg.

Vraag 9.6. - Wuif van hande met arms na bo uitgestrek.

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	6,6%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	2,1%
3	Uitdrukking van versoek (vra of smeeke).	3,7%
4	Lofprysing.	30,3%
5	Uitdrukking van oorwinning.	11,5%
6	Uitdrukking van opstandigheid.	3,3%
7	Geen betekenis	21,3%

Ook wat dié handeling betref is daar 'n negatiewe betekeniswaarde waarin 45,8% van die respondente opsies 6 (3,3%) en 7 (21,3%) asook hulle wat die vraag oop gelaat of "Ander" (21,2%) gemerk het. Positiewe betekenis word deur

30,8% (Lofprysing), 11,5% (Uitdrukking van oorwinning) en 6,6% (Bewondering vir God), van die respondente vir dié handeling aan gedui. Dit moet genoem word, dat handopheffing gladnie tydens hierdie dienste voorgekom het nie.

Vraag 9.7. - Hande saamgeklem of palms teen mekaar gedruk, voor die bors.

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	12,7%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	14,8%
3	Uitdrukking van versoek (vra of smeek).	30,7%
4	Lofprysing.	5,3%
5	Uitdrukking van oorwinning.	2,9%
6	Uitdrukking van opstandigheid.	0,8%
7	Geen betekenis	12,3%

Die eerste drie opsies veronderstel 'n betekenis wat ootmoed aandui. 'n Totaal van 20,5% van die respondente het die vraag vermy of die opsie "Ander" gemerk.

Vrae 9.8. en 9.9. vra reaksie ten opsigte van die toemaak van oë. Die volgende twee tabelle rapporteer die resultaat van die opname.

Vraag 9.8. - Toemaak van oë tydens gebed.

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	14,8%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	58,2%
3	Uitdrukking van versoek (vra of smeek).	5,7%
4	Lofprysing.	2,5%

5	<i>Uitdrukking van oorwinning.</i>	0,8%
6	<i>Uitdrukking van opstandigheid.</i>	0
7	<i>Geen betekenis</i>	1,2%

Die groter meerderheid van respondente naamlik 73% identifiseer hierdie handeling as 'n positiewe aanbiddings-aksie. 16,8% het vraag geïgnoreer of die opsie "Ander" gemerk.

Vraag 9.9. - Toemaak van oë tydens sang.

Opsie	Betekeniswaarde	
1	<i>Bewondering vir God.</i>	21,7%
2	<i>Diepe respek (vrees) vir God.</i>	19,7%
3	<i>Uitdrukking van versoek (vra of smeek).</i>	9,0%
4	<i>Lofprysing.</i>	20,1%
5	<i>Uitdrukking van oorwinning.</i>	1,6%
6	<i>Uitdrukking van opstandigheid.</i>	0,4%
7	<i>Geen betekenis</i>	9,0%

Die resultaat is in 'n groot mate positief terwyl 18,5% van die respondente die vraag geïgnoreer of die opsie "Ander" gemerk het.

Die betekenis van die gebruik, om die hoof tydens gebed te buig, word by vraag 9.10 gevra. Die reaksie was:

Opsie	Betekeniswaarde	
1	<i>Bewondering vir God.</i>	13,1%
2	<i>Diepe respek (vrees) vir God.</i>	60,7%
3	<i>Uitdrukking van versoek (vra of smeek).</i>	6,6%

4	Lofprysing.	2,9%
5	Uitdrukking van oorwinning.	0,4%
6	Uitdrukking van opstandigheid.	0,4%
7	Geen betekenis	2,1%

Die meerderheid van respondente verstaan die buig van die hoof tydens gebed as die betoning van respek, terwyl 13,8% die vraag geïgnoreer of die opsie "Ander" gemerk het.

Vraag 9.11. vra na die betekenis van die verskynsel dat mense neerval onder die sogenaamde "slain in the Spirit". 'n Lae blootstelling⁵ aan dié gebeure is gerapporteer. Die volgende reaksie is van die respondente verkry:

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	3,7%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	5,3%
3	Uitdrukking van versoek (vra of smeek).	3,3%
4	Lofprysing.	3,7%
5	Uitdrukking van oorwinning.	5,7%
6	Uitdrukking van opstandigheid.	4,5%
7	Geen betekenis	38,1%

'n Oorweldigende negatiewe terugvoering is uit dié vraag ontvang, naamlik dat 78,3% die vraag geïgnoreer of die opsie "Ander" (35,7%) gemerk het, dit sien as van "Geen betekenis" (38,1%) of selfs "Opstandigheid" (4,5%).

2.5. EREDIENSGANGER SE SIENING VAN DIE LITURG

Vraag 10 het as oogmerk om te bepaal watter siening die erediensganger van die voorganger het. Die vraag wil die vertroue in die voorganger se vermoëns en hantering van die

diens, by die respondent bepaal. Die onderstaande reaksie is ontvang:

Vraag Nr.	Opsie 1	Opsie 2	Opsie 3	Oop gelaat
10.1.	227	4	10	7
10.2.	216	6	15	13
10.3.	216	2	17	11
Opsommende gemiddeld vir vrae 10.1. tot 10.3.		Positief	Negatief	4,3%
		90,0%	5,7%	

'n Totaal van 4.9% van die respondente het die vrae geïgnoreer, terwyl 89,3% 'n positiewe-, en 5,8% 'n negatiewe vertroue, in die voorganger rapporteer.

Hierdie afleiding is gemaak deurdat opsie 1 vir vrae 10.1. tot 10.3. 'n positiewe, en opsies 2 en 3 saam getel, 'n negatiewe belewenis, verteenwoordig.

2.6. REAKSIE VAN PERSONE OP DIE EREDIENSGEBEURE

Onder hierdie kategorie van vrae word die respondent se reaksie op die diens bepaal. Die terugvoering van die respondente kan as volg verwerk word:

Wat vraag 11 betref - Opsies 1, 2 en respondente wat die vraag vermy het, verteenwoordig 'n negatiewe beleving. Opsies 3, 4, 5 en 6 'n positiewe, en opsie 7 'n neutrale uitwerking van diensgebeure op die respondent.

Vraag Nr.	Beskrywing	Positief	Negatief	Neutraal
11.1	Die musiek.	82,0%	15,2%	2,8%
11.2	Die sang.	83,6%	14,8%	1,6%

11.3	Prediking.	84,0%	13,1%	2,9%
11.4	Getuienisse.	76,6%	18,0%	5,4%
11.5	Staan tydens gebed.	66,4%	14,3%	19,3%
11.6	Staan tydens sang.	71,7%	13,5%	14,8%
11.7	Sit tydens gebed.	32,0%	28,3%	38,7%
11.8	Sit tydens sang.	32,0%	24,2%	43,8%
11.9	Hande klap tydens sang.	23,0%	60,7%	16,3%
11.10	Hande klap (applous) vir die voorganger.	10,7%	69,3%	20,0%
11.11	Ophef van hande.	46,7%	34,8%	18,5%
11.12	Vashou van hande met ander diensgangers.	44,7%	38,1%	17,2%
11.13	Wieg, swaai of dans op maat van musiek en sang.	13,9%	66,4%	19,7%
11.14	Kniel tydens gebed.	68,4%	20,5%	11,1%
11.15	Toemaak van oë tydens gebed.	82,0%	12,3%	5,7%
11.16	Toemaak van oë tydens sang.	63,5%	16,0%	20,5%
11.17	Deelname aan die Nagmaal	84,0%	12,7%	3,3%

Ondersteuners van die Gereformeerde eredienste het veral ten opsigte van die volgende handeling 'n sterk afkeur geopenbaar: Hande klap tydens sang (60,%); hande klap (applous) vir die voorganger (69,3%) en wieg, swaai of dans op maat van die musiek en sang (66,4%).

'n Gebruik wat nie algemeen⁶ in hierdie dienste voorkom nie, maar as 'n positiewe (68,4%) of ten minste neutrale (11,1%) handeling beskou word, is "kniel tydens gebed". Dit sou wenslik wees dat voorgangers hiervan kennis neem.

Vraag 12 - Die som van opsies 1 en 3 verteenwoordig 'n negatiewe, terwyl die som van opsies 2 en 4 'n positiewe

formele/informele element ten opsigte van die respondent se ervaring van die spesifieke diens betref.

Positief	Negatief	Oop gelaat
78,7%	4,9%	16,4%

Die groter meerderheid van respondente beleef die dienste as 'n aangename gebeurtenis.

Vraag 13 vra na die reaksie van die respondent ten opsigte van die nie-verbale kommunikasie tydens die dienste. Die onderstaande frekwensietabel toon die respondente se reaksie. Onder die kolomme "Positief" en "Negatief" word die kombinasie van opsies aangetoon.

Vraag Nr.	Opsie 1	Opsie 2	Opsie 3	Opsie 4	Oop gelos	Positief	Negatief
13.1	177	36	14	6	11	1+2+3= 227	4 = 6
13.2	196	23	8	3	13	1+2+3= 227	4 = 3
13.3	184	26	15	3	16	1+2+3= 225	4 = 3
13.4	204	10	8	6	15	1+2+3= 222	4 = 6
13.5	175	29	18	4	17	1+2+3= 222	4 = 4
13.6.	181	23	16	3	18	1+2+3= 220	4 = 3
13.7	186	26	10	3	17	1+2+3= 225	4 = 3
13.8	12	2	10	199	21	4 = 199	1+2 = 14
13.9	193	26	6	3	13	1+2+3= 228	4 = 3
13.10	184	30	6	3	16	1+2+3= 223	4 = 3
13.11	212	16	1	1	14	1+2+3= 230	4 = 1
13.12	172	41	7	6	18	1+2+3= 220	4 = 6
13.13	8	2	8	206	20	3+4 = 214	1+2 = 10
13.14	183	16	11	11	23	1+2+3= 221	4 = 11

13.15	205	10	2	5	20	1+2+3= 217	4	= 5
13.16	209	9	2	4	19	1+2+3= 220	4	= 4
13.17	3	10	9	202	20	3+4 = 211	1+2	= 13
13.18	7	3	0	213	20	3+4 = 213	1+2	= 10
13.19	6	2	2	213	21	3+4 = 215	1+ 2	= 8
13.20	178	5	3	6	19	1+2+3= 186	4	= 6
13.21	89	11	16	73	22			
13.22	24	7	12	144	23			
13.23	28	12	14	135	22			
Totale vir vraag 13					10,3%	86,3%	4,4%	

Volgens hierdie totaal het 86,3% van die respondente 'n positiewe- terwyl 3,4% 'n negatiewe ervaring van die nie-verbale kommunikasie beleef. Van die 10,3% respondente het die vrae nie beantwoord of "Ander", sonder kommentaar gemerk.

Die konklusie waartoe die resultate van vrae 11, 12 en 13 lei, is dat die groter meerderheid van respondente 'n positiewe belewenis van eredienste rapporteer.

2.7. BLOOTSTELLING VAN DIE PERSOON AAN SPESIFIEKE DIENSGE- BEURE EN DIENSGEBRUIKE

Vraag 14 bied 'n beeld van die bekendheid van, of blootstelling aan, spesifieke diensgebeure en -handelinge, vir die respondent. Opsies 1, 2 en 3 verteenwoordig 'n positiewe, terwyl opsies 4, 5 en die aantal respondente wat die vraag vermy, 'n negatiewe of swak blootstelling aan dié spesifieke handeling of gebeure. Die volgende frekwensietabel toon die reaksie van die respondente. Die positiewe en negatiewe kolomme toon die gemiddelde blootstelling aan 'n bepaalde handeling van die totale groep respondente, in hierdie spesifieke diens.

Vraag Nr.	Opsie 1	Opsie 2	Opsie 3	Opsie 4	Opsie 5	Oop gelos	Pos.	Neg.
14.1	210	6	0	2	3	23	88,5%	11,5%
14.2	170	14	11	6	7	35	79,9%	20,1%
14.3	72	67	13	21	27	44	62,3%	37,7%
14.4	49	53	9	49	41	43	45,5%	54,5%
14.5	7	41	10	124	15	47	23,8%	76,2%

Uit die bostaande gegewens kan die respondente se toesegging van betekenis en uitwerking op hulle gekontroleer word. Dié groep het byvoorbeeld 'n lae blootstelling aan "slain in the Spirit" en 'n hoë blootstelling aan "staan tydens sang".

2.8. DIE RESPONDENTE

Die respondente wat aan die navorsing bloot gestel is, word ten opsigte van geslag en ouderdom in onderstaande frekwensietabel getoon.

	13-18	19-25	26-40	41-55	56-65	66+
Mans	10	14	38	33	12	10
Vroue	8	17	37	25	17	4
Totaal	18	31	75	58	29	14

'n Totaal van 19 persone het nie die betrokke vrae beantwoord nie.

Vrae 16, 18 en 19 dra nie by tot die navorsings resultaat nie en is daarom nie by hierdie verslag ingesluit nie.

3. PENTEKOSTALISTIESE TRADISIE

Opnames is by twee (2) Apostoliese Geloofsending eredien-

ste en een (1) Pinkster Protestantse Kerk erediens wat vanuit 'n Pentekostalistiese Teologiese uitgangspunt bedien word, gedoen. 'n Totaal van 102 persone het die vraagbrief ingevul, en die onderstaande tabelle gee 'n oorsig oor die antwoorde wat verkry is. Die groepering van die antwoorde word in ooreenstemming met die gebruik onder die voorafgaande rapport oor die Gereformeerde tradisie aangebied.

3.1. FISIESE SITUASIE VAN DIE DIENSGANGER IN DIE EREDIENS

Die respondente rapporteer soos volg oor die fisiese situasie tydens die eredienste:

Vraag 1 - Belewing van lugtemperatuur.

Opsie	Belewing	
1	Te warm	1,0%
2	Te koud	17,5%
3	Gerieflik	79,4%

Hiervolgens het 18,5% van die respondente 'n negatiewe belewing van die lugtemperatuur gehad. Ook wat hierdie groep betref moet opgemerk word dat die opnames tydens die winter van 1990, in die omgewing van die Transvaalse hoëveld gedoen is.

2,1% het die vraag nie beantwoord nie.

Vraag 2 - Gemak van sitplekke.

Opsie	Belewing	
1	Ongemaklik.	21,6%
2	Gemaklik.	77,5%

Die 21,6%, verteenwoordig 'n negatiewe ervaring van die sitplekke. Hierdie realatief hoë aantal persone wat ongerief met betrekking tot die sitplekke rapporteer het, was ook blootgestel aan lang (1 uur en 30 minute en langer) dienste. Waarnemers toon aan dat geen een van die Kerkgeboue opgestopte sitplekke het nie.

2,3% het die vraag nie beantwoord nie.

Vraag 3 - Hoorbaarheid van gebeure.

Opsie	Belewing	
1	Te hard.	4,9%
2	Te sag.	3,9%
3	Eksterne geraas het aandag afgetrek.	2,9%
4	Net reg.	83,3%

'n Totaal van 11,7% van die respondente rapporteer 'n negatiewe belewing, ten opsigte van die hoorbaarheid van gebeure, tydens die eredienste.

5,0% het die vraag nie beantwoord nie.

Vraag 4 - Sigbaarheid van gebeure tydens die eredienste.

Opsie	Belewing	
1	Alles sigbaar.	87,3%
2	Vaag sigbaar.	10,8%
3	Glad nie sigbaar nie.	0

Hiervolgens kon 10,8% van die respondente nie die gebeure tydens die diens sien nie.

1,9% het die vraag nie beantwoord nie.

Vraag 5 - Indrukke wat die kerkgebou laat.

Opsie	Belewing	
1	Gebou skep 'n warm, huislike atmosfeer.	65,7%
2	'n Koue, afsydige atmosfeer.	2,9%
3	Neutrale atmosfeer (Nie koud of warm nie).	30,4%

Die groter meerderheid van respondente (96,1%) beleef die atmosfeer van die kerkgeboue as positief.

1,0% het die vraag nie beantwoord nie.

Opsommende totaal vir Vrae 1 tot 5	Positief	Negatief	Oop gelaat
	86,4%	13,1%	0,5%

'n Totaal van 0,5% respondente het nie dié vrae beantwoord nie, terwyl 86,4% 'n positiewe en 13,1% 'n negatiewe belewing van die fisiese omstandighede tydens die eredienste, rapporteer. Hierdie afleiding is moontlik indien die verskillende opsies as volg gekombineer word:-

- * Vraag 1 - Opsie 1 en 2 verteenwoordig 'n negatiewe en opsie 3 'n positiewe belewing.
- * Vraag 2 - Opsie 1, negatief en opsie 2, positief.
- * Vraag 3 - Opsie 1, 2 en 3, negatief en opsie 4, positief.
- * Vraag 4 - Opsie 1, positief en opsie 2 en 3 negatief.
- * Vraag 5 - Opsie 1 en 3 positief en opsie 2 negatief.

Die negatiewe reaksie op die fisiese situasie tydens eredienste van 13,1% kan toegeskryf word aan onvoldoende verhitting van Kerkgeboue in die winter. 'n Totaal van 26,6% van respondente vind die sitplekke ongemaklik. Die

waarnemers rapporteer die sitplekke as los stoele of onopgestopte banke. Klankversterkers wat te hard gestel is, dra by tot die negatiewe beleving van respondente.

Die volgende kategorie wat ter sprake kom, is die motiverende faktore vir die diensganger se teenwoordigheid.

3.2. MOTIVERENDE FAKTORE VIR PERSONE OM DIE DIENS BY TE WOON

Onder hierdie kategorie word die persoonlike motivering van die individu, asook sy waargenome motivering by die ander diensgangers, gerapporteer. Die onderstaande frekwensietabel toon hoe die 102 respondente op die gestelde vrae reageer het.

Vraag Nr.	Opsie 1	Opsie 2	Opsie 3	Oop gelaat
6.1.	16	72	1	13
6.2.	30	57	5	10
6.3.	0	86	1	15
6.4.	88	6	2	6
6.5.	27	51	10	14
6.6.	74	13	4	11
6.7.	76	13	1	12
6.8.	74	16	2	10
7.1.	15	49	27	11
7.2.	30	42	20	10
7.3.	82	4	10	5
7.4.	71	5	13	13
7.5.	71	4	14	13
7.6.	63	6	26	13

Opsommende gemiddeld vir:-	Positief	Negatief
PERSOONLIKE MOTIVERING Vraag 6	69,9%	11,9%
WAARGENOME MOTIVERING Vraag 7	71,2%	17,8%

Onder vrae 6 en 7 het 'n totaal van 14,6% van die respondente nie die vrae beantwoord nie. Wat die persoonlike motivering betref, rapporteer 69,9% van die respondente 'n positiewe en 11,9% 'n negatiewe motivering om die diens by te woon.

Wat die waargenome motivering by die ander diensgangers betref, het 71,2% 'n positiewe, en 17,8% 'n negatiewe motivering waargeneem. Indien die gemiddelde totaal van die persoonlike en waargenome motivering bereken word, word 'n positiewe motivering (70,7%) om die diens by te woon by respondente waar geneem.

Hierdie gevolgtrekking is verkry deur die verskillende opsies soos volg te kombineer:

- * Vrae 6.1.; 6.3. en 7.1. - Opsie 1 dui 'n negatiewe-, terwyl opsies 2 en 3 saam, 'n positiewe element verteenwoordig.
- * Vrae 6.2 en 7.2. is buite rekening gehou, aangesien dié vraag misverstaan kon word. Beide 'n bevestiging en ontkenning van die vraag kan 'n positiewe element verteenwoordig.
- * Vrae 6.4. tot 6.8. en 7.4. tot 7.6. - Opsie 1 dui 'n positiewe-, en opsies 2 en 3 saam 'n negatiewe element aan.
- * By vraag 6.5. word opsie 1 as 'n positiewe element getel, terwyl opsies 2 en 3 buite rekening gelaat word, aangesien dié opsies 'n neutrale element verteenwoordig.

Vraag 8 het inligting aangaande die verwagting wat persone van eredienste koester, verkry.

3.3. VERWAGTING VAN PERSONE WAT DIE EREDIENS BYWOON

Die onderstaande frekwensietabel toon hoe die respondente op die vrae gereageer het. Die verwerkings onderaan sal die positiewe of negatiewe aanduiding gee.

Vraag Nr.	Opsie 1	Opsie 2	Opsie 3	Opsie 4	Oop gelaat
8.1.	51	0	44	5	2
8.2.	52	0	41	3	6
8.3.	72	0	22	4	4
8.4.	61	1	29	4	8
8.5.	85	0	14	0	3
8.6.	77	1	17	0	7
8.7.	78	0	17	1	6
			Positief	Negatief	
Vraag 8			92,4%	2,5%	

Die aantal respondente wat nie hierdie vraag beantwoord het nie is 5,1% van die totale aantal. Deur die gemiddelde aantal wat opsies 1 en 3 gemerk het, by mekaar te tel, word die positiewe persentasie verkry. Vir die negatiewe waarde word opsies 2 en 4 bymekaar getel.

Hieruit blyk dit dat 92,4% van die respondente 'n positiewe verwagting vir die diens gehad het. 'n Totaal van 2,5% respondente beleef 'n negatiewe verwagting, terwyl 'n verdere 5,7% geen bepaalde verwagtinge vir die dienste gekoester nie.

Die volgende kategorie handel oor die betekenis wat respondente aan bepaalde handeling heg. Die spesifieke handeling is in die vrae beskryf en die verskillende opsies gee moontlike betekeniswaardes waaruit die

respondent 'n keuse moes maak.

3.4. VERSTAANBAARHEID VAN DIE EREDIENSGEBEURE

By vraag 9.1. moes die respondente die betekeniswaarde van die voorganger se handeling met uitgestrekte arms oor die gemeente, wanneer die seën uitgespreek word, aandui. Die volgende gemiddelde reaksie is deur die respondente aange-
toon:

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	25,4%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	25,9%
3	Uitdrukking van versoek (vra of smeeke).	9,8%
4	Lofprysing.	11,8%
5	Uitdrukking van oorwinning.	6,9%
6	Uitdrukking van opstandigheid.	2,9%
7	Geen betekenis	2,0%

Dit is ook wat hierdie Teologiese tradisie betref duidelik dat die respondente nie dié handeling verstaan nie. 'n Totaal van 15,3% het die vraag vermy of die opsie "Ander" gemerk.

Vraag 9.2. het vereis dat die respondente die betekenis-
waarde van, "staan tydens gebed", moes identifiseer. Die opname toon die volgende reaksie van respondente:

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	13,7%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	42,2%
3	Uitdrukking van versoek (vra of smeeke).	6,9%

4	Lofprysing.	5,9%
5	Uitdrukking van oorwinning.	3,9%
6	Uitdrukking van opstandigheid.	4,9%
7	Geen betekenis	9,8%

12,7% het die vraag vermy of die opsie "Ander" gemerk. Die 55,9% wat opsie 1 en 2 aangedui het verteenwoordig 'n positiewe betekeniswaarde vir hierdie handeling.

By vraag 9.3. is vereis dat die respondente die betekeniswaarde van, "staan tydens sang", moes identifiseer. Die volgende reaksie is van respondente ontvang:

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	19,6%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	17,7%
3	Uitdrukking van versoek (vra of smEEK).	3,9%
4	Lofprysing.	42,2%
5	Uitdrukking van oorwinning.	2,0%
6	Uitdrukking van opstandigheid.	1,0%
7	Geen betekenis	4,9%

Dié besonderhede wat respondente gee, toon dat 79,5% van hulle, "staan tydens sang", as 'n waardevolle aanbiddings-handeling beskou. Hierdie syfer is opgemaak uit: Opsie 1 (19,6%), opsie 2 (17,7%) en opsie 4 (42,2%). 11,9% het die vraag nie ingevul nie of die opsie "Ander" gemerk.

8,6% het die vraag vermy.

Vrae 9.4., 9.5., 9.6 en 9.7. trag om die betekenis van bepaalde handgebare te bekom. Die respondente het as volg gereageer:

Vraag 9.4. - Hande ophef met die palms na bo gedraai.

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	29,4%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	3,9%
3	Uitdrukking van versoek (vra of smeek).	15,7%
4	Lofprysing.	36,3%
5	Uitdrukking van oorwinning.	7,8%
6	Uitdrukking van opstandigheid.	0
7	Geen betekenis	0

Die 81,4% wat opsies 1, 3 en 4 gemerk het, verteenwoordig die tipiese Pentekostalistiese siening. Lof en bewondering is die aangetoonde betekeniswaarde van dié manier van handopheffing. 'n Totaal van 6,9% het die vraag geïgnoreer of die opsie "Ander" gemerk. In die vraag oor die blootstelling aan bepaalde handeling het 89,2% van die respondente gereelde blootstelling in diensle beleeft.⁷

Vraag 9.5. - Hand(e) ophef met die vuus(te) gebal.

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	10,8%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	2,0%
3	Uitdrukking van versoek (vra of smeek).	5,9%
4	Lofprysing.	8,8%
5	Uitdrukking van oorwinning.	46,1%
6	Uitdrukking van opstandigheid.	10,8%
7	Geen betekenis	4,9%

Terwyl die groter meerderheid van respondente dié handeling

as positief beleef, het 'n totaal van 26,4% die vraag vermy (10,7%), dit as opstand (10,8%) en van geen betekenis, beskou (4,9%).

Vraag 9.6. - Wuif van hande met arms na bo uitgestrek.

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	16,7%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	2,0%
3	Uitdrukking van versoek (vra of smeek).	52,9%
4	Lofprysing.	18,6%
5	Uitdrukking van oorwinning.	0
6	Uitdrukking van opstandigheid.	0
7	Geen betekenis	0

'n Oorweldigende positiewe betekeniswaarde word uit die resultaat geopenbaar. 'n Totaal van 90,2% van die respondente merk opsies 1, 2, 3 en 4, terwyl slegs 9,8% die vraag vermy het.

Vraag 9.7. - Hande saamgeklem of palms teen mekaar gedruk, voor die bors.

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	17,7%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	21,6%
3	Uitdrukking van versoek (vra of smeek).	32,4%
4	Lofprysing.	10,8%
5	Uitdrukking van oorwinning.	2,9%
6	Uitdrukking van opstandigheid.	2,0%
7	Geen betekenis	2,0%

Die eerste drie opsies veronderstel 'n betekenis wat ootmoed aandui. 'n Totaal van 71,7% van die respondente het dié betekenis aan die handeling gekoppel, terwyl 10,6% die vraag vermy of die opsie "Ander" gemerk het.

Vrae 9.8. en 9.9. vra reaksie ten opsigte van die toemaak van oë. Die volgende twee tabelle rapporteer die resultaat van die opname.

Vraag 9.8. - Toemaak van oë tydens gebed.

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	24,5%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	52,9%
3	Uitdrukking van versoek (vra of smeek).	9,8%
4	Lofprysing.	3,9%
5	Uitdrukking van oorwinning.	1,0%
6	Uitdrukking van opstandigheid.	0
7	Geen betekenis	0

Die groter meerderheid van respondente (gemiddeld 77,4%) rapporteer dié handeling as 'n positiewe aanbiddingsaksie. Dit word verkry as opsies 1 (24,5%) en 2 (52,9%) bymekaar getel word. 'n Totaal van 7,9% respondente het vraag geïgnoreer of die opsie "Ander" gemerk. Die toemaak van oë tydens gebed is vir hierdie groep 'n belangrike aksie tydens eredienste.

Vraag 9.9. - Toemaak van oë tydens sang.

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	33,3%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	24,5%

3	Uitdrukking van versoek (vra of sreek).	6,9%
4	Lofprysing.	18,6%
5	Uitdrukking van oorwinning.	2,0%
6	Uitdrukking van opstandigheid.	0
7	Geen betekenis	0

Soos die voorafgaande handeling is oë toemaak tydens sang 'n positiewe aanbiddingsaksie. 14,7% het die vraag vermy of "Ander" as opsie gemerk.

Die betekenis van die gebruik, om die hoof tydens gebed te buig, word by vraag 9.10 gevra. Die respondente reageer as volg:

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	16,7%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	63,7%
3	Uitdrukking van versoek (vra of sreek).	3,9%
4	Lofprysing.	2,0%
5	Uitdrukking van oorwinning.	0
6	Uitdrukking van opstandigheid.	0
7	Geen betekenis	2,9%

Die meerderheid van respondente (63,7%) verstaan die buig van hoofde tydens gebed as die betoning van respek, terwyl 10,8% die vraag geïgnoreer of die opsie "Ander" gemerk het. Weereens is die handeling vir die respondente belangrik.

Vraag 9.11. vra na die betekenis van die verskynsel dat persone tydens dienste neerval onder die sogenaamde "slain in the Spirit". Die volgende reaksie is van respondente verkry:

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	16,7%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	8,8%
3	Uitdrukking van versoek (vra of smeek).	3,9%
4	Lofprysing.	5,9%
5	Uitdrukking van oorwinning.	27,5%
6	Uitdrukking van opstandigheid.	2,0%
7	Geen betekenis	0

Indien opsies 1 tot 5 as 'n positiewe betekeniswaarde aanvaar sou word, rapporteer 62,8% van die respondente 'n positiewe betekenis, terwyl 'n 35,2% die vraag geïgnoreer of die opsie "Ander" gemerk het. Uit dié groep toon 2% van die respondente dat "slain in the Spirit" 'n uitdrukking van opstandigheid is.

3.5. EREDIENSGANGER SE SIENING VAN DIE LITURG

Vraag 10 het as oogmerk om te bepaal watter siening die erediensganger van die voorganger het. Die vraag wil die vertroue in die voorganger se vermoëns en hantering van die diens, by die respondent bepaal. Die onderstaande frekwensietabel toon die reaksie wat ontvang is, terwyl die opsommende gemiddeld 'n positiewe/negatiewe aanduiding gee:

Vraag Nr.	Opsie 1	Opsie 2	Opsie 3	Oop gelaat
10.1.	87	7	4	4
10.2.	89	2	7	4
10.3.	82	4	12	4
Opsommende gemiddeld vir vrae 10.1. tot 10.3.	Positief		Negatief	3,9%
	84,3%		11,8%	

'n Totaal van 3.9% van die respondente het die vrae geïgnoreer, terwyl 84,3% 'n positiewe-, en 11,8% 'n negatiewe vertroue, in die voorganger rapporteer.

Hierdie afleiding is gemaak deurdat opsie 1 vir vrae 10.1. tot 10.3. as 'n positiewe, en opsies 2 en 3 saamgetel, as 'n negatiewe belewenis, verteenwoordig.

3.6. REAKSIE VAN PERSONE OP DIE EREDIENSGEBEURE

Onder hierdie kategorie van vrae word die respondent se reaksie op die diens bepaal. Die terugvoering van die respondente kan as volg verwerk word, om 'n betekenisvolle idee vir hierdie kategorie te formuleer.

Wat vraag 11 betref - Opsies 1, 2 en respondente wat die vraag vermy het, verteenwoordig 'n negatiewe, terwyl 3, 4, 5 en 6 'n positiewe, en opsie 7 'n neutrale uitwerking van diensgebeure op die respondent.

Vraag Nr.	Beskrywing	Positief	Negatief	Neutraal
11.1	Die musiek.	50,0%	6,9%	43,1%
11.2	Die sang.	55,9%	5,9%	38,2%
11.3	Prediking.	52,9%	6,9%	40,2%
11.4	Getuienisse.	60,8%	12,8%	26,4%
11.5	Staan tydens gebed.	42,2%	7,8%	50,0%
11.6	Staan tydens sang.	80,8%	5,9%	13,3%
11.7	Sit tydens gebed.	18,6%	23,5%	57,9%
11.8	Sit tydens sang.	16,7%	31,4%	51,9%
11.9	Hande klap tydens sang.	71,6%	11,8%	16,6%
11.10	Hande klap (applous) vir die voorganger.	51,0%	18,6%	30,4%
11.11	Ophef van hande.	52,0%	7,8%	40,2%

11.12	Vashou van hande met ander diensgangers.	39,2%	13,7%	47,1%
11.13	Wieg, swaai of dans op maat van musiek en sang.	57,8%	11,8%	30,4%
11.14	Kniel tydens gebed.	39,2%	7,8%	53,0%
11.15	Toemaak van oë tydens gebed.	34,3%	4,9%	60,8%
11.16	Toemaak van oë tydens sang.	35,3%	2,9%	61,8%
11.17	Deelname aan die Nagmaal	31,4%	4,9%	63,7%

Respondente wat die Pentekostalistiese benadering tot eredienste ondersteun, het veral ten opsigte van twee handelinge 'n negatiewe ervaring gerapporteer. Sit tydens gebed is deur 23,5% en sit tydens gemeentesang is deur 31,4%, negatief beleef.

Vraag 12 - Die som van opsies 1 en 3 verteenwoordig 'n negatiewe, terwyl die som van opsies 2 en 4 'n positiewe formele/informele element ten opsigte van die respondent se ervaring van dié spesifieke diens betref. Dit trag om te bepaal of die respondent 'n aangename of onaangename belewenis rapporteer.

Positief	Negatief	Oop gelaat
82,4%	4,9%	12,7%

Die groter meerderheid (82,4%) van respondente uit hierdie groep beleef die erediens as 'n aangename gebeurtenis. 12,7% het die vraag vermy.

Vraag 13 vra na die reaksie van die respondent ten opsigte van die nie-verbale kommunikasie tydens die dienste. Onder die kolomme "Positief" en "Negatief" sal die kombinasie van opsies aangetoon word.

Vraag Nr.	Opsie 1	Opsie 2	Opsie 3	Opsie 4	Oop gelos	Positief	Negatief
13.1	86	8	3	2	2	1+2+3= 97	4 = 2
13.2	87	9	4	0	2	1+2+3= 100	4 = 0
13.3	79	11	8	1	2	1+2+3= 98	4 = 1
13.4	87	6	3	2	2	1+2+3= 96	4 = 2
13.5	79	9	3	6	3	1+2+3= 91	4 = 6
13.6.	84	4	5	4	3	1+2+3= 93	4 = 4
13.7	81	14	5	0	2	1+2+3= 100	4 = 0
13.8	7	5	2	85	2	4 = 85	1+2 = 12
13.9	93	1	4	1	2	1+2+3= 98	4 = 1
13.10	89	6	2	2	3	1+2+3= 97	4 = 2
13.11	93	1	4	1	3	1+2+3= 98	4 = 1
13.12	84	7	6	1	4	1+2+3= 97	4 = 1
13.13	10	1	5	82	3	3+4 = 85	1+2 = 11
13.14	82	6	4	4	6	1+2+3= 92	4 = 4
13.15	89	5	3	2	3	1+2+3= 87	4 = 2
13.16	91	2	2	3	4	1+2+3= 95	4 = 3
13.17	6	4	4	85	3	3+4 = 89	1+2 = 10
13.18	2	4	4	90	2	3+4 = 94	1+2 = 6
13.19	5	2	1	92	2	3+4 = 93	1+2 = 7
13.20	86	4	5	5	2	1+2+3= 95	4 = 5
13.21	33	13	8	44	3		
13.22	14	2	5	73	6		
13.23	9	10	6	74	3		
Totale vir vraag 13					6,4%	89,6%	4,0%

Volgens hierdie totaal het 89,6% van die respondente 'n positiewe- terwyl 4,0% 'n negatiewe ervaring van die nie-

verbale kommunikasie beleef. 6,4% van die respondente het die vrae nie beantwoord of "Ander" as opsie, sonder kommentaar gemerk.

Die gevolgtrekking waartoe die resultate van vrae 11, 12 en 13 lei, is dat die groter meerderheid van respondente 'n positiewe belewenis van eredienste rapporteer.

3.7. BLOOTSTELLING VAN DIE PERSOON AAN SPESIFIEKE DIENS- GEURE EN DIENS-GEBRUIKE

Vraag 14 bied 'n beeld van die bekendheid van, of blootstelling aan, spesifieke diensgebeure en -handelinge, vir die respondent. Opsies 1, 2 en 3 verteenwoordig 'n positiewe, terwyl opsies 4, 5 en die aantal respondente wat die vraag vermy, 'n negatiewe of swak blootstelling aan dié spesifieke handeling of gebeure. Die volgende frekwensietabel toon die reaksie van die respondente. Die positiewe en negatiewe kolomme toon die gemiddelde blootstelling aan 'n bepaalde handeling van die totale groep respondente, in hierdie spesifieke diens.

Vraag Nr.	Opsie 1	Opsie 2	Opsie 3	Opsie 4	Opsie 5	Oop gelos	Pos.	Neg.
14.1	90	3	1	2	1	5	92,2%	7,8%
14.2	50	14	9	4	13	12	71,6%	28,4%
14.3	79	9	3	3	1	7	89,2%	10,8%
14.4	51	9	2	5	20	8	66,7%	33,3%
14.5	40	18	0	12	21	11	56,9%	43,1%

3.8. DIE RESPONDENTE

Vrae 16, 18 en 19 dra nie by tot die navorsingsresultaat nie en is daarom nie by hierdie verslag ingesluit nie. Wat wél van belang is, is die geslag en ouderdomverspreiding van respondente.

Die respondente wat aan die navorsing bloot gestel is, word ten opsigte van geslag en ouderdom in onderstaande frekwensietabel getoon.

	13-18	19-25	26-40	41-55	56-65	66+
Mans	2	19	12	6	1	0
Vroue	6	27	15	5	2	0
Totaal	8	46	27	11	3	0

'n Totaal van 7 persone het nie die betrokke vrae beantwoord nie.

4. NEO-PENTEKOSTALISTIESE TRADISIE

Opnames is tydens 'n erediens by 'n Baptistekerk en die Rhemakerk, wat vanuit 'n Neo-Pentekostalistiese Teologiese uitgangspunt bedien word, gedoen. 'n Totaal van 79 persone het die vraagbrief ingevul, en die onderstaande tabelle gee 'n oorsig oor die antwoorde wat verkry is. Die groepering van die antwoorde word in ooreenstemming met die gebruik wat onder die Gereformeerde tradisie gegeld het, aangebied en beskryf.

4.1. FISIESE SITUASIE VAN DIE DIENSGANGER IN DIE EREDIENS

Die respondente rapporteer soos volg oor die fisiese situasie wat hulle tydens die eredienste beleef het:

Vraag 1 - Belewings van lugtemperatuur.

Opsie	Belewings	
1	Te warm	1,3%
2	Te koud	27,8%
3	Gerieflik	70,9%

Hiervolgens het 29,1% van die respondente 'n negatiewe beleving van die lugtemperatuur gehad. Die opnames is tydens die winter van 1990, in die omgewing van die Transvaalse hoëveld gedoen.

Al die respondente het dié vraag beantwoord.

Vraag 2 - Gemak van sitplekke.

Opsie	Beleving	
1	Ongemaklik.	22,9%
2	Gemaklik.	74,7%

Die 22,9%, verteenwoordig 'n negatiewe ervaring van die sitplekke. Behalwe vir een persoon, is al die respondente wat 'n negatiewe beleving rapporteer van 'n diens wat in 'n saal met los houtbanke gehou is. 2,4% het die vraag nie beantwoord nie.

Vraag 3 - Hoorbaarheid van gebeure.

Opsie	Beleving	
1	Te hard.	6,3%
2	Te sag.	12,7%
3	Eksterne geraas het aandag afgetrek.	11,4%
4	Net reg.	69,6%

'n Totaal van 30,4% van die respondente rapporteer 'n negatiewe beleving, ten opsigte van die hoorbaarheid van gebeure, tydens die eredienste. Die een gebou het ook nie 'n klankversterker in gebruik nie, wat waarskynlik die rede is vir die hoë persentasie respondente wat die hoorbaarheid met "Te sag" (12,7%) en "Eksterne geraas het aandag afgestrek" (11,4%), gemerk het.

Al die respondente het dié vraag beantwoord.

Vraag 4 - Sigbaarheid van gebeure tydens die eredienste.

Opsie	Belewing	
1	Alles sigbaar.	92,4%
2	Vaag sigbaar.	6,3%
3	Glad nie sigbaar nie.	1,3%

Hiervolgens het 7,6% van die respondente 'n negatiewe belewing van die sigbaarheid van gebeure gehad.

Al die respondente het dié vraag beantwoord.

Vraag 5 - Indrukke wat die kerkgebou laat.

Opsie	Belewing	
1	Gebou skep 'n warm, huislike atmosfeer.	46,8%
2	'n Koue, afsydige atmosfeer.	11,4%
3	Neutrale atmosfeer (Nie koud of warm nie).	36,7%

Die groter meerderheid van respondente (83,5%) beleef die atmosfeer van die kerkgeboue as positief.

5,1% het die vraag nie beantwoord nie.

Opsommende totaal vir Vrae 1 tot 5	Positief	Negatief	Oop gelaat
	78,2%	20,3%	1,5%

'n Totaal van 1,5% respondente het nie dié vrae beantwoord nie, terwyl 78,2% 'n positiewe en 20,3% 'n negatiewe belewing van die fisiese omstandighede tydens die

eredienste, rapporteer. Hierdie afleiding is moontlik indien die verskillende opsies as volg gekombineer word:-

- * Vraag 1 - Opsie 1 en 2 verteenwoordig 'n negatiewe en opsie 3 'n positiewe beleving.
- * Vraag 2 - Opsie 1, negatief en opsie 2, positief.
- * Vraag 3 - Opsie 1, 2 en 3, negatief en opsie 4, positief.
- * Vraag 4 - Opsie 1, positief en opsie 2 en 3 negatief.
- * Vraag 5 - Opsie 1 en 3 positief en opsie 2 negatief.

Die negatiewe reaksie op die fisiese situasie tydens eredienste van 20,3% kan toegeskryf word aan onvoldoende klankversterking en gerief van sitplekke.

Die volgende kategorie wat ter sprake kom, is die motiverende faktore vir die diensganger se teenwoordigheid.

4.2. MOTIVERENDE FAKTORE VIR PERSONE OM DIE DIENS BY TE WOON

Onder hierdie kategorie word die persoonlike motivering van die individu, asook sy waargenome motivering by die ander diensgangers, gerapporteer.

Vraag Nr.	Opsie 1	Opsie 2	Opsie 3	Oop gelaat
6.1.	9	60	0	10
6.2.	35	36	3	5
6.3.	1	66	0	12
6.4.	42	28	2	7
6.5.	15	50	5	9
6.6.	64	5	3	7
6.7.	61	7	3	8

6.8.	57	8	7	7
7.1.	31	32	10	6
7.2.	30	29	29	7
7.3.	66	6	3	4
7.4.	58	6	8	7
7.5.	58	8	7	6
7.6.	50	9	15	5
Opsommende gemiddeld vir:-			Positief	Negatief
PERSOONLIKE MOTIVERING Vraag 6			66,0%	15,4%
WAARGENOME MOTIVERING Vraag 7			69,4%	23,5%

Onder vrae 6 en 7 het 'n totaal van 12,9% van die respondente nie die vrae beantwoord nie. Wat die persoonlike motivering betref, rapporteer 66,0% van die respondente 'n positiewe en 15,4% 'n negatiewe motivering om die diens by te woon. Wat die waargenome motivering by die ander diensgangers betref, het 69,4% 'n positiewe, en 23,5% 'n negatiewe motivering waargeneem.

Hierdie gevolgtrekking is verkry deur die verskillende opsies soos volg te kombineer:

- * Vrae 6.1.; 6.3. en 7.1. - Opsie 1 dui 'n negatiewe-, terwyl opsies 2 en 3 saam, 'n positiewe element verteenwoordig.
- * Vrae 6.2 en 7.2. is buite rekening gehou, aangesien dié vraag misverstaan kon word. Beide 'n bevestiging en ontkenning van die vraag kan 'n positiewe element verteenwoordig.
- * Vrae 6.4. tot 6.8. en 7.4. tot 7.6. - Opsie 1 dui 'n positiewe-, en opsies 2 en 3 saam 'n negatiewe element aan.
- * By vraag 6.5. word opsie 1 as 'n positiewe element getel, terwyl opsies 2 en 3 buite rekening gelaat word, aangesien dié opsies 'n neutrale element

verteenwoordig.

Vraag 8 het inligting aangaande die verwagting wat persone van eredienste koester verkry. Daarom is die verwagtinge wat respondente van dienste koester, die volgende kategorie waaroor daar verslag gelewer word.

4.3. VERWAGTING VAN PERSONE WAT DIE EREDIENS BYWOON

Die onderstaande frekwensietabel toon hoe die respondente op die vrae gereageer het. Die verwerkings onderaan sal die positiewe of negatiewe aanduiding gee.

Vraag Nr.	Opsie 1	Opsie 2	Opsie 3	Opsie 4	Oop gelaat
8.1.	54	1	15	6	4
8.2.	48	0	15	11	5
8.3.	45	11	12	6	5
8.4.	62	0	10	6	1
8.5.	73	0	1	2	3
8.6.	62	2	5	6	4
8.7.	67	1	4	3	4
			Positief		Negatief
Vraag 8			85,7%		9,8%

Die aantal respondente wat nie hierdie vraag beantwoord het nie is 4,5% van die totale aantal. Deur die gemiddelde aantal wat opsies 1 en 3 gemerk het, by mekaar te tel, word die positiewe persentasie verkry. Vir die negatiewe waarde word opsies 2 en 4 bymekaar getel.

Hieruit blyk dit dat 85,7% van die respondente 'n positiewe verwagting vir die diens gehad het. 'n Totaal van 9,8% het nie, 'n bepaalde verwagtinge vir die diens, gekoester nie.

4.4. VERSTAANBAARHEID VAN DIE EREDIENSGEBEURE

By vraag 9.1. moes die respondente die betekeniswaarde van die voorganger se handeling met uitgestrekte arms oor die gemeente, wanneer die seën uit gesprek word, aandui. Die volgende reaksie is van respondente ontvang:

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	31,7%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	12,7%
3	Uitdrukking van versoek (vra of smeek).	17,7%
4	Lofprysing.	8,9%
5	Uitdrukking van oorwinning.	7,6%
6	Uitdrukking van opstandigheid.	0
7	Geen betekenis	3,8%

Ook wat hierdie denkrigting in die Protestantisme betref is dit duidelik dat die respondente nie dié handeling verstaan nie. 'n Totaal van 17,6% het die vraag vermy. Dié handeling het waarskynlik geen nuttige betekenis vir aanwending in die dienste waarby hierdie ondersoek geloots is nie.

Vraag 9.2. het vereis dat die respondente die betekeniswaarde van, "staan tydens gebed", moes identifiseer. Die opname toon die volgende reaksie van respondente:

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	12,7%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	46,8%
3	Uitdrukking van versoek (vra of smeek).	5,1%
4	Lofprysing.	7,6%
5	Uitdrukking van oorwinning.	2,5%

6	<i>Uitdrukking van opstandigheid.</i>	8,9%
7	<i>Geen betekenis</i>	7,6%

Bykans die helfte (46,*) van die respondente beskou die gebruik om tydens gebed op te staan as 'n gebaar waardeur respek betoon word, terwyl 8,8% die vraag geïgnoreer of die opsie "Ander" gemerk het.

By vraag 9.3. is vereis dat die respondente die betekeniswaarde van, "staan tydens sang", moes identifiseer. Die volgende reaksie is van respondente ontvang:

Opsie	Betekeniswaarde	
1	<i>Bewondering vir God.</i>	24,1%
2	<i>Diepe respek (vrees) vir God.</i>	17,7%
3	<i>Uitdrukking van versoek (vra of smeek).</i>	2,5%
4	<i>Lofprysing.</i>	39,2%
5	<i>Uitdrukking van oorwinning.</i>	3,8%
6	<i>Uitdrukking van opstandigheid.</i>	0
7	<i>Geen betekenis</i>	2,5%

Dié besonderhede wat respondente gee, toon dat 81% van hulle, "staan tydens sang", as 'n waardevolle aanbiddings-handeling beskou. Hierdie syfer is opgemaak uit: Opsie 1 (24,1%), opsie 2 (17,7%) en opsie 4 (39,2%).

10,2% het die vraag nie ingevul nie of die opsie "Ander" gemerk.

Vrae 9.4., 9.5., 9.6 en 9.7. wil die betekenis van bepaalde handgebare bekom. Die respondente het as volg gereageer:

Vraag 9.4. - Hande ophef met die palms na bo gedraai.

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	25,3%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	11,4%
3	Uitdrukking van versoek (vra of smeek).	8,9%
4	Lofprysing.	40,5%
5	Uitdrukking van oorwinning.	3,8%
6	Uitdrukking van opstandigheid.	0
7	Geen betekenis	0

Die 74,7% wat opsies 1, 3 en 4 gemerk het, rapporteer dat lof en bewondering die aangetoonde betekeniswaarde van dié manier van handopheffing is. 'n Totaal van 10,1% het die vraag geignoreer of die opsie "Ander" gemerk. In die vraag oor die blootstelling aan dié bepaalde handeling het 84,8% van die respondente gereelde blootstelling in dienste beleef.⁸

Vraag 9.5. - Hand(e) ophef met die vuus(te) gebal.

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	2,5%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	2,5%
3	Uitdrukking van versoek (vra of smeek).	8,9%
4	Lofprysing.	5,1%
5	Uitdrukking van oorwinning.	58,2%
6	Uitdrukking van opstandigheid.	6,3%
7	Geen betekenis	12,7%

Die groter meerderheid van respondente rapporteer 'n positiewe betekenis aan die handeling. Wat 'n negatiewe beleving onder hierdie groep, wat dié handeling betref het

12,7% dit as van geen betekenis, 6,3% dit as opstand beskryf, terwyl 3,8% vraag vermy het.

Vraag 9.6. - Wuif van hande met arms na bo uitgestrek.

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	12,7%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	2,5%
3	Uitdrukking van versoek (vra of smeek).	2,5%
4	Lofprysing.	58,2%
5	Uitdrukking van oorwinning.	12,7%
6	Uitdrukking van opstandigheid.	1,3%
7	Geen betekenis	2,5%

Die groter meerderheid van persone rapporteer 'n positiewe betekeniswaarde. 'n Totaal van 88,6% van die respondente merk opsies 1, 2, 3, 4 en 5, terwyl slegs 7,6% die vraag vermy het en 3,8% 'n negatiewe betekenis verstaan.

Vraag 9.7. - Hande saamgeklem of palms teen mekaar gedruk voor die bors.

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	24,1%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	16,5%
3	Uitdrukking van versoek (vra of smeek).	25,3%
4	Lofprysing.	7,6%
5	Uitdrukking van oorwinning.	1,3%
6	Uitdrukking van opstandigheid.	2,5%
7	Geen betekenis	12,7%

Die eerste drie opsies veronderstel 'n betekenis wat ootmoed aandui. 'n Totaal van 65,9% van die respondente het dié betekenis aan die handeling gekoppel, terwyl 10% die vraag vermy of die opsie "Ander" gemerk het.

Vrae 9.8. en 9.9. vra reaksie ten opsigte van die toemaak van oë. Die volgende twee tabelle rapporteer die resultaat van die opname.

Vraag 9.8. - Toemaak van oë tydens gebed.

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	19,0%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	51,9%
3	Uitdrukking van versoek (vra of smEEK).	6,3%
4	Lofprysing.	0
5	Uitdrukking van oorwinning.	0
6	Uitdrukking van opstandigheid.	0
7	Geen betekenis	6,3%

Die groter meerderheid van respondente (gemiddeld 70,9%) rapporteer dié handeling as 'n positiewe aanbiddingsaksie. Dit word verkry as opsies 1 (19,0%) en 2 (51,9%) bymekaar getel word. 'n Totaal van 16,5% respondente het vraag geïgnoreer of die opsie "Ander" gemerk. Die toemaak van oë tydens gebed is vir hierdie groep 'n belangrike aksie tydens eredienste.

Vraag 9.9. - Toemaak van oë tydens sang.

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	38,0%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	20,3%

3	<i>Uitdrukking van versoek (vra of smeek).</i>	3,8%
4	<i>Lofprysing.</i>	12,7%
5	<i>Uitdrukking van oorwinning.</i>	1,3%
6	<i>Uitdrukking van opstandigheid.</i>	0
7	<i>Geen betekenis</i>	5,1%

Hierdie handeling word as 'n positiewe aanbiddingsaksie deur respondente gerapporteer. Die groep van 23,9% wat geen betekenis (5,1%) en die 18,8% wat die vraag geïgnoreer het, verteenwoordig 'n negatiewe betekeniswaarde.

Die betekenis van die gebruik, om die hoof tydens gebed te buig, word by vraag 9.10 gevra. Die respondente reageer as volg:

<i>Opsie</i>	<i>Betekeniswaarde</i>	
1	<i>Bewondering vir God.</i>	11,4%
2	<i>Diepe respek (vrees) vir God.</i>	70,9%
3	<i>Uitdrukking van versoek (vra of smeek).</i>	6,3%
4	<i>Lofprysing.</i>	1,3%
5	<i>Uitdrukking van oorwinning.</i>	0
6	<i>Uitdrukking van opstandigheid.</i>	0
7	<i>Geen betekenis</i>	5,1%

Die meerderheid van respondente (70,9%) verstaan die buig van hoofde tydens gebed as die betoning van respek, terwyl 5% die vraag geïgnoreer of die opsie "Ander" gemerk het.

Vraag 9.11. vra na die betekenis van die verskynsel dat persone tydens dienste neerval onder die sogenaamde "slain in the Spirit". Die volgende reaksie is van respondente verkry:

Opsie	Betekeniswaarde	
1	Bewondering vir God.	7,6%
2	Diepe respek (vrees) vir God.	3,8%
3	Uitdrukking van versoek (vra of smeeke).	7,6%
4	Lofprysing.	1,3%
5	Uitdrukking van oorwinning.	13,9%
6	Uitdrukking van opstandigheid.	0
7	Geen betekenis	5,1%

Indien die 60,7% respondente wat die vraag geïgnoreer het as 'n negatiewe betekeniswaarde geneem word, is slegs 34,2% se reaksie positief. Dié resultaat is vreemd aangesien die voorkoms van dié gebeure juis by die benadering voorkom.⁹

4.5. EREDIENSGANGER SE SIENING VAN DIE LITURG

Vraag 10 het as oogmerk om te bepaal watter siening die erediensganger van die voorganger het. Die vraag wil die vertroue in die voorganger se vermoëns en hantering van die diens, by die respondent bepaal. Die volgende frekwensietabel toon die reaksie van die respondente. Die positiewe en negatiewe kolomme toon die gemiddelde blootstelling aan 'n bepaalde handeling van die totale groep respondente, in hierdie spesifieke diens.

Vraag Nr.	Opsie 1	Opsie 2	Opsie 3	Oop gelaat
10.1.	77	1	0	1
10.2.	70	4	3	2
10.3.	75	1	3	0
Opsommende gemiddeld vir vrae 10.1. tot 10.3.	Positief		Negatief	1,2%
	93,7%		2,5%	

'n Totaal van 1.2% van die respondente het die vrae geïgnoreer, terwyl 93,6% 'n positiewe-, en 4,6% 'n negatiewe vertroue, in die voorganger rapporteer. 2,6% het die opsie "Ander" gemerk.

Hierdie afleiding is gemaak deurdat opsie 1 vir vrae 10.1. tot 10.3. as 'n positiewe, en opsies 2 en 3 saam getel, as 'n negatiewe belewenis, verteenwoordig.

4.6. REAKSIE VAN PERSONE OP DIE EREDIENSGEBEURE

Onder hierdie kategorie van vrae word die respondent se reaksie op die diens bepaal. Die terugvoering van die respondente kan as volg verwerk word, om 'n betekenisvolle idee vir hierdie kategorie te formuleer..

Wat vraag 11 betref - Opsies 1, 2 en respondente wat die vraag vermy het, verteenwoordig 'n negatiewe, terwyl 3, 4, 5 en 6 'n positiewe, en opsie 7 'n neutrale uitwerking van diensgebeure op die respondent.

Vraag Nr.	Beskrywing	Positief	Negatief	Neutraal
11.1	Die musiek.	69,6%	8,9%	21,5%
11.2	Die sang.	94,9%	5,1%	0
11.3	Prediking.	87,3%	7,6%	5,1%
11.4	Getuienisse.	65,8%	29,1%	5,1%
11.5	Staan tydens gebed.	53,2%	8,9%	37,9%
11.6	Staan tydens sang.	69,6%	8,9%	21,5%
11.7	Sit tydens gebed.	21,5%	30,4%	48,1%
11.8	Sit tydens sang.	20,3%	30,4%	49,3%
11.9	Hande klap tydens sang.	77,2%	13,9%	8,9%
11.10	Hande klap (applous) vir die voorganger.	40,5%	24,1%	35,4%

11.11	Ophef van hande.	82,3%	8,9%	8,8%
11.12	Vashou van hande met ander diensgangers.	53,2%	17,7%	29,1%
11.13	Wieg, swaai of dans op maat van musiek en sang.	40,5%	15,2%	44,3%
11.14	Kniel tydens gebed.	81,0%	6,3%	12,7%
11.15	Toemaak van oë tydens gebed.	76,0%	8,9%	15,1%
11.16	Toemaak van oë tydens sang.	70,9%	15,2%	13,9%
11.17	Deelname aan die Nagmaal	91,1%	7,6%	1,3%

Respondente wat die Neo-Pentekostalistiese benadering tot eredienste ondersteun, het veral ten opsigte van vier handelinge 'n negatiewe ervaring gerapporteer. Sit tydens gebed is deur 30,4%; sit tydens gemeentesamesang is deur 30,4% en hande klap (applous) vir die voorganger, negatief beleef. Die 29,1% wat "Getuienisse" as negatiewe belewenis gemerk het, moet buite rekening gelaat word aangesien die Engelse vertaling van die vraelys getuienis met "Witness" in plaas van "testimony", aandui.

Vraag 12 - Die som van opsies 1 en 3 verteenwoordig 'n negatiewe, terwyl die som van opsies 2 en 4 'n positiewe formele/informele element ten opsigte van die respondent se ervaring van dié spesifieke diens betref.

Positief	Negatief	Oop gelaat
77,2%	1,3%	21,5%

Die groter meerderheid (77,2%) van respondente uit hierdie groep beleef die erediens as 'n aangename gebeurtenis. 'n Relatief hoë aantal respondente (12,7%), wat moontlik as 'n negatiewe beleving van die formeel/informele element ver-

staan moet word, het die vraag vermy.

Vraag 13 vra na die reaksie van die respondent ten opsigte van die nie-verbale kommunikasie tydens die diens. Onder die kolomme "Positief" en "Negatief" sal die kombinasie van opsies aangetoon word.

Vraag Nr.	Opsie 1	Opsie 2	Opsie 3	Opsie 4	Oop gelos	Positief	Negatief
13.1	60	9	4	1	5	1+2+3= 73	4 = 1
13.2	61	7	5	1	5	1+2+3= 73	4 = 1
13.3	59	8	5	0	6	1+2+3= 72	4 = 0
13.4	67	5	1	0	5	1+2+3= 73	4 = 0
13.5	67	6	1	0	5	1+2+3= 74	4 = 0
13.6.	66	7	1	0	5	1+2+3= 74	4 = 0
13.7	64	9	2	0	4	1+2+3= 75	4 = 0
13.8	4	3	1	67	4	4 = 67	1+2 = 7
13.9	70	3	1	0	4	1+2+3= 74	4 = 0
13.10	69	4	1	1	4	1+2+3= 74	4 = 1
13.11	73	2	0	0	4	1+2+3= 75	4 = 0
13.12	59	13	1	2	4	1+2+3= 73	4 = 2
13.13	7	3	0	64	4	3+4 = 64	1+2 = 10
13.14	56	7	5	3	8	1+2+3= 68	4 = 3
13.15	68	4	1	2	4	1+2+3= 73	4 = 2
13.16	72	1	0	1	5	1+2+3= 73	4 = 1
13.17	4	2	2	67	4	3+4 = 69	1+2 = 6
13.18	3	2	3	67	4	3+4 = 70	1+2 = 5
13.19	6	2	0	67	4	3+4 = 67	1+2 = 8
13.20	66	1	3	5	4	1+2+3= 70	4 = 5
13.21	33	3	7	32	4		

13.22	7	6	4	57	4		
13.23	7	4	4	59	4		
Totale vir vraag 13					6,8%	90,6%	2,6%

Volgens hierdie totaal het 90,6% van die respondente 'n positiewe- terwyl 2,6% 'n negatiewe ervaring van die nie-verbale kommunikasie beleef. Van die 6,8% respondente het die vrae nie beantwoord of "Ander", sonder kommentaar gemerk.

Die konklusie waartoe die resultate van vrae 11, 12 en 13 lei, is dat die groter meerderheid van respondente 'n positiewe belewenis van eredienste rapporteer.

4.7. BLOOTSTELLING VAN DIE PERSOON AAN SPESIFIEKE DIENSGE- BEURE EN DIENSGEBRUIKE

Vraag 14 bied 'n beeld van die bekendheid van, of blootstelling aan, spesifieke diensgebeure en -handelinge, vir die respondent. Opsies 1, 2 en 3 verteenwoordig 'n positiewe, terwyl opsies 4, 5 en die aantal respondente wat die vraag vermy, 'n negatiewe of swak blootstelling aan dié spesifieke handeling of gebeure. Die volgende tabel toon die reaksie van die respondente.

Vraag Nr.	Opsie 1	Opsie 2	Opsie 3	Opsie 4	Opsie 5	Oop gelos	Pos.	Neg.
14.1	69	2	0	0	2	6	89,9%	10,1%
14.2	44	8	3	7	6	11	69,6%	30,4%
14.3	67	0	1	1	2	8	86,1%	13,9%
14.4	51	7	0	0	8	13	73,4%	26,6%
14.5	49	6	1	3	7	13	70,9%	29,1%

4.8. DIE RESPONDENTE

Vrae 16, 18 en 19 dra nie by tot die navorsingsresultaat nie en is daarom nie by hierdie verslag ingesluit nie. Wat wél van belang is, is die geslag en ouderdomverspreiding van respondente.

Die respondente wat aan die navorsing bloot gestel is, word ten opsigte van geslag en ouderdom in onderstaande frekwensietabel getoon.

	13-18	19-25	26-40	41-55	56-65	66+
Mans	4	17	13	7	1	0
Vroue	0	12	14	4	2	2
Totaal	4	29	27	11	3	2

'n Totaal van 3 persone het nie die betrokke vrae beantwoord nie.

5. OPSOMMENDE GEVOLGTREKKING UIT DIE DATA WAT IN HIERDIE NAVORSING VERKRY IS

Die onderstaande tabelle gee 'n aanduiding van die verskille en ooreenkomste tussen die drie tradisies in die Protestantse Kerlike lewe, wat in hierdie studie ondersoek is. Slegs die opsommende totale word vermeld.

5.1. BELEWENIS VAN DIE FISIESE SITUASIE TYDENS DIENSTE¹⁰

TRADISIE	POSITIEF	NEGATIEF
Gereformeerde	83,8%	13,5%
Pentekostalisties	86,4%	13,1%
Neo-Pentekostalisties	78,2%	20,3%
Totaal	82,8%	15,6%

'n Totaal van 1,6% respondente het nie die vrae gemerk nie.

Die groter meerderheid van respondente beleef die fisiese situasie tydens eredienste as positief.

5.2. MOTIVERENDE FAKTORE VIR PERSONE OM DIE DIENS BY TE WOON¹¹

Die onderskeid wat in die ondersoek gehandhaaf is tussen persoonlike- en waargenome motivering word ook hier behou.

BELEWING VAN DIE PERSOONLIKE MOTIVERENDE FAKTORE:

TRADISIE	POSITIEF	NEGATIEF
Gereformeerd	68,9%	12,1%
Petekostalisties	69,9%	11,9%
Neo-Petekostalisties	66,0%	15,4%
Totaal	68,3%	13,1%

'n Totaal van 18,6% respondente het nie die vrae gemerk nie. Hierdie resultaat toon dat respondente nominaal gemotiveerd is om dienste by te woon.

Die volgende vergelyking raak die waargenome motiverende faktore.

BELEWING VAN DIE WAARGENOME MOTIVERENDE FAKTORE:¹²

TRADISIE	POSITIEF	NEGATIEF
Gereformeerd	68,6%	19,5%
Petekostalisties	71,2%	17,8%
Neo-Petekostalisties	69,4%	23,5%
Totaal	69,7%	20,3%

'n Totaal van 10,1% respondente het nie die vrae gemerk

nie. 'n Redelike hoë vorm van negatiewe motivering word by ander diensgangers, oor die totale spektrum van tradisies, waargeneem.

5.3. VERWAGTING VAN PERSONE WAT DIE EREDIENS BYWOON¹³

In die verslae oor die individuele groepe is die gemiddelde totale verwerk. Die onderstaande tabel toon 'n hoë verwagtingsfaktor by al drie die groepe.

TRADISIE	POSITIEF	NEGATIEF
Gereformeerd	88,6%	5,7%
Petekostalisties	92,4%	2,5%
Neo-Pentekostalisties	85,7%	9,8%
Totaal	88,9%	6,0%

'n Totaal van 5,1% respondente het nie die vrae gemerk nie.

5.4. VERSTAANBAARHEID VAN EREDIENSGEBEURE¹⁴

Die verskillende handeling waaaroor daar 'n gevolgtrekking gemaak word, word telkens genoem met 'n tabel om die gemiddelde totale te vergelyk.

UITGESTREKTE ARMS VAN DIE VOORGANGER OOR DIE GEMEENTE AS DIE SEËN UITGESPREEK WORD:

BETEKENISWAARDE	GEREFORM.	PENTEKOS.	NEO-PENT.
Bewondering vir God.	18,9%	25,4%	31,7%
Diepe respek (vrees) vir God.	28,7%	25,9%	12,7%
Uitdrukking van versoek (vra of smeek).	13,9%	9,8%	17,7%
Lofprysing.	14,8%	11,8%	8,9%

<i>Uitdrukking van oorwinning.</i>	<i>5,3%</i>	<i>6,9%</i>	<i>7,6%</i>
<i>Uitdrukking van opstand.</i>	<i>0,4%</i>	<i>2,9%</i>	<i>0</i>
<i>Geen betekenis.</i>	<i>1,6%</i>	<i>2,0%</i>	<i>3,8%</i>

Soos reeds in die afsonderlike bespreking genoem, is daar baie onkunde by al die respondente oor dié handeling. Dit toon 'n ernstige gebrek aan die nodige onderrig en lering by die betrokke gemeentes.

STAAN TYDENS GEBED:

<i>BETEKENISWAARDE</i>	<i>GEREFORM.</i>	<i>PENTEKOS.</i>	<i>NEO-PENT.</i>
<i>Bewondering vir God.</i>	<i>14,8%</i>	<i>13,7%</i>	<i>12,7%</i>
<i>Diepe respek (vrees) vir God.</i>	<i>47,5%</i>	<i>42,2%</i>	<i>46,8%</i>
<i>Uitdrukking van versoek (vra of smEEK).</i>	<i>4,1%</i>	<i>6,9%</i>	<i>5,1%</i>
<i>Lofprysing.</i>	<i>7,8%</i>	<i>5,9%</i>	<i>7,6%</i>
<i>Uitdrukking van oorwinning.</i>	<i>0,8%</i>	<i>3,9%</i>	<i>2,5%</i>
<i>Uitdrukking van opstand.</i>	<i>1,2%</i>	<i>4,9%</i>	<i>8,9%</i>
<i>Geen betekenis.</i>	<i>7,0%</i>	<i>9,8%</i>	<i>7,6%</i>

Na aanleiding van die waarnemers se verslae oor die eredienste, het die oorgrote meerderheid van diensgangers, (dit is 80% en meer) by vier van die dienste; ongeveer die helfte by een diens en niemand by die ander diens, tydens gebed gestaan.

Die dominerende betekenis wat deur respondente aangetoon is, is dat die handeling diepe respek vir God weerspieël. Tussen 42,2% tot 47,5%, 'n gemiddeld persentasie van 45,5%, van alle respondente het dié betekenis aangedui.

STAAN TYDENS SANG:

BETEKENISWAARDE	GEREFORM.	PENTEKOS.	NEO-PENT.
Bewondering vir God.	13,5%	19,6%	24,1%
Diepe respek vir God.	16,4%	17,7%	17,7%
Uitdrukking van versoek (vra of smEEK).	2,1%	3,9%	2,5%
Lofprysing.	50,8%	42,2%	39,2%
Uitdrukking van oorwinning.	0,4%	2,0%	3,8%
Uitdrukking van opstand.	1,2%	1,0%	0
Geen betekenis.	3,7%	4,9%	2,5%

Waarnemers rapporteer dat by al elf die dienste waar opnames gedoen is, die oorgrote meerderheid van diensgangers, tydens sang gestaan.

Hierdie handeling is veral by die Gereformeerde dienste deur respondente as lofprysing beskryf (50,8%). Die volgende hoogste aanduiding (16,4%) is dat dit diepe respek vir God aantoon. Die Pentekostalistiese respondente merk lofprysing (42,2%), diepe respek (19,6%) en bewondering vir God (17,7%), as die betekenis. Die Neo-Pentekostalistiese respondente merk lofprysing (39,2%), bewondering (24,1%) en diepe respek (17,7%) vir God as die dominerende betekenis.

Die volgende kategorie waaroor daar 'n gevolgtrekking gemaak moet word, staan in verband met die opheffing van hande tydens eredienste. Die voorkoms van hierdie verskynsel word as volg, vir die verskillende tradisies, deur die waarnemers gerapporteer:

* Gereformeerde tradisie - Dié handeling het in geen vorm tydens dienste voorgekom nie.

* Pentekostalistiese tradisie - By een diens het die oorgrote meerderheid (80% en meer) en by die ander twee dienste het ongeveer die helfte van diensgangers, hande opgehef.

* Neo-Pentekostalistiese tradisie - By die een diens het die oorgrote meerderheid (80% en meer) terwyl die diensgangers by die ander diens wat hul hande opgehef het, 'n klein minderheid was.

HANDE OPHEF MET PALMS NA BO GEDRAAI:

BETEKENISWAARDE	GEREFORM.	PENTEKOS.	NEO-PENT.
Bewondering vir God.	14,8%	29,4%	25,3%
Diepe respek (vrees) vir God.	9,0%	3,9%	11,4%
Uitdrukking van versoek (vra of smeek).	9,4%	15,7%	8,9%
Lofprysing.	32,4%	36,3%	40,5%
Uitdrukking van oorwinning.	4,9%	7,8%	3,8%
Uitdrukking van opstand.	0,4%	0	0
Geen betekenis.	9,8%	0	0

Die Neo-Pentekostalistiese respondente merk lofprysing (40,5%) en bewondering vir God (25,3%); die Pentekostalistiese lofprysing (36,3%) en bewondering vir God (29,4%) terwyl 32,4% van Gereformeerde respondente as betekenis uitwys.

HAND(E) OPHEF MET VUIS(TE) GEBAL:

BETEKENISWAARDE	GEREFORM.	PENTEKOS.	NEO-PENT.
Bewondering vir God.	1,2%	10,8%	2,5%
Diepe respek (vrees) vir God.	0,8%	2,0%	2,5%
Uitdrukking van versoek (vra of smeek).	3,7%	5,9%	8,9%
Lofprysing.	4,5%	8,8%	5,1%
Uitdrukking van oorwinning.	23,4%	46,1%	58,2%

<i>Uitdrukking van opstand.</i>	<i>28,7%</i>	<i>10,8%</i>	<i>6,3%</i>
<i>Geen betekenis.</i>	<i>17,2%</i>	<i>4,9%</i>	<i>12,7%</i>

Wat positiewe betekeniswaarde betref toon die Neo-Pentekostaliste (58,2%), Pentekostaliste (46,1%) en Gereformeerdes (23,4%), dat dié handeling oorwinning aandui. 'n Hoë persentasie van Gereformeerde respondente (45,9%) dui 'n negatiewe betekeniswaarde aan - 28,7% beskou die handeling as 'n uitdrukking van opstand en 17,2% sien geen betekenis daarin nie. 'n Beduidende persentasie persone by die Neo-Pentekostaliste (19%) toon ook 'n negatiewe betekenis.

WUIF VAN HANDE MET ARMS NA BO UITGESTREK:

<i>BETEKENISWAARDE</i>	<i>GEREFORM.</i>	<i>PENTEKOS.</i>	<i>NEO-PENT.</i>
<i>Bewondering vir God.</i>	<i>6,6%</i>	<i>16,7%</i>	<i>12,7%</i>
<i>Diepe respek (vrees) vir God.</i>	<i>2,1%</i>	<i>2,0%</i>	<i>2,5%</i>
<i>Uitdrukking van versoek (vra of smeek).</i>	<i>3,7%</i>	<i>52,9%</i>	<i>2,5%</i>
<i>Lofprysing.</i>	<i>30,3%</i>	<i>18,6%</i>	<i>58,2%</i>
<i>Uitdrukking van oorwinning.</i>	<i>11,5%</i>	<i>18,6%</i>	<i>12,7%</i>
<i>Uitdrukking van opstand.</i>	<i>3,3%</i>	<i>0</i>	<i>1,3%</i>
<i>Geen betekenis.</i>	<i>21,3%</i>	<i>0</i>	<i>2,5%</i>

Die betekenis van lofprysing word deur 58,2% van die Neo-Pentekostalistiese; 30,3% van Gereformeerde en 18,6% van Pentekostalistiese respondente aangedui. Vir die Pentekostaliste is dit egter hoofsaaklik 'n gebaar van versoek (52,9%) of oorwinning (18,6%). By die Gereformeerde groep word daar deur 'n redelik hoë aantal respondente (24,6%) negatiewe betekeniswaarde aan dié handeling gekoppel.

HANDE SAAMGEKLEM OF PALMS TEEN MEKAAR GEDRUK VOOR DIE BORS:

BETEKENISWAARDE	GEREFORM.	PENTEKOS.	NEO-PENT.
Bewondering vir God.	12,7%	17,7%	24,1%
Diepe respek vir God.	14,8%	21,6%	16,5%
Uitdrukking van versoek (vra of smEEK).	30,7%	32,4%	25,3%
Lofprysing.	5,3%	10,8%	7,6%
Uitdrukking van oorwinning.	2,9%	2,9%	1,3%
Uitdrukking van opstand.	0,8%	2,0%	2,5%
Geen betekenis.	12,3%	2,0%	12,7%

Tussen aldrie die groepe wissel die betekenis van hierdie gebaar as sou 'n uitdrukking van versoek, bewondering en respek vir God beteken.

TOEMAAK VAN Oë TYDENS GEBED:

BETEKENISWAARDE	GEREFORM.	PENTEKOS.	NEO-PENT.
Bewondering vir God.	14,8%	24,5%	19,0%
Diepe respek (vrees) vir God.	58,2%	52,9%	51,9%
Uitdrukking van versoek (vra of smEEK).	5,7%	9,8%	6,3%
Lofprysing.	2,5%	3,9%	0
Uitdrukking van oorwinning.	0,8%	1,0%	0
Uitdrukking van opstandigheid.	0	0	0
Geen betekenis.	1,2%	0	6,3%

Wat dié gebruik betref rapporteer die waarnemers dat die oorgrote meederheid van diensgangers (80% en meer) by al elf die dienste hieraan meegedoen het. Die dominerende

betekenis wat by aldie die groepe na vore tree, is dat dié handeling 'n gebaar van diepe respek vir God voorstel.

TOEMAAK VAN Oë TYDENS SANG:

BETEKENISWAARDE	GEREFORM.	PENTEKOS.	NEO-PENT.
Bewondering vir God.	21,7%	33,3%	38,0%
Diepe respek (vrees) vir God.	19,7%	24,5%	20,3%
Uitdrukking van versoek (vra of smeeke).	9,0%	6,9%	3,8%
Lofprysing.	20,1%	18,6%	12,7%
Uitdrukking van oorwinning.	1,6%	2,0%	1,3%
Uitdrukking van opstandigheid.	0,4%	0	0
Geen betekenis.	9,0%	0	5,1%

Wat hierdie gebaar betref rapporteer uit die Neo-Pentekostalistiese kamp, 38% bewondering en 20,3% diepe respek vir God; uit die Pentekostalistiese-, 33,3% bewondering vir God, 24,5% respek vir God en 18,6% lofprysing; uit die Gereformeerde-, 21,7% bewondering vir God, 20,1% lofprysing en 19,7% diepe respek vir God, as die primêre betekenis.

HOOF TYDENS GEBED BUIG:

BETEKENISWAARDE	GEREFORM.	PENTEKOS.	NEO-PENT.
Bewondering vir God.	13,1%	16,7%	11,4%
Diepe respek (vrees) vir God.	60,7%	63,7%	70,9%
Uitdrukking van versoek (vra of smeeke).	6,6%	3,9%	6,3%
Lofprysing.	2,9%	2,0%	1,3%
Uitdrukking van oorwinning.	0,4%	0	0

Uitdrukking van opstandigheid.	0,4%	0	0
Geen betekenis.	2,1%	2,9%	5,1%

Die dominerende betekenis wat by aldie die groepe gerapporteer word, is dat dit 'n gebaar van diepe respek uitdruk.

NEERVAL ONDER DIE SOGENAAMDE "SLAIN IN THE SPIRIT":

BETEKENISWAARDE	GEREFORM.	PENTEKOS.	NEO-PENT.
Bewondering vir God.	3,7%	16,7%	7,6%
Diepe respek (vrees) vir God.	5,3%	8,8%	3,8%
Uitdrukking van versoek (vra of smeek).	3,3%	3,9%	7,6%
Lofprysing.	3,7%	5,9%	1,3%
Uitdrukking van oorwinning.	5,7%	27,5%	13,9%
Uitdrukking van opstandigheid.	4,5%	2,0%	0
Geen betekenis.	38,1%	0	5,1%

Slegs die Pentekostalistiese respondente beskryf 'n positiewe betekenis aan hierdie verskynsel toe. Vir hulle is dit 'n uitdrukking van oorwinning (27,5%) of bewondering vir God (16,7%). Die 42,6% negatiewe betekenis onder respondente wat uit 'n Gereformeerde oogpunt redeneer, kon verwag word, maar die reaksie van die Neo-Pentekostalistiese benadering is, soos reeds gesê,¹⁵ val vreemd op die oor.

5.5. EREDIENSGANGERS SE SIENING VAN DIE LITURG¹⁶

'n Oorweldigende positiewe siening word by aldie die groepe gerapporteer.

	GEREFORM.	PENTEKOS.	NEO-PENT.
Positiewe siening.	90,0%	84,3%	93,7%
Negatiewe siening.	5,7%	11,8%	2,5%

5.6. REAKSIE VAN PERSONE OP BEPAALDE EREDIENSGEBEURE

Onder hierdie opskrif word slegs die som van die positiewe en neutrale reaksie aangetoon:

BESKRYWING	GEREFORM.	PENTEKOS.	NEO-PENT.
Die musiek.	84,8%	93,1%	91,1%
Die sang.	85,2%	94,1%	94,9%
Prediking.	86,9%	93,1%	92,4%
Getuienisse.	82,0%	87,2%	70,9%
Staan tydens gebed.	85,7%	92,2%	91,1%
Staan tydens sang.	86,5%	94,1%	91,1%
Sit tydens gebed.	70,7%	76,5%	69,6%
Sit tydens sang.	75,8%	68,6%	69,6%
Hande klap tydens sang.	39,3%	88,2%	86,1%
Hande klap (applous) vir die voorganger.	30,7%	81,4%	75,9%
Ophef van hande.	65,2%	92,9%	91,1%
Vashou van hande met ander diensgangers.	61,9%	86,3%	82,3%
Wieg, swaai of dans op maat van musiek en/of sang.	33,6%	88,2%	84,8%
Kniel tydens gebed.	79,5%	92,2%	93,7%
Toemaak van oë tydens gebed	87,7%	95,1%	91,1%
Toemaak van oë tydens sang.	84,0%	97,1%	84,8%
Deelname aan die Nagmaal.	87,3%	95,1%	92,4%

Indien 'n syfer van 60% en hoër beskou word as 'n positiewe reaksie op bepaalde diensgebeure, toon die bostaande tabel dat al die genoemde diensgebeure vir die groter meerderheid van respondente positief was behalwe vir: Hande klap tydens sang wat deur 60,7%; Hande klap (applous) vir die voorganger wat deur 69,3% en Wieg, swaai of dans op maat van die musiek en/of sang wat deur 66,4% van Gereformeerde respondente as 'n negatiewe belewenis beskryf word.

AANGENAME/ONAANGENAME BELEWENIS VAN DIE FORMELE/INFORMELE SITUASIE TYDENS DIE DIENS:

	GEREFORM.	PENTEKOS.	NEO-PENT.
Positiewe belewenis.	78,7%	82,4%	77,2%
Negatiewe belewenis.	4,9%	4,9%	1,3%
Vraag geïgnoreer.	16,4%	12,7%	21,5%

Die groter meerderheid van diensgangers beleef die dienste as 'n aangename gebeurtenis. Die relatief hoë persentasie wat die vraag geïgnoreer het, by beide die Gereformeerde en Neo-Pentekostalistiese groepe moet waarskynlik as 'n negatiewe aanduiding geneem word. Dié saak behoort by die twee groepe aandag te geniet, sodat dié element as positief beleef kan word.

BELEWENIS VAN DIE NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE TYDENS DIE DIENS:¹⁷

	GEREFORM.	PENTEKOS.	NEO-PENT.
Positiewe belewenis.	86,3%	89,6%	90,6%
Negatiewe belewenis.	4,4%	4,0%	2,6%

Respondente se waarneming van die nie-verbale kommunikasie tydens die dienste word oorweldigend positief beleef.

5.7. RESPONDENTE WAT AAN DIE NAVORSING BLOOTGESTEL IS

Die onderstaande frekwensietabel toon die verspreiding ten opsigte van ouderdom en geslag vir elke tradisie:

OUERDOM	GESLAG	GEREFORM.	PENTEKOS.	NEO-PENT.
13 tot 18 jaar.	Mans.	10	2	4
	Dames.	8	6	0
19 tot 25 jaar.	Mans.	14	19	17
	Dames.	17	27	12
26 tot 40 jaar.	Mans.	38	12	13
	Dames.	37	15	14
41 tot 55 jaar.	Mans.	33	6	7
	Dames.	25	5	4
56 tot 65 jaar.	Mans.	12	1	1
	Dames.	17	2	2
66 en ouer.	Mans.	10	0	0
	Dames.	4	0	2
TOTAAL	396 (29)	225 (19)	95 (7)	76 (3)

In die frekwensietabel hierbo word die aantal persone wat nie die betrokke vrae beantwoord het nie, tussen hakies aangedui.

6. KONKLUSIE UIT DIE DATA

Die gestelde doel van hierdie empiriese ondersoek¹⁸ vra dat die ingesamelde data die suggestologiese verduideliking¹⁹ van dit wat in die erediens gebeur, moet uitwys en die beginsels wat gestel is²⁰ moet evalueer.

Die voorgestelde alternatiewe kommunikasiemodel vir die Christelike erediens toon dat die vraagbrief juis die

invloed van dié kommunikasiefaktore toets. Respondente het dan ook, soos verwag is, getrou aan die suggestie wat in dié spesifieke tradisie in eredienste voorkom, gereageer. 'n Faktor in die gestelde model wat nie deur die vraagbrief gemeet kon word nie, is die intensiteit van 'n bepaalde kommunikasiefaktor.

Al die voorgangers rapporteer, in die vraelyste wat hulle ingevul het, dat hulle met die oog op goeie kommunikasie die erediens en liturgiese orde beplan het. Hierdie voorgangers beleef die invloed wat hulle op mense uitoefen, as 'n positiewe bydrae tot die kommunikasie in die erediens. Die onderstaande tabel toon hulle gemiddelde reaksie ten opsigte van bepaalde aspekte van hulle bediening:

	GEEN OF WEET NIE	BEPALEND	UITEENLOPEND
Status.	40%	60%	-
Vertroue in hulle.	-	80%	20%
Reputasie	-	100%	-
Gesindheid tydens optrede.	20%	60%	20%
Outoriteit in optrede.	-	80%	20%
Houding tydens dienste.	20%	80%	-

Verder rapporteer die voorgangers ten opsigte van jare in diens van die Kerk, die volgende ondervinding:

AANTAL JARE DIENS	GEREFORM.	PENTEKOS.	NEO-PENT.
Minder as 1 jaar.	-	-	-
1 tot 5 jaar.	-	-	1
6 tot 10 jaar.	-	-	-

11 tot 20 jaar.	1	1	1
21 tot 30 jaar.	2	-	-
31 jaar en meer.	-	1	-
Nie ingevul nie.	3	1	0

Uit die voorafgaande bespreking en oorsig oor die data, is dit duidelik dat die kommunikasie tydens die erediens 'n baie komplekse gebeurtenis veronderstel. Die voorgestelde alternatiewe kommunikasiemodel gee uitdrukking aan hierdie kompleksiteit en 'n weg waarlangs verdere studie die Kerk van Christus tot betekenisvolle eredienste kan lei.

'n Verdere saak wat uit die data navore tree is dat erediensgebeure deur diensgangers verstaan moet word, om enigsins 'n sinvolle invloed uit te oefen. Voorgangers sal moeite moet doen om die gemeentes, Bybels te onderrig, en tydens dienste 'n sinvolle liturgiese orde te beplan. Voorgangers se verantwoordelikheid om goed voor bereid, eksegeties, liturgies, emosioneel én geestelik, kan nooit oorbeklemtoon word nie.

Die finale konklusie van hierdie studie kan nou beskryf word. Hoofstuk 6 gee dan ook spesifiek hieraan aandag.

oo0oo

HOOFSTUK 6

DIE CHRISTELIKE EREDIENS - QUO VADIS?

1. INLEIDING

Hierdie hoofstuk dien as finale konklusie van hierdie studie oor die rol van suggestie in die Christelike erediens. Die Kerk moet nou die korrekte vrae vra om dinamies in die een-en-twintigste eeu, haar taak suksesvol te volbring.

Die vraag wat in hierdie studie gevra is, staan in verband met die aktualiteitsvraagstuk van die erediens. Hierdie vraag is aan die begin¹ as volg gestel: Wat is die dinamika, die energie komponente wat in wisselwerking tot mekaar in die erediens staan? of anders gestel, wat gebeur in en deur mense in die erediens? In 'n poging om die vraag te beantwoord is hierdie studie volbring.

Vanuit hierdie probleemstelling is daar getrag om uit 'n teologies-kommunikatiewe oogpunt suggestie as verduideliking van verskynsels in die erediens te beskryf. Dit het aangetoon dat God in die natuurlike prosesse van kommunikasie en verhoudinge, die mens in die Christelike erediens tot sinvolheid en volheid van lewe lei. Verder is daar deur 'n empiriese ondersoek, om dié uitgangspunt in die praktyk te toets.

Die gevolgtrekkings van die verskillende dele van die studie word hier ingespan om 'n samevattende konklusie daar te stel.

2. KONKLUSIES WAT VOORTVLOEI UIT DIE BESINNING OOR SUGGESTIE IN TEORETIESE PERSPEKTIEF

In die besinning en bespreking oor verskillende aspekte van, en definisie vir, suggestie is daar tot die volgende

konklusie, met betrekking tot suggestie, gekom:

SUGGESTIE IS DIE SOMTOTAAL VAN ONBEWUSTE WAARNEMING IN DIE TOTALE KOMMUNIKASIESITUASIE WAT DIE INDIVIDU TOT BEGRIP EN BETEKENIS LEI.

Uit hierdie definisie is die faktore wat suggestie beïnvloed en die elemente van suggestie omskryf. Dié aspekte word hieronder slegs opsommend genoem.

2.1. Faktore wat suggestie beïnvloed.

Hierdie faktore kan doelbewus deur voorgangers aangewend word. Die positiewe teenwoordigheid van hierdie faktore in 'n kommunikasie-situasie verhoog die rol en invloed van suggestie.

2.1.1. Fisiese situasie van persone tydens dienste.

Die fisiese situasie waarbinne die eredienskommunikasie plaasvind, bepaal in watter mate die persoon die rol wat dié diens vereis, sal aanneem. Die gemak en rangskikking van die sitplekke, die temperatuur, beligting, hoor- en sigbaarheid van gebeure, asook die atmosfeer wat deur die argitektuur, ameublement en estetiese voorkoms van die gebou geskep word, is hier ter sprake.

Indien hierdie fisiese situasie positief deur die persoon ervaar word, sal hy die verwagte rol wat die suggestie verlang, makliker aanneem. In die empiriese ondersoek is die belang van dié aspek deur die resultaat beklemtoon.²

2.1.2. Motivering van persone om dienste by te woon.

Positiewe motivering kom voor wanneer 'n individu glo dat die diensgebeure sy besondere behoefte sal vervul,

of waar 'n aangename belewenis van die musiek en sang, ensovoorts, beleef word. Beide persoonlike motivering en waargenome motivering is van belang en in die navorsingsresultaat verkry. Dit is dan ook wat die waargenome motivering betref wat 'n negatiewe beleving gerapporteer is.³

2.1.3. Verwagting van die persoon vir die diens.

Die konklusie waartoe daar geraak is, is dat 'n positiewe verwagting by persone ten opsigte van wat tydens die diens moet gebeur, die moontlikheid van die beïnvloeding radikaal verhoog. Die data wat uit die ondersoek verkry is rapporteer 'n positiewe verwagting van die respondente.⁴

2.1.4. Gedrag van die ander diensgangers en voorgangers.

Positiewe leidrade aan die persoon dat hy deur die groep aanvaar en tuis laat voel is, bepaal tot watter mate die individu hom aan die kommunikasie sal, blootstel. Dit gaan hier oor die waarneming van die nie-verbale taal by die erediensganger. In die bespreking van die navorsingsresultaat is aangetoon dat min respondente 'n negatiewe van hierdie faktor beleef het.⁵

2.1.5. Vertroue van die persoon in die voorganger.

Indien die bonafides van die voorganger deur die mens betwyfel word, sal kommunikasie waarskynlik geen uitwerking hê nie. Deur hierdie vertroue stel die persoon homself beskikbaar aan die inligting wat gekommunikeer word. 'n Oorweldigende positiewe reaksie is uit die navorsing, wat hierdie faktor betref, gerapporteer.⁶

Waar hierdie faktore positief in 'n bepaalde erediens teenwoordig is, sal suggestie as faktor in die kommunikasie, van bepalende belang wees. Die erediensganger sal onkrities dit wat in die erediens gebeur aanvaar.

'n Ander saak wat uit die teoretiese besinning duidelik geword het, staan in verband met die elemente van suggestie. Behalwe vir die innerlike- of endo-psigiese en endo-fisiese toestande wat die erediensganger beleef, is dit veral die Goddelike spreke in die erediens wat hier as konklusie vermeld moet word.

2.2. Die Goddelike spreke in die erediens.

Hierdie kommunikasiefaktor wat as 'n element van suggestie die kommunikasie tydens die erediens tot onbeperkte invloed verhoog, kan nie gemanipuleer word nie. God tree as soewereine Kommunikator op want in Christus bring Hy nie slegs die Woord nie, Hy is die Woord! Hy dra nie slegs die Waarheid oor nie, Hy is die Waarheid! Hy praat nie net van, en oor die Lewe nie, Hy is die Lewe!

Terwyl die Christelike erediens en die kommunikatiewe dinamiek wat daar plaasvind saam met ander nie-kerklike kommunikasie verband hou, is die eredienskommunikasie uniek. Die Goddelike Woordgebeurtenis maak dit uniek. Dit is nie inligting oor die Woord wat gekommunikeer word nie. Dit is die Woord Self in die persoon van Jesus Christus waardeur God in verhouding tot die mens tree. 'n Ontmoeting vind in die erediens plaas waarin God en mens in 'n dialogiese gesprek betrokke raak. Dit is hierdie sprekende God wat in die erediens die element van suggestie afrond en vir sy doeleindes inspan.

2.3. SUGGESTOLOGIESE VERDUIDELIKING VIR DIT WAT IN DIE EREDIENS GEBEUR.

Dit het verder uit hierdie teoretiese besinning duidelik

geword, dat dit wat in die erediens gebeur, waarskynlik die beste aan die hand van 'n suggestologiese verduideliking beskryf kan word. Uit hierdie verduideliking is die alternatiewe kommunikasiemodel vir die erediens ontwerp. Dié alternatiewe model van die kommunikasie in die Christelike erediens het 'n eksponensiële grafiese funksie. Die uitwerking of invloed van die kommunikasie op die persoon wat die erediens bywoon is dus méér as die somtotaal van kommunikasiefaktore. Dit het eerder 'n vermenigvuldigings effek. Die verwantskap tussen die x- en y-asse in 'n grafiese kurwe, is kumulatief en nie liniêr nie, namate x toeneem is die toename van y hoër as wat in 'n liniêre verwantskap verwag sou word.

Voorgangers moet die kompleksiteit van die eredienskommunikasie besef én in die lig van alles wat reeds gesê is, beplan om die erediens so te lei, dat die mees effektiefste kommunikasie moontlik is. Dit is van kardinale belang, dat die erediensganger nie die kommunikasiefaktore as enkele elemente beleef nie, maar dit as 'n eenheid en geheel waarneem. Die voorganger se stem-intonasie, die tempo waarteen, en die dringendheid waarmee hy praat, asook die inhoud van dit wat gesê word, word as één eksistensiële werklikheid in die hede beleef.

2.4. BEGINSELS WAT DIE KOMMUNIKASIE TYDENS DIE CHRISTELIKE EREDIENS BEHEER⁷

Die laaste opmerking wat as konklusie uit die teoretiese besinning genoem moet word, is dat beginsels uit dié besinning na vore getree het, wat die eredienskommunikasie beheer. Hierdie beginsels word slegs genoem.

2.4.1. Die motiewe van die voorganger moet suiwer wees om God sentraal in die erediens te plaas.

Die voorganger moet voortdurend bewus wees dat hy in diens van God staan, en daarom sal hy deur die erediens

en veral in die prediking, God aan die Woord moet plaas. Soos die Ou Testamentiese profete en ander Bybelse predikers moet die voorganger die mondstuk van God wees wat altyd die "So spreek die Here"-formule handhaaf. Op hierdie wyse sal die voorganger die kommunikasie inspan om God sentraal in die diens te plaas, die gemeente sal God se teenwoordigheid vier.

Aanbidding wat hierdie beginsel ignoreer het niks met Christelike aanbidding te doen nie. Die toets vir die erediens is nie geleë in die stylvolheid of vermaaklikheidsinhoud daarvan nie, maar of dit die lewende Woord van God aan die mense gebring het.

2.4.2. Die Bybel moet die inhoud en gebeure tydens die erediens bepaal.

Die voorganger moet in die beplanning vir, en beheer tydens die erediens, seker maak dat die Woord van God dit wat gebeur, inhoudelik en prakties onderskryf. Die erediens is die ontmoeting tussen God en sy gemeente deur die werking van die Heilige Gees en sy Woord.

Daar moet dus 'n hoë premie op die Bybel en Bybelse inhoud vir die erediensgebeure geplaas word. Dit moet in die erediens gaan om God wat spreek, eerder as 'n gesprek oor God.

Gedrag wat in die erediens voorkom, moet ten minste op grond van goeie eksegeese, Bybels gemotiveer kan word. Dit sou egter verkieslik wees indien die gedrag op grond van Bybelse voorbeelde gemotiveer kon word. Op dié wyse sal die diensgebeure, Bybels en sinvol verantwoord kon word.

2.4.3. Handeling wat tydens die erediens uitgevoer word, moet 'n algemene verstaanbare betekenis oodra.

Die handeling wat tydens die erediens uitgevoer word, moet deur almal wat dit meemaak met dieselfde betekenis bekleed word. Die aksies moet in die geheel gesien sin maak, maar ook as afsonderlike handelinge betekenis oordra. Dit moet iets sê.

Hierdie beginsel impliseer verder dat die liturgiese orde, wat die geheelindruk betref, tydens 'n spesifieke diens, 'n sinvolle eenheid sal vorm. Liturgiese handelinge, aksies of elemente wat in die erediens beplan word, moet in die lig van 'n sentrale tema die spesifieke doelstelling van die diens bevorder.

Met hierdie beginsels gestel, kan die konklusies uit die empiriese ondersoek nou gefinaliseer word.

2. KONKLUSIES WAT VOORTVLOEI UIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die taak van die empiriese ondersoek was om die teoreties geformuleerde model en beginsels te toets. Die ingesamelde data toon dan ook dat by al die dienste, die groter meerderheid van respondente, 'n redelik positiewe suggestie tydens die diens beleef het. Dit toon dat die alternatiewe kommunikasiemodel, die komplekse aard van die eredienskommunikasie verwoord en uitbeeld.

Dit was dan ook by die aanduiding van wat 'n bepaalde handeling vir die respondente beteken, dat die bepaalde teologiese uitgangspunt van 'n tradisie, verskille in interpretasie meegebring het. Beide die Pentekostalistiese en Neo-Pentekostalistiese tradisies is tot 'n meer ekspressionistiese aanbiddingsvorm geneig terwyl die respondente in die Gereformeerde tradisie, gebruike soos kniel tydens gebed sou verwelkom.

Die vraag wat sigself nou aan die gedagte opdring, is: Wat van die toekoms? Die Christelike erediens Quo Vadis?

3. DIE CHRISTELIKE EREDIENS OUO VADIS?

Onder hierdie opskrif gaan dit om aanbevelings wat voorgangers en leiers by dienste kan aanwend om die erediens meer, aktueel en relevant vir die moderne mens, aan te bied. Op dié wyse sal hierdie studie slaag in die doel waarom dit aangepak is.

As eerste opmerking, word aanbeveel dat die geformuleerde beginsels as basis sal dien vir die beplanning en aanbieding van eredienste. Die eer van God en nie die mens of denominasie moet voorrang geniet, die Bybel moet die inhoud en gebeure bepaal en dit wat gebeur moet deur almal betrokke verstaan word.

Die voorafgaande opmerking gee dan aanleiding tot die volgende. Die tweede opmerking, wat as aanbeveling aangebied word, is dat gemeentes deur voorbeeld en onderrig, met betrekking tot dit wat in die erediens gebeur, geleer sal word. Persone wat aan die erediens deelneem moet die handelinge en gebeure as 'n verstaanbare en sinvolle aksie beleef. Onverstaanbare en sinnelose aksies het 'n afbrekende invloed op die kommunikasie. Sulke aksies moet verkieslik vermy word.

Die laaste aanbeveling wat voorgestel word, is dat voorgangers tydens eredienste alles in hul vermoë sal doen om die kommunikasie so effektief as moontlik aan te wend. Die erediensgangers se belewenis van die diens moet daartoe lei dat hulle met mekaar en met Christus in 'n lewegewende verhouding sal tree.

Dié aanbeveling kan die implikasie hê dat onkoste om sitplek gerief en lugversorging moontlik te maak, aangegaan moet word. Dat die hele onvang van die erediens deeglik voorberei, beplan en sinvol aangebied moet word. Diensgangers moet dit wat, ten opsigte van die Evangelie uitgebeeld word, eerder beleef⁸ as om daarna te luister

of kyk. Die erediens moet in die geheel gesien, deur musiek en sang, die prediking en ander ontmoetingsgebeure, die diensganger met God in aanraking bring.

Die toekoms van die Christelike erediens kan alleen gevestig word indien die Kerk nou, bereid is om aktueel en sinvol, die Evangelie van Christus Jesus met mekaar en die wêreld te deel. So sal God verheerlik kan word.

Soli Deo gloria!

oo0oo

EINDNOTAS

Hoofstuk 1

- 1 Küng, H: *THE CHURCH*, 1968, p 79v.
- 2 Efésiërs 5: 25 tot 27.
- 3 Johannes 14: 1 tot 3.
- 4 Heuer, N.A.C.: *LET MY PEOPLE GO*, 1981.
- 5 Lehmkuhl, C W: *PREDIKING AS LITURGIESE GEBEURE*, 1986, p 6.
- 6 Pieterse, H J C: *SKRIFVERSTAAN EN PREDIKING*, 1979, p 1v.
- 7 Lehmkuhl, C W: *Op. Cit.*, p 36v.
- 8 *Ibid.*, Hoofstuk 3.
- 9 Seward Hiltner se definisie soos aangehaal deur Heuer, N A C: *INTERPRETIVE THEOLOGICAL DYNAMICS*, 1979.
- 10 Lehmkuhl, C W: *Op. Cit.*, p 49v.
- 11 *Ibid.*

Hoofstuk 2

- 1 Hoon, P W: *THE INTEGRITY OF WORSHIP*, 1971, p 102.
- 2 *Ibid.*, p 105 en Barnard, A.C: *DIE EREDIENS*, 1981, p 391.
- 3 Von Allmen, J-J: *WORSHIP ITS THEOLOGY AND PRACTICE*, 1965, p 33.
- 4 Renwick, A M: *THE STORY OF THE CHURCH*, 1973, p 113.
- 5 *Ibid.*, p 108.
- 6 *Ibid.*, p 118.
- 7 Barnard, A C: *Op. Cit.*, p 332v.
- 8 Von Allmen, J-J: *Op. Cit.*, p 25.
- 9 Maxwell, W D: *AN OUTLINE OF CHRISTIAN WORSHIP*, 1936, p 74.
- 10 Runia, K: *THE SERMON UNDER ATTACK*, 1983, p 32.
- 11 Barnard, A C: *Op. Cit.*, p 333.
- 12 *Ibid.*
- 13 *Ibid.*, p 338.
- 14 Gromacki, R G: *THE MODERN TONGUES MOVEMENT*, 1972, p 24
- 15 *Ibid.*, p 25.
- 16 *Ibid.*, p 25v. Sien ook Sherril, J L: *THEY SPEAK WITH*

OTHER TONGUES, 1969.

- 17 White, J F: CHRISTIAN WORSHIP IN TRANSITION, 1976, p 74.
- 18 Ibid., p 73.
- 19 Hoekema, A A: WHAT ABOUT TONGUE-SPEAKING, 1966, p 31.
- 20 Sien 3.2. van hierdie hoofstuk, p 18.
- 21 Inligting is van IFCC tel: (012) 3489556, Mnr. William Creuw aangevra.
- 22 Sien hoofstuk 1 van hierdie studie, p 9v.
- 23 Soos in hierdie studie gedefineer, p 37v.
- 24 Dimbley, R et al: MORE THAN WORDS, 1985, p 43v. asook Knapp, M L: NONVERBAL COMMUNICATION IN HUMAN INTERACTION, 1978.
- 25 Abbey, M R: COMMUNICATION IN PULPIT AND PARISH, 1976, p 26.
- 26 Weitzenhoffer, A. M: HYPNOTISM, AN OBJECTIVE STUDY IN SUGGESTIBILITY, 1953.
- 27 Lozanov, G: SUGGESTOLOGY AND OUTLINES OF SUGGESTOPEDY, 1978.
- 28 Ibid., p 267.
- 29 Gouws, L A.: PSIGOLOGIESEWOORDEBOEK, 1979, p 397.
- 30 Lozanov, G: Op. Cit.
- 31 Buck, R: NONVERBAL COMMUNICATION in die AMERICAN BEHAVIORAL SCIENTIST, Vol. 31, Nr. 3, Januarie/ Februarie 1988, p 341 tot 354.
- 32 Ibid., p 343.
- 33 Rossi, E: THE CEREBRAL HEMISPHERE IN ANALYTIC PSYCHOLOGY, in die JOURNAL OF ANALITICAL PSYCHOLOGY, p 33.
- 34 Ibid., p 43. Sien ook Knapp, M L. Op. Cit., p 4.
- 35 Rossi, E: Op. Cit., p 47.
- 36 Buck, R: Op. Cit., p 343.
- 37 Sarbin, T R: HYPNOSIS. A. SOSIAL PSYCHOLOGICAL ANALYSIS OF INFLUENCE COMMUNICATION, 1972, p 18v.
- 38 Lozanov, G: Op. Cit., p 251v.
- 39 Catanis, A C: LEARNING, 1984, p 327. Sien ook Biwer, G H et al: THEORIES OF LEARNING, 1981, p 531v.
- 40 Dixon, N F: SUBLIMAL PERCEPTION, THE NATURE OF A CON-

- TROVERSY, 1971, p 12 en 13.
- 41 Ibid. Die boek handel daaroor.
- 42 Ibid., p 3.
- 43 Ibid., p 13.
- 44 Jung, C G: COLLECTED WORKS, 1977, Volume 18, p 199, paragraaf 452.
- 45 Dixon, N F: Op. Cit., p 170 tot 174.
- 46 Aangehaal deur Jordaan, W L: ALGEMENE SIEKUNDE: 'N PSIGOBIOLOGIESE BENADERING, 1975, p 358.
- 47 Dixon, N F: Op. Cit., p 174.
- 48 Jung, C G: Op. Cit., Volume 10, p 9, paragraaf 9.
- 49 Dixon, N F: Op. Cit., p 53v.
- 50 Smith et al se werk aangehaal deur Jordaan et al: Op. Cit., p 359.
- 51 Veeder, G K: THE INFLUENCE OF SUBLIMINAL SUGGESTION ON THE RESPONSE TO TWO FILMS, 1980.
- 52 Rossi, E: Op. Cit., p 36.
- 53 Dixon, N F: Op Cit., p 105.
- 54 Ibid., p 107.
- 55 Ibid., p 106.
- 56 Jung, C G: Op. Cit., Volume 10, p 249, paragraaf 570.
- 57 Aangehaal deur Bloem, S J P: 'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE INVLOED VAN SUBLIMINALE PRIKKELS BY DIE OORDRAG VAN INLIGTING, 1973, p i.
- 58 Dixon, N F: Op. Cit., p 9.
- 59 Bloem, S J P: Op. Cit.
- 60 Ibid., p 2.
- 61 Sarbin, T R et al: Op. Cit., Hoofstuk 1.
- 62 Ibid., p 8, Sien ook Lozanov, G: Op. Cit., p 116v.
- 63 Jung, C G: Op. Cit., Volume 11, p. 11, paragraaf 15.
- 64 Sarbin, T R et al: Op. Cit., p 77v.
- 65 Ibid., p 99.
- 66 Lozanov, G: Op. Cit., p 164.
- 67 Sarbin, T R et al: Op. Cit., p 87.
- 68 Ibid., p 164.
- 69 Sien p 35 van hierdie studiestuk.
- 70 Sarbin, T R et al: Op. Cit., p 97.
- 71 Du Toit, J M et al: SIELKUNDE, 1970, p 130.

- 72 Freeman, J L et al: *SOSIAL PSYCHOLOGY*, 1974, p 208v.
- 73 Sarbin, T R et al: *Op. Cit.*, p 80.
- 74 Lozanov. G: *Op. Cit.*, p 187v.
- 75 Abbey, M R: *Op. Cit.*, p 31v.
- 76 Lozanov, G: *Op. Cit.*, p 125v.
- 77 Fourie, H P: *COMMUNICATION BY OBJECTIVES*, 1973, p 1.
- 78 Jung, C B: *Op. Cit.*, Volume 10, p 31, paragraaf 53.
- 79 Buck, R: *Op. Cit.*, p 343.
- 80 Izard, C E: *FACIAL EXPRESSION, EMOTION AND MOTIVATION*, in Wolfgang, A (ed): *NONVERBAL BEHAVIOUR, APPLICATIONS AND IMPLICATIONS*, 1979, p 35v. Sien ook Delgado, J M R: *EMOSIONS*, 1973, p 5v. en Frijda N H: *THE EMOSIONS*, 1986, p 109v.
- 81 Jung, C G: *Op. Cit.*, Volume 18, p 249, paragraaf 570.
- 82 Dimbleby, R et al: *Op. Cit.* p 43v.
- 83 Buck, R: *Op. Cit.*, p 349.
- 84 Spielman, L et al: *AUTOMATIC AFFECT*, in die *AMERICAN BEHAVIOUR SCIENTIST*, *Op. Cit.*, p 296 tot 311.
- 85 Pieterse, H J C: *COMMUNICATIVE PREACHING*, 1987, p 4.
- 86 Runia, K: *THE SERMON UNDER ATTACK*, 1983, p 22v.
- 87 Pieterse, H J C: *Op. Cit.*, p 5v.
- 88 Johannes 10:10.
- 89 Pieterse, H J C: *Op. Cit.*, p 21v.
- 90 Martin, R P: *THE WORSHIP OF GOD*, 1982, p 11. Sien ook Jones, C et al: *THE STUDY OF LITURTRY*, 1978, p 13.
- 91 Segler, F M: *CHRISTIAN WORSHIP, ITS THEOLOGY AND PRACTICE*, 1967, p 422 en Hoon, P W: *THE INTEGRITY OF WORSHIP*, 1971, p 130.
- 92 Lehmkuhl, C W: *Op. Cit.*, Hoofstuk 8.
- 93 Bruce, F F: *THE EPISTLE OF PAUL TO THE ROMANS*, 1983, p 209.
- 94 Romeine 10:17.

Hoofstuk 3

- 1 Sien p 11v van hierdie studie.
- 2 Pikunas, J: *HUMAN DEVELOPMENT : AN EMERGENT SCIENCE*, 1976, p 72v.
- 3 Freedman, J L et al: *Op. Cit.*, p 216v.

- 4 Ibid., p 397v.
- 5 O'Dea, T F: THE SOCIOLOGY OF RELIGION, 1966, p 112v.
- 6 Ibid., p 113.
- 7 Theisen, G: PSYCHOLOGICAL ASPECTS OF PAULINE THEOLOGY, 1987, in Engels vertaal deur Galvin, J P, p 18v.
- 8 In sy boek: BATTLE FOR THE MIND: 1957, p 19.
- 9 Ibid., p 31.
- 10 Ibid., Hoofstuk 5.
- 11 Ibid., p 79.
- 12 Ibid., p 20.
- 13 Ibid., p 84v.
- 14 Ibid., p 199.
- 15 Sargant, W: Op. Cit., p 81v.
- 16 Inligting hoofsaaklik ontleen van Theisen, G: Op. Cit.,
- 17 Ibid., p 79.
- 18 Meier, P D: Op. Cit., p 51, asook Theisen, G: Op. Cit., p 5.
- 19 Theisen, G: Op. Cit., p 6.
- 20 Ibid., p. 7 en Meier, P D: Op. Cit., p 53.
- 21 Theisen, G; Op. Cit., p 8.
- 22 Matheson, G: "HYPNOTIC ASPECT OF RELIGIOUS EXPERIENCES" in JOURNAL OF PSYCHOLOGY AND THEOLOGY, 7(1), 1979, p 13v.
- 23 Ibid., p 17.
- 24 Ibid., p 19.
- 25 Ibid., p 20.
- 26 Theisen, G: Op. Cit., p 16.
- 27 Sien p 37v. van hierdie studie.
- 28 Ladd, G E: NEW TESTAMENT THEOLOGY, 1874, p 463.
- 29 Sien p 11 van hierdie studie.
- 30 Ellens, J H: "PSYCHODYNAMICS IN MASS MEDIA SOCIETY", in JOURNAL OF PSYCHOLOGY AND THEOLOGY, 1979, 7(3), p 193.
- 31 Dimpleby, R et al: Op. Cit., p 34 & 35.
- 32 Abbey, M R: Op. Cit., p 34 tot 37.
- 33 Hoon, P W: Op. Cit., p 34.
- 34 Lehmkuhl, C W: Op. Cit., p 62 & 63.
- 35 Ibid., p 83v.

- 36 I Pertrus 4:11.
- 37 Handeling 1:8.
- 38 Sien 5.3., p 78 van hierdie studie.
- 39 Abbey, M R: Op. Cit. p 37v.
- 40 Bevan, E; SYMBOLISM AND BELIEF, 1938, p 10v.
- 41 Markus 12: 1 tot 17 waar die landbouers en 'n muntstuk die nodige illustratiewe inligting gee.
- 42 Hoon, P W: Op. Cit., p 97v.
- 43 Ibid.
- 44 Theisen, G: Op. Cit., p 14.
- 45 Matteus 1: 18 tot 25; Lukas 1: 39 tot 2:20.
- 46 Matteus 6: 9; Johannes 17:1 ensovoorts.
- 47 I Korinthiers 15: 25; Efesiers 4: 7 tot 11; Kolossense 2:15.
- 48 Rudolf Otto aangehaal deur Frazier, A M: ISSUES IN RELIGION, 1975, p 181.
- 49 Ibid., p 187.
- 50 Johannes 7:38.
- 51 I Samuel 12: 7; Jesaja 1: Jesaja 55: 1 tot 7; Amos 4: 12; Matteus 7:13; II Korinthiers 6: 2 ensovoorts.
- 52 Sien ook II Korinthiers 4:18; Matteus 5:16; Johannes 4:35 ensovoorts.
- 53 Blackwood, A W: PREACHING FROM THE BIBLE, 1941 en 1969, p 199.
- 54 Broadus, J A: ON THE PREPARATION AND DELIVERY OF SERMONS, 1944 deur Weatherspoon verwerk, p 279.
- 55 Adams, J E: STUDIES IN PREACHING, Volume 3, THE HOMILETIC INNOVATIONS OF ANDREW W BLACKWOOD, 1977, p 122v.
- 56 Adams, J E: PREACHING WITH PURPOSE, 1982, p 86.
- 57 Adams, J E: SENSE APPEAL IN THE SERMONS OF CHARLES HADDON SPURGEON, in die reeks "STUDIES IN PREACHING", Volume 1.
- 58 Ibid., p 12.
- 59 Ibid., p 13.
- 60 Ibid., p 20.
- 61 Ibid., p 23.
- 62 Ibid., p 25.

- 63 Sien p 44. asook Jung, C: Op. Cit., Volume 18, p 249, paragraaf 570.
- 64 Delgado, J: Op. Cit., p 5v.
- 65 Frijda, N H: Op. Cit., p 109.
- 66 Sien p 44 van hierdie studie.
- 67 Bower, P C: Redaksionele inleiding tot REFORMED LITURGY AND MUSIC, Volume 21, Nommer 1, Winter 1987, p 2.
- 68 White, S J: SHAPING THE VOCABULARY OF CHRISTIAN RITUAL, in Ibid., p 3.
- 69 Die siening van Xavier Seubert in 'n artikel: "Weaving a pattern of excess: The essence of ritual, WORSHIP, volume 63, Nommer 6, November 1989, 940v.
- 70 Ibid., p 4.
- 71 Hoon, P W: Op. Cit., p 318v.
- 72 Dickinson, E: MUSIC IN THE HISTORY OF THE WESTERN CHURCH, Charles Scribner & Sons, 1902, p 45.
- 73 Hooper W L: CHURCH MUSIC IN TRANSMISSION, Broadman Press, 1963. p 1v.
- 74 I Kronieke 16: 4 tot 6.
- 75 Segler, F M: Op. Cit., p 92.
- 76 Mattheus 26: 26 tot 30.
- 77 Efesiers 5:19, Kolossense 3:16.
- 78 Segler, F M: Op. Cit., p 93v.
- 79 Aangehaal deur Segler, F M: Op. Cit., p 94.
- 80 Strunk, O: SOURCE READING IN MUSIC HISTORY, 1950, W W Norton & Co., p 59.
- 81 Wyton, A: A THEOLOGY OF MUSIC IN WORSHIP in REFORMED LITURGY AND MUSIC, Volume 23, Nommer 2 Spring, 2989, p 59. Sien ook Flynn, W T: MUSIC AS WORSHIP, AND IN WORSHIP, Ibid., p 62,
- 82 Ibid.
- 83 Flynn, W T: MUSIC AS WORSHIP, AND IN WORSHIP, in Ibid., p 61.
- 84 .Flynn, W T: Ibid.
- 85 Segler, F M: Op. Cit., p 99.
- 86 Sargant, W: Op. Cit., p 92.
- 87 Stauffer, S A: THEOLOGY AND WORSHIP SPACE: SOME REFLECTION I REMORMED LITURGY AND MUSIC, Volume 22,

- Nommer 2, Spring, 1989, p 64. Sien ook Peter C Bower se redaksionele opmerking in Ibid., p 58.
- 88 White, J F: LITURGICAL SPACE FORMS FAITH in Ibid., p 59.
- 89 Stauffer, S A: OP. Cit., p 61.
- 90 Abbey, M R: Op. Cit., p 35.
- 91 Meier, P D et al: Op, Cit., p 67.
- 92 Fourie, H P: COMMUNICATION BY OBJECTIVES, 1975, p 2.
- 93 Sien p 44 van hierdie studie.
- 94 Sien p 38v. van hierdie studie.
- 95 Sien p 39v van hierdie studie.
- 96 Sien p 40 van hierdie studie.
- 97 Kenny, D A en Malloy, T E in hulle artikel PARTNER EFFECTS IN SOSIAL INTERACTION, in JOURNAL OF NONVERBAL BEHAVIOUR, 12(2), Spring 1988, p 34 tot 57.
- 98 Sien p 38 van hierdie studie.
- 99 Sien p 40v van hierdie studie.
- 100 Manusov en Rodriquez in hulle artikel INTENTIONALITY BEHIND NONVERBAL MESSAGES: A PERCEIVER' PERSPECTIVE, in JOURNAL OF NONVERBAL BEHAVIOUR, 13(1), Spring 1989, p 21.
- 101 Ibid.
- 102 Johannes 16: 7 tot 11.
- 103 Johannes 3:5; Romeine 8: 9 tot 16.
- 104 Guthrie, D: THE NEW TESTAMENT THEOLOGY, 1981, p 610v. en p 620v.
- 105 Johannes 6: 44 en 65.
- 106 II Korinthiers 5:18 en 19.
- 107 II Korinthiers 5:17.
- 108 Romeine 20: 14 tot 17. Sien Bruce, F F: TYNDALE NEW TESTAMENT COMMENTARIES - ROMANS, 1983, p 205v.
- 109 I Korinthiers 1: 21 tot 24.
- 110 Bultmann, R: THEOLOGY OF THE NEW TESTAMENT, Volume 1, 1952, p 192.
- 111 Ladd, G E: A THEOLOGY OF THE JEW TESTAMENT, 1974, p 464.
- 112 Ladd, G E: Op. Cit., p 463.
- 113 I Petrus 4: 11 veral in die woorde van die 1983 verta-

ling van die Afrikaanse Bybel.

- 114 Runia, K: "BARTH'S VIEW OF PREACHING" in VOX REFORMAT A, Nr. 33, 1979, p 13.
- 115 Segler, F M: CHRISTIAN WORSHIP- IT'S THEOLOGY AND PRACTICE, 1967, p 8.
- 116 Bailey, R W NEW WAYS IN CHRISTIAN WORSHIP, 1981, p 17.
Sien ook Barnard, A C: DIE EREDIENS, 1981, p 416v.
- 117 Von Allmen, J-J: WORSHIP ITS THEOLOGY AND PRACTICE, 1965, p 33.
- 118 Hoon, P W: Op. Cit., p 215.
- 119 Lehmkuhl, C W: Op. Cit., p 62v.
- 120, F M: Op. Cit., p 9.

Deel I

- 1 Sien p 16v. van hierdie studie.

Hoofstuk 4

- 1 Sien E1 van die voorgestelde kommunikasie model p 73v. van hierdie studie.
- 2 Sien p 78 van hierdie studie.

Hoofstuk 5

- 1 Sien p 68 van hierdie studie.
- 2 Sien 14.1. in tabel, p 130 van hierdie studie.
- 3 Sien waarnemers se verslag ten opsigte van die Gereformeerde tradisie, p 169 van hierdie studie.
- 4 Sien 14.3. in tabel, p 130 van hierdie studie.
- 5 Sien 14.5. in tabel, p 130 van hierdie studie.
- 6 Sien 14.4. in tabel, p 130 van hierdie studie.
- 7 Sien 14.3. in tabel, p 130 van hierdie studie.
- 8 Ibid.
- 9 Sien 14.5. in tabel, p 130 van hierdie studie.
- 10 Sien (a) p 36 van hierdie studie.
- 11 Sien (b) p 38 van hierdie studie.
- 12 Sien (a) p 42 van hierdie studie.
- 13 Sien (c) p 39 van hierdie studie.
- 14 Sien (c) p 44 van hierdie studie.
- 15 Sien 4.5. p 160 van hierdie studie.

- 16 Sien (e) p 41 van hierdie studie.
- 17 Sien (b) p 44 van hierdie studie.
- 18 Sien p 41 van hierdie studie.
- 19 Sien 4. p 57 van hierdie studie.
- 20 Sien 7. p 81v. van hierdie studie.

Hoofstuk 6

- 1 Sien p 10 van hierdie studie.
- 2 Sien 5.1. p 165 van hierdie studie.
- 3 Sien p 166v. van hierdie studie.
- 4 Sien 5.3. p 167 van hierdie studie.
- 5 Sien p 176 van hierdie studie.
- 6 Sien 5.5. p 174v. van hierdie studie.
- 7 Sien 7. p 81v. van hierdie studie.
- 8 Sien 4.1.2v. p 59v. van hierdie studie.

oo0oo

BRONNELYS

- 1 Abbey, M R: COMMUNICATION IN PULPIT AND PARISH, 1973, Westminster Press.
- 2 Adams, J E: STUDIES IN PREACHING. SENSE APPEAL IN THE SERMONS OF CHARLES HADDON SPURGEON, vol. 1, 1975, Baker Book House.
- 3 Adams, J E: STUDIES IN PREACHING. THE HOMILETIC INNOVATIONS OF ANDREW W BLACKWOOD, vol. 3, 1977, Presbyterian and Reformed Publishing Company.
- 4 Adams, J E: PREACHING WITH PURPOSE, 1982, Presbyterian and Reformed Publishing Company.
- 5 Bailey, R W: NEW WAYS IN CHRISTIAN WORSHIP, 1981, Broadman Press.
- 6 Barnard, A C: DIE EREDIENS, 1981, NG Kerkboekhandel.
- 7 Bevan, E: SYMBOLISM AND BELIEF, 1962, Fontana Library.
- 8 Biwer, G H: THEORIES OF LEARNING, 1981,
- 9 Blackwood, A W: PREACHING FROM THE BIBLE, 1941, Baker Book House.
- 10 Bloem, S J P: 'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE INVLOED VAN SUBLIMINALE PRIKKELS BY DIE OORDRAG VAN INLIGTING, 1973,
- 11 Broadus, J A: ON THE PREPARATION AND DELIVERY OF SERMONS, hersien deur Weatherspoon, J B, 1926, Harper Brothers.
- 12 Bruce, F F: THE EPISTLE OF PAUL TO THE ROMANS, 1983, Inter-Varsity Press.
- 13 Bultmann, R: THEOLOGY OF THE NEW TESTAMENT, Vol. 1, 1952, SCM Press.
- 14 Catanis, A C: LEARNING, 1984,
- 15 Dickenson, E: MUSIC IN THE HISTORY OF THE WESTERN CHURCH, 1902, Charles Scribner & Sons.
- 16 Delgado, J M R: EMOTIONS, 1973, Wm. C Brown.
- 17 Dimbley, R & Burton G: MORE THAN WORDS, 1985, Methuen.
- 18 Dixon, N F: SUBLIMAL PERCEPTION, THE NATURE OF A CONTROVERSY, 1971,
- 19 Du Toit, J M & Van Der Merwe, A B: SIELKUNDE, 1970, HAUM.

- 20 Fourie, H P: COMMUNICATION BY OBJECTIVES, 1975, McGraw-Hill.
- 21 Frazier, A M: ISSUES IN RELIGION, 1975, D Van Nostrand Company.
- 22 Freedman, J L; Carlsmith, J M & Sears, D O: SOCIAL PSYCHOLOGY, 1974, Prentice-Hall.
- 23 Frijda, N H: THE EMOTIONS, 1986, Cambridge University Press.
- 24 Gouws, L A: PSIGOLOGIESE WOORDEBOEK, 1979,
- 25 Gromacki, R G: THE MODERN TONGUES MOVEMENT, 1972, Presbyterian and Reformed Publishing Co.
- 26 Guthrie, D: NEW TESTAMENT THEOLOGY, 1981, Inter-Varsity Press.
- 27 Heuer N A C: LET MY PEOPLE GO, 1981,
- 28 Heuer N A C: INTERPRETATIVE THEOLOGICAL DYNAMICS, 1979, University of Durban-Westville.
- 29 Hoekema, A A: WHAT ABOUT TONGUE-SPEAKING, 1966, Paternoster.
- 30 Hoon, P W: THE INTEGRITY OF WORSHIP, 1971, Abingdon.
- 31 Hooper, W L: CHURCH MUSIC IN TRANSMISSION, 1963, Broadman Press.
- 32 Jones, C; Wainwright, G & Yarnold, E: THE STUDY OF LITURGY, 1978, SPCK.
- 33 Jordaan, W J, Jordaan, J J & Nieuwoudt, J M: ALGEMENE SIELKUNDE: 'N PSIGOBIOLOGIESE BENADERING, 1975, McGraw-Hill.
- 34 Jung, C G: COLLECTED WORKS OF C G JUNG,
- 35 Knapp, M L: NONVERBAL COMMUNICATION IN HUMAN INTERACTION, 1978
- 36 Ladd, G E: THEOLOGY OF THE NEW TESTAMENT, 1974, Eerdmans Publishing Company.
- 37 Lehmkuhl, C W: PREDIKING AS LITURGIESE GEBEURE, 1986, Ongepubliseerde M. Theol.-verhandeling by die Universiteit van Durban-Westville ingehandig.
- 38 Lozanov, G: SUGGESTOLOGY AND OUTLINES OF SUGGESTOPEDY, 1978, Gordon and Breach.
- 39 Martin, R P: THE WORSHIP OF GOD, 1982, Eerdmans Publishing Company.

- 40 Maxwell, W D: AN OUTLINE OF CHRISTIAN WORSHIP, 1936, Oxford University Press.
- 41 Meier, P D; Minirth, F B & Wichern, F: INTRODUCTION TO PSYCHOLOGY AND COUNSELING, 1982, Baker-Book House.
- 42 O'Dea, T F: THE SOCIOLOGY OF RELIGION, 1966, Prentice Hall.
- 43 Pieterse H J C: SKRIFVERSTAAN EN PREDIKING, 1979, NG Kerkboekhandel.
- 44 Pieterse H J C: COMMUNICATIVE PREACHING, 1987, University of South Africa.
- 45 Pikunas, J: HUMAN DEVELOPMENT, AN EMERGENT SCIENCE, 1976, McGraw-Hill.
- 46 Renwick A M: THE STORY OF THE CHURCH, 1973, Inter-Varsity Press.
- 47 Runia, K: THE SERMON UNDER ATTACK, 1983, Paternoster Press.
- 48 Sarbin, T R & Coe, W C: HYPNOSIS. A SOCIAL PSYCHOLOGICAL ANALYSIS OF INFLUENCE COMMUNICATION, 1972, Holt, Rinehapt and Winston.
- 49 Sargant, W: BATTLE FOR THE MIND, 1957, Pan Books.
- 50 Segler, F M: CHRISTIAN WORSHIP, ITS THEOLOGY AND PRACTICE, 1967, Broadman Press.
- 51 Sherril, J L: THEY SPEAK WITH OTHER TONGUES, 1969, Hodder & Stoughton.
- 52 Strunk, O: SOURCE READING IN MUSIC HISTORY, 1950, W W Norton & Company.
- 53 Theisen, G: PSYCHOLOGICAL ASPECTS OF PAULINE THEOLOGY, vertaal deur Galvin, P, 1987, Fortress Press.
- 54 Veeder, G K: THE INFLUENCE OF SUBLIMINAL SUGGESTION ON THE RESPONSE TO TWO FILMS, 1980,
- 55 Von Allmen, J-J: WORSHIP ITS THEOLOGY AND PRACTICE, 1965, Lutterworth Press.
- 56 Weitzenhoffer, A M: HYPNOTISM, AN OBJECTIVE STUDY IN SUGGESTIBILITY, 1953, John Wiley & Sons.
- 57 White, J F: CHRISTIAN WORSHIP IN TRANSITION, 1976, Abingdon.
- 58 Wolfgang, A (Ed): NONVERBAL BEHAVIOR, APPLICATIONS AND IMPLICATIONS, 1979,

- * Bower, P C: Redaksionele inleidende artikel tot "REFORMED LITURGY AND MUSIC", Vol. 21, Nr. 1 1987.
- * Buck, R: "NONVERBAL COMMUNICATION" in die Januarie/ Februarie 1988 uitgawe van die "AMERICAN BEHAVIORAL SCIENTIST", Vol. 31, Nr. 3.
- * Ellens, J H: "PSYCHODYNAMICS IN MASS MEDIA SOCIETY" in die "JOURNAL OF PSYCHOLOGY AND THEOLOGY", 7(3), 1979.
- * Flynn, W T: "MUSIC AS WORSHIP, AND IN WORSHIP" in "REFORMED LITURGY AND MUSIC", Vol. 23, Nr. 2, 1989.
- * Kenny, D A & Malloy, T E: "PARTNER EFFECTS IN SOCIAL INTERACTION", in "JOURNAL OF NONVERBAL BEHAVIOR", 12(2), 1988.
- * Matheson, G: "HYPNOTIC ASPECT OF RELIGIOUS EXPERIENCES" in die "JOURNAL OF PSYCHOLOGY AND THEOLOGY", 7(1), 1979.
- * Manusov, V & Rodriguez, J S: "INTENTIONALITY BEHIND NONVERBAL MESSAGES: A PERCIEVER'S PERSPECTIVE", in "JOURNAL OF NONVERBAL BEHAVIOR", 13(1), 1989.
- * Rossi, E: "THE CEREBRAL HEMISPHERE IN ANALYTIC PSYCHOLOGY" in die "JOURNAL OF ANALYTICAL PSYCHOLOGY".
- * Runia, K: "BARTH'S VIEW OF PREACHING" in "VOX REFORMATATA", Nr. 33, 1979.
- * Seubert, X: "WEAVING A PATTERN OF ECCESS: THE ESSENCE OF RITUAL", in "WORSHIP", Vol. 63, Nr. 6, November 1989.
- * Spielman, L: "AUTOMATIC AFFECT" in die Januarie/ Februarie 1988 uitgawe van die "AMERICAN BEHAVIORAL SCIENTIST", Vol. 31, Nr. 3.
- * Stauffer, S A: "THEOLOGY AND WORSHIP SPACE: SOME REFLECTION" in "REFORMED LITURGY AND MUSIC", Vol. 22, Nr. 2, 1989.
- * White, S J: "LITURGICAL SPACE FORMS FAITH" in

"REFORMED LITURGY AND MUSIC", Vol. 22, Nr. 2, 1989.

- * White, S J: "SHAPING THE VOCABULARY OF CHRIRTIAN RITUAL" in "REFORMED LITURGY AND MUSIC", Vol. 21, Nr. 1, 1987.
- * Wyton, A: "A THEOLOGY OF MUSIC IN WORSHIP" in "REFORMED LITURGY AND MUSIC", Vol. 23, Nr. 2, 1989.

oo0oo